# HOOFSTUK 4. TEKSANALISE: "GERUGTE VAN REëN","'n DROë WIT SEISOEN"

## 4.1 Inleiding

Gerugte van reën en 'n Droë wit seisoen stu nog meer intens as Kennis van die aand voort op die uitgangspunt dat die skrywer woord=kunstenaar asook moontlike skepper of medeskepper van 'n nuwe samelewing is. Josef Malan was nog hoofsaaklik die 'prooi' van 'n vyandige bestel terwyl in laasgenoemde twee werke die profetiese aanvoeling van 'n katastrofe steeds dringender spreek. Die duidelik-herkenbare credo van die werke is dat die skrywer verslag moet lewer en die aandag moet vestig op die ongereg=tighede van die huidige Suid-Afrikaanse bestel. Die eksplisiete didakties-moraliserende en politiese boodskap is dat skrywer en leser hom moet verset teen heersende wanpraktyke. Brink se voorstelling van die politieke probleme van Suid-Afrika kan vir sommige lesers uitdagend van aard wees terwyl ander weer sy standpunt kan huldig. Sodoende ontstaan daar 'n baie aktiewe wisselwerking tussen die roman en die samelewing waaruit dit ontstaan het. Wat weer eens duidelik tot elke leser móét spreek is die feit dat Blank nogmaals 'skuldig' en Nie-blank 'onskuldig' is.

Die romanwerklikheid word in 'n werklik historiese ruimte - Suid-Afrika van die sewentigerjare - gesitueer. Die leser kan nie anders as om Droë wit Seisoen te lees met die gebeure rondom Steve Biko in gedagte nie. Met verskeie slim truuks slaag die outeur tog daarin om wel 'n onbetwisbare, outonome romanwerklik=heid te skep. Die mees opvallende truuk is die feit dat die onskuldige swart slagoffer hier 'n doodgewone mens is. Hy is a-polities en verstaan niks van *"dinge soos die ANC en Black Power nie dit was inteendeel dinge wat hom bang gemaak het"* (Seisoen, p.28). Soos in Kennis van die aand word die tirannie van die veilig=heidspolisie weer opgerakel met dié verskil dat in 'n Droë wit seisoen Swartes sowel as die bekeerde Witte gevangenes in 'n

web word. In Gerugte van reën is Bernard Franken gemodelleer op Bram Fischer. Hul voorletters is byvoorbeeld dieselfde en sy hoftoespraak vertoon paralelle met Fischer s'n. Verdere huidige historiese gegewe kry mens o.a. in die Soweto-onluste in 'n Droë wit seisoen (pp.28,29), sowel as die mynopstande (p.31-36) en Louis se nagmerrie-ervaringe in Angola (p.209-213) in Gerugte van reën.

Een van die struktuurelemente in beide werke is weer eens 'n 'ongeoorloofde' liefdesverhouding. In Gerugte van reën is dit die verhouding tussen Martin Mynhardt, draer van al die negatiewe trekke van sy samelewing - in besonder die ondeugde van die Afrikaner -, en Bea, sy teenvoeter, wat staan vir alles wat hy afkeur. In 'n Droë wit seisoen is die uitgangspunt by Ben du Toit die 'deugde' van die Afrikaner. So word geleidelik na 'n totaalbeeld gestreef. Ben se morele betrokkenheid by 'n onge= regtigheid wat hom in die samelewing voltrek het, gaan gaande= weg al hoe meer gepaard met 'n immorele wegbreek van die orde waarvoor sy hele bestaan tot in daardie stadium gestaan het. Melanie Bruwer is een van die belangrikste medewerkers om hierdie staat van 'vryheid' by die goeie allemansvried te bewerkstellig. Tipies van Brink, word die karakter van Josef Malan herhaal in Ben du Toit in dié opsig dat Ben ook 'n parallel toon met die lydende Christusfiguur want hy neem die laste van die lydende op hom. Verder relativeer hy die Afrikaner-Christen (dink bv. aan sy skoonpa) en stel hom aan die kaak soos wat ook die geval met Josef is: *"Ek is 'n bruinman, meneer Joubert. Jy verwag tog nie ek moet jou God glo nie"* (Kennis, p.16).

Martin Mynhardt in Gerugte van reën word 'n verder uitbouing van die sakeman, Willem, in Kennis van die aand maar hy herinner ook aan die Ambassadeur uit die werk van die Sestigerfase.

Die wesenlike beswaar teen albei werke moet gesien word in die lig daarvan dat die betrokke werk 'n standpunt wil tuisbring en 'n emosionele effek wil bewerkstellig. In die proses mag

die skrywer 'waarhede' gebruik. Wanneer die leser egter agter=kom dat daar opsigtelike manipulasie deur die skrywer plaasvind om by hom die gewenste effek te verkry, mag hy hom negatief teenoor die werk opstel, volgens Ronél Johl (1979:6 ).

## 4.2 Die woordgestalte van die vrouepersonasies

### 4.2.1 Die perspektief

In Gerugte van reën het Brink weer eens die ek-verteller gekies wat ten spyte van homself bieg wat hy liewers dig sal hou: *"Waarom skryf ek al meer wat ek sou verkies om te verswyg?"* (p.237). Wanneer hy, dikwels, te emosioneel raak, onthul hy sy skelm=streke sonder enige blyke van skuldgevoel. So ontbloot hy homself en stel die leser doelbewus in staat om hom in al sy veragtelikheid te sien. Egosentries en selfvoldaan regverdig hy egter telkens sy eie handelinge. Hy laat vrou, seun, moeder, vriend, familieplaas en laastens ook sy minnares in die steek. Wanneer hy oor die radio hoor dat sy in hegtenis geneem is ingevolge die veiligheidswetgewing, reageer hy as volg: *"Maar oor Bea is dit voldonge. Sy het gekies. En wat dit my ook al kos, ek sal haar keuse moet respekteer. Ek kan nie ingryp nie, ek kan nie meer help nie. Ek mág ook nie. As dit bekend moes word dat ek op watter wyse ook al met haar verbind was, is my posisie bedreig"* (Gerugte, p.309). Geen leser sal die dubbelslagtigheid van die verteller kan miskyk nie. Aan die een kant is daar Martin se kroniek soos wat Kennis van die aand Josef se kroniek is - 'n poging tot heroriëntasie, interpretasie van die verlede, 'n terapie en laastens 'n 'hergeboorte' wat ironies, nooit voltrek word nie, aangesien die verteller na die 'apokaliptiese' naweek en in die hede nog maar steeds op die ou trant aangaan en dieselfde ou oortuigings koester. Maar aan die ander kant is dit ook Brink se roman waarin hy deur die manier waarop Mynhardt na homself en ander kyk, indirek iets oor hóm en sy soort te sê het, (kyk bv. na die behandeling wat die swart oortreder van die polisie ontvang (pp.70-71) en die rasseverhouding (p.79).

Tot in die bloedreënende slot praat en manipuleer die implisiete outeur kliphard agter die steeds letterlik en figuurlike bysiende Mynhardt.

Dat die verteller onbetroubaar is veral omdat hy retrospektief skryf, erken hy dikwels self. Wanneer hy Bea se reaksie probeer beskryf na die sloping van Dullabh's Corner, stel hy dit as volg: *"Sy het iets gesê soos..."* en *"Ek kan natuurlik nie ons dialoog in besonder= hede onthou nie, net die algemene koers. Moet ek maar oefen vir my roman? - ek kan probeer"* (Gerugte, p.14).

Weer eens sal die leser in gedagte moet hou dat Bea tussen die reëls gelees moet word aangesien die verteller in 'n liefdes= verhouding met haar betrokke is en dus noodwendig 'n subjektiewe weergawe van haar sal gee soos wat hý haar ervaar. Tog is die beelding van Bea meer realisties en minder oorgeromantiseerd as wat die geval is met Jessica in Kennis van die aand en ook Melanie in 'n Droë wit seisoen. Die rede hiervoor lê in die karakter van die verteller. Hy wil altyd onbetrokke bly en sover moontlik emosionele betrokkenheid vermy. Hy wil sy 'apartheid' behou en daarom is hy nie in staat om deur te dring tot sy vriend, sy vrou, sy seun en sy minnares nie. Hy verstaan hul optrede nie en as egosentriese chauvinis, lê hy die skuld daarvoor nie aan sy eie deur nie. Reeds heel aan die begin van sy ontboeseminge maak hy die volgende erkentenis betreffende Bea: *"En van al die elemente wat daardie naweek saamgeloop het, bly sy een van die onbegryplikste, die ongrypbaarste"* (p.12). Hoe verontreg voel hy nie elke keer wanneer sy nie met dieselfde entoesiasme reageer op 'n duur en besondere geskenk soos wat hy dit by sy vorige minnaresse gewoond was nie! Toe sy nie na behore reageer op juwele wat hy vir haar uit een van Rio se eksotiese boetieks saamgebring het nie, is sy kommentaar: *"...soos ander kere het ek die indruk gekry dat sy eerder bedruk voel wanneer ek haar iets gee; eienaardig"* (p.305). Die selfgenoegsame egosentris besef nie dat hy in Bea te doen het met 'n intelligente wese en nie met

een van sy dom tikstertjies, wat maar te gewillig is om aan die 'baas' 'n gunsie vir 'n geskenkie te bewys nie. Dit dring nie tot hom deur dat sy nie geskenke wil hê nie, maar vir hóm in die ware sin van die woord.

In 'n Droë wit seisoen probeer die outeur deur sy besondere vertel= wyse 'n literêre alibi vir homself skep. Dit slaag nie, aan= gesien die leser weldra die outeur se stem hoor deurslaan. Op sigself is die perspektief weldeurdag. Die verteller is 'n ou universiteitsvriend van Ben, die hoofpersonasie. Hy bevind hom in 'n skrywersdroogte na jarelange produsering van populêre romanses vir vrouetydskrifte. Aan hom het Ben toe hy vermoed dat sy lewe in gevaar is, al sy dokumentasie toevertrou - die gevaarlikes waarna die veiligheidspolisie soek maar ook intieme aantekeninge oor sy persoonlike lewe. Gefassineer deur die chaos van aantekeninge asook Ben se geheimsinnige dood probeer hy die laaste twee jaar van Ben se lewe weergee: *"Omvattende gebeurtenisse agter klein kriptiese aantekeninge moet ek probeer rekons= trueer, of verbeel, of verdig..."* (p.22). Hy wil hom ook uit 'n onbehae met sy eie skrywerskap losskryf. Stelselmatig vind daar 'n vereenselwiging tussen hom en Ben plaas. Aan die einde, onder die suggestie van gevaar waarin hý nou mag verkeer, ontwikkel hy tot 'n soort opvolger van Ben. Gesien vanuit die leser se hoek, beweeg die verteller saam met die implisiete outeur in Ben se lewe in. Hierdie slim perspektief laat baie speelruimte vir die manipu= lasie deur die implisiete outeur toe.

Veral vanaf die derde hoofstuk is daar 'n vervlegting van die verteller se weergawe en Ben se eie woorde. Opvallend is die feit dat heelwat van die ek-perspektief op Melanie betrekking het. As vrouepersonasie word sy dus weer soos Jessica in Kennis van die Aand en Gerugte van reën gebeeld deur die oë van die man wat haar liefhet. Daarom is die beskrywing van Melanie heeltemal oor= geromantiseerd. In die gedeeltes waar getrag word om die sensi= tiewe ontluiking van die verhouding tussen Ben en Melanie weer te gee, word vasgesteek op die bekende retoriek waarmee Brink telkens

liefdesverhoudinge en vroue se fisiese voorkoms beskryf: *"Toe ek eenkeer opkyk, toe staan sy eenvoudig daar. Klein, skraal, soos 'n halfwas meisietjie met net die skaars swelsel van borsies onder die T-hempie"* (p.157). Byna komies, komende van die waardige Ben! 'n Mens kry dan iets soos die verspotte situasie - teen die bedoeling van die werk in - van 'n oupa Ben wat, soms in blyk= baar sy eie woorde, in romantiese tydskrifstyl verlief gemaak word.

Die beskrywing van die eenmalige liefdeservaring strook byvoor= beeld glad nie met die karakter van Ben nie maar is heeltemal in lyn met die filosofiese konteks van die eksistensiefilosofie van waaruit die outeur skryf. Dit herinner ook sterk aan liefdesepisodes uit ander werke. Anita Lindenberg (1982:695) stel dit as volg: *"Dat 'n skroomvallige karakter soos Ben in 'n enkele intense moment tot so 'n volledige, byna voyeuristiese bestudering geneig sou wees, is buitendien hoogs twyfelagtig. Die benadering is sentimenteel en die toneel neem na verhouding te veel verteltyd in beslag."*

### 4.2.2 Karakterisering volgens die epiese metode

Hoewel reeds op bladsy een na haar verwys word, en sy dwarsdeur die verteller se ontboeseming kort-kort opduik, word daar in werklikheid min verteltyd aan Bea gewy. Die laaste van die vyf afdelings van die werk, Maandag, handel in hoofsaak oor haar, terwyl die leser in die eerste afdeling ook heelwat van haar te wete kom deur terloopse verwysings en opmerkings. Op bladsy een maak die leser reeds deur die epiese metode die afleiding dat Bea die verteller se minnares is wanneer hy praat van 'n *"gesteelde dag of twee ... met Bea"*. Hy erken (p.12) dat hy haar nooit sal kan peil nie en net daarna volg die reeds bekende weergawe van haar uiterlike in detail: *"Maar dit is Bea wat ek hier die onmiddellikste kan oproep. Bea in haar los trui en denimromp, met stewels of sandale; haar kort deurmekaar swart hare en haar smal gesig met die hoë wangbene, met haar smeulende groot oë agter die donker uitglase van 'n sonbril waarmee sy haar effense bysiendheid verskans; reguit neus,*

*breërige mond, sterk ken: hande met lang vingers en kort gebyte naels"* (p.12). Die beskrywing van haar voorkoms word gevolg met 'n kort en kragtige karakteropsomming wat eintlik die hele Bea beeld en eienskappe toelig waarop later deur die dramatiese metode en weergawe van haar optrede uitgebrei sal word: *"Bea die hartstogtelike. Sy sou 'n Simionese leër kon gelei het, het ek voor die naweek al gedink; sy sou skares op barrikades kon aangespoor het of bomme in Belfast gegooi hèt - ás sy 'n saak kon vind waaraan sy onvoorwaardelik kon glo. Maar daarby doodgewoon te intelligent om enigiets so te verabsoluteer dat sy haar heelhartig daar kón inwerp. Verwoed, opstandig, kompromisloos, en - seker verlore"* (Gerugte, p.12).

Hier lig Martin twee verdere belangrike eienskappe van Bea uit: haar onafhanklikheid en haar manier om gedurig kommentaar op sy handelswyse te lewer en om hom en die Afrikaners te kritiseer. Laasgenoemde is seker wat die outeur aanbetref, die belangrikste doel met Bea: om Martin en dit waarvoor hy staan (die Afrikaner) te kritiseer en te ontmasker: *"Julle Afrikaners.*[27] *Hoeveel keer moes ek dit nie aanhoor nie? Partykeer geïrriteer, anders skouerophalend: Sy't baie dinge so berekend en moedswillig gedoen"* (p.12). Laasgenoemde opmerking staaf die stelling hierbo (2.1) dat Bea meer objektief deur die verteller aangebied word as Jessica en Melanie.

Die leser word ingelig dat Bea haar eie wil en neuroses het en dat sy die hartstogtelikste vrou is wat hy nog geken het, hoewel sy meesal probeer om die hartstog te beheer aangesien sy altyd beheer oor 'n situasie wil behou (Gerugte, p.13). Dan volg verwysings na enkele kere wat sy haar hartstogte vrye teuels gegee het soos hul eerste nag en die dag by die gat wat Dullabh's Corner was. Daar word ook verwys na hul naweek op Ponta do Ouro en Bea se dringende versoek om hom te sien vóór die belangrike naweek. Ook haar agtergrond word in die Memo deeglik uiteengesit. Verder word volstaan met terloopse verwysings na Bea, soos: *"Ek het baie werk gehad en wou nog by Bea ook aanry, maar ek het*

---

27) A.P. Brink se beklemtoning.

*geweet dit help nie om Theo aan te jaag nie"* (Gerugte, p.235). Dus word daar 'n vlugtige maar tog deelike oorsig oor die karakter van Bea en gebeure en situasies wat rondom haar sentreer, in die eerste afdeling Memo gegee waarop dan veral by wyse van die dramatiese metode in die laaste afdeling, Maandag, uitgebrei word. Tog is daar in die laaste afdeling ook verwysings na haar by wyse van die epiese metode. So word die belangrike eksistensialisties georïenteerde trek byvoorbeeld uitgelig: *"Die vreemde dwang in haar om aan te hou studeer. Op soek na iets wat onvindbaar was omdat dit nie eens gedefinieer kon word nie"* (Gerugte, p.283). Daar moet egter op gewys word dat ook ander belangrike personasies en sentrale gebeure reeds in die eerste afdeling besondere aandag kry. Bea is dus nie die uitsondering nie.

Wat Melanie Bruwer in 'n Droë wit seisoen aanbetref, word sy vir die eerste keer in hoofstuk vyf van afdeling twee genoem (p.92): *"Sy het hom op die tweede dag van die ondersoek op die trappies buitekant die hofgebou ingewag toe hulle die middag verdaag "*, en dan volg vanselfsprekend die deeglike beskrywing van die uiterlike: *"die petite donker meisie met die lang swart hare en die groot swart oë..."* Dit is 'n welkome afwisseling: die hare wat nie 'deurmekaar' is nie, soos dit tot dusver die geval met bykans al Brink se figure was (vergelyk Marie van Lobola): *"Verskoon my, maar het u nie dalk 'n meisie met sulke half deurmekaar ligte hare raakgeloop nie?"* en Bea op p.12 van Gerugte van reën: *"... haar kort deurmekaar hare en haar smal gesig..."* ). Melanie word verder beskryf as iemand met 'n *"Jeugdigheid"*, 'n *"oopheid"* en 'n *"varsheid"* (p.92) en as *"ryp en sonder illusie"* (p.64).

Deur die epiese metode word die leser verder nie veel meer wys omtrent Melanie nie. Dit is uit haar dialoog wat haar karakter hoofsaaklik kulmineer. Wanneer die verteller epies met Melanie besig is, is dit dikwels in die eerste persoon en dan verval dit in 'n oordrewe beskrywing van haar fisiese en Ben se seksuele aangetrokkenheid tot haar. Reeds tydens hul eerste ontmoeting

word hy *"sensueel beroer"* wanneer sy *"'n paar krummeltjies wat aan haar klam lippe kleef, in 'n argelose gebaar met die punt van haar tong na binne raps"* (p.96). 'Argelose' is 'n woord wat meermale gebruik word by die epiese beskrywing van Melanie. So word verwys na die *"argelose agteroorswaai van haar hare wat hy al so goed ken"* (Seisoen, p.166). Verder is daar talryke beskrywings van haar uiterlike wat 'n amper woordelikse ooreenstemming toon met beskrywings van die vroueperonasies uit sy ander werke. Vergelyk byvoorbeeld die volgende twee beskrywings: *"Maar langs my het ek haar geweet, haar gesig en hare en die smal klein lyf wat haar huisves, skouers en arms en hande met gevoelige vingers, die klein borste onder die los hemp en die gespanne ronding van haar maag..."* (Seisoen, p.205). En dan uit Kennis van die aand: *"Ek het haar eenvoudig langs my geweet: met die pers kopdoekie om haar donkerblonde hare, haar bruin oë stip en groot na vore en die lyn van haar profiel: klein reguit neus, sagte welwing van die mond, en die koppige ken - ..."* (p.24).

Die feit dat Martin dus 'n meer nugtere beskrywing van Bea gee by wyse van die epiese metode as Ben (of dan soms die verteller namens Ben), rym heeltemal met die persoonlikhede van die onder=skeie manlike personasies. Martin is die een wat ten alle koste 'onbetrokke' wil bly en daarom is hy in staat om Bea meer objektief te sien. Verder is hy 'n 'kenner' van vroue en is so=doende ook meer bevoeg om Bea te peil. Die 'bekeerde' Ben, daar=enteen, se hoofdoel raak om 'betrokke' te wees. Daarom móét hy vir Melanie ook 'betrokke ervaar'. Verder is dit sy eerste en enigste misstappie buite die huwelik en so iets moet intens ervaar word.

4.2.3 Karakterisering volgens die dramatiese metode

Op 'n stadium peins Martin as volg:

*"Het ek regtig dié dinge op die terugreis gedink, of projekteer ek dit nou op die rit terwyl ek hier in my afsondering in die Londonse winter sit en opskryf? Ek weet nie of ek enigiets[28] op daardie reis gedink het nie"* (p.300). Nog een van die vele plekke waar die verteller melding maak van sy eie onbetroubaarheid en 'n bewys dat die leser die aanbieding van die verteller volgens die dramatiese metode in Gerugte van

---

28) A.P. Brink se beklemtoning.

reën ook maar met 'n knippie sout moet neem. Tog kan mens 'n baie duidelike beeld van Bea vorm by wyse van haar dialoog en die weergawe van haar optrede.

Van die werklike manipulerende outeur wat die verteller in die boek, Mynhardt, aan die woord stel, is dit 'n weldeurdagte truuk om Bea se eerste dialoog 'n kritiese kommentaar op die Afrikaner te maak. Dit is tog immers die hoofopset van die werk - om kritiek te lewer op die Afrikaner. Bea, Bernard Franken en dan die 'dom' verteller self is drie van die belang=rikste werktuie in die hand van die outeur om dit te bewerkstel=lig. Wanneer Bea dus vir die eerste keer haar 'mond oopmaak', is dit om die volgende opinie te lug: *"Jy probeer my verniet annekseer. Julle Afrikaners is almal imperialiste. Wil altyd baas wees, tot in die liefde"* (Gerugte, p.12). Haar mees ekstreme uitlating oor die Afrikaner maak sy dié dag toe sy hom gedwing het om haar op Geloftedag na die Voortrekkermonument toe te neem: *"Weet jy, dit is my idee van die hel: presies op skaal van hierdie monument en hier=die fees"* (p.302). So lewer sy dan deurlopende negatiewe kommen=taar op Mynhardt en dit waarvoor hy staan. Op die wyse word terselfdertyd 'n ander belangrike karaktertrek by haar uitgelig, naamlik haar eerlikheid. Sy draai nie doekies om nie: *"Jy wil nie koffie hê nie, jy wil by my slaap"* (p.295). Verder is Martin vir haar geensins onpeilbaar nie; sy sien hom aan vir die *"ver=bete materialis"* (p.296) en die *"male chauvinist"* (p.297) wat hy is. Sy is besonder intelligent en skerpsinnig en gebruik selfkennis: *"Ek het nie illusies oor myself nie. Ek is niemand"* (p.297); Mynhardt som sy as volg op: *"Ek dink jy is baie bang om alleen te wees, Martin"* (p.263). Hul verhouding sien sy so: *"Eendag as alles tussen my en jou verby is, sal iemand anders my weer -"* (p.264). En haar lewensbenadering spreek uit die volgende: *"Mens kan die lewe nie ontken nie, jy kan jou nie vir hom toemaak nie"* (p.267).

Ook te wyte aan haar uitgesprokenheid en openhartigheid kan sy dikwels nie nalaat om die Suid-Afrikaanse politieke bestel te kritiseer nie: *"Wat dink jy van 'n samelewing waar 'n domboek mens*

*se hoogste prioriteit is?"* (p.297). Dan is sy ook die eerste vrouepersonasie van Brink wat opkom vir die vrou se regte. Hierdie eienskap word later breedvoeriger uitgewerk deur die outeur in 'n Oomblik in die wind in die persoon van Elisabeth en dan weer in Houd-den-bek in Hester. Mens kry haar opstandige uitlatings oor die manlike chauvinis maar ook oor Suid-Afrika se politiek: *"Want dis 'n man se land dié. Grootwild, rugby, industrieë, magspolitiek, rassisme. Julle Afrikaners het nie plek vir vroue nie. Al waar ons hoort, is op ons rûe met ons bene oop vir Meneer se in-en-uit"* (p.297).

As bevryde vrou word Bea deur die herhaalde gebruik van krag=woorde gebeeld ('n kenmerk wat glad nie vreemd is aan die ander vrouepersonasies van Brink nie). So gebruik sy telkens die Here se naam: *"My God," sê sy , so stil dat ek haar skaars kan hoor, "omdat ek ook alleen is"* (p.264), *"- my Here wat dink jy van my?"* (p.293) en *"Ag, my God kóm dan nou in my in... "* (p.307).

Bea, as eksistensialisties georïenteerde persoon word duidelik geopenbaar in haar dialoog: *"Nou is ek net teenoor myself verant=woordelik"* (p.284), en *"Dis hoe dit vir my is. Om altyd met 'n blind=doek aan deur 'n leë kamer te loop en my pad te probeer kry tussen dinge wat nie daar is nie"* (p.284) en *"Hoekom probeer mens 'n toekoms vasgryp?"* (p.293) en *"Dis tóg verby. Dit kan nie aanhou nie"* (p.288).

Melanie in 'n Droë wit seisoen word by wyse van die dramatiese metode nie so geskakeerd soos Bea geteken nie. Opvallend om=trent haar optrede is dat sy meesal, wat die verhouding tussen haar en Ben aanbetref, die leiding neem. Dat sy die dominante figuur is, sal in 'n latere afdeling bespreek word. Dit is byvoorbeeld sy wat 'n ontmoeting met Ben bewerkstellig (Seisoen, p.92) waar dit in Bea en Jessica se geval 'n toevallige ontmoeting met die manlike personasies was.

Sommer met hierdie eerste ontmoeting oorval sy vir Ben met clichés betreffende die leefwyse van die persoon wat leef vol=gens die ideologie van die eksistensialisme, en dis hoofsaaklik

hierop wat sy voortborduur in die res van haar dialoog in die werk. Die eksistensialistiese idee dat 'n mens 'die sprong in die duister' moet kan maak, sit sy as volg uiteen: *"Dis soos daardie rivier in Zaïre waarin ek beland het. Jy moet genoeg geloof hê om anderkant uit te kom, anders bars jy. Ek weet nie eens aldag of mens juis in iets hoef te glo nie. Net die ervaring is al genoeg"* (p.161). Sy deel hom tydens hul eerste gesprek mee dat haar vader haar oorbeskermd grootgemaak het en dat sy toe verder deur haar gewese man op die hande gedra is tot sy op 'n dag besluit het: *"Jy kan so heerlik gekussing lewe dat jy naderhand heeltemal ophou lewe, ophou voel ophou omgee"* (p.104). Sy is toe geskei en het joernalis geword, want: *"Ek het gedink dit sou help om my bloot te stel"* (p.106). Hierdie opstand teen haar agtergrond is op hierdie stadium reeds 'n ou motief by Brink se vrouepersonasies (vgl. Jessica en Beverley in Kennis van die aand).

Op 'n slim wyse lei sy telkens die oningewyde Ben om haar stand=punt in te sien: *"'En vir jou beteken die 'waarheid' dat mens nie meer geregtigheid mag verwag nie?.' / 'Glad nie. Aan geregtigheid sal ek nooit ophou glo nie. Ek het net geleer om dit nie meer op sekere plekke of in sekere situasies te verwag nie.' / 'Wat is dan die sin van 'n bestel as dit nie meer plek het vir geregtigheid nie?' / 'Presies'."* (p.99). So lei sy vir Ben om die sinneloosheid van die Suid-Afrikaanse regstelsel in te sien.

Soos Jessica in Kennis en Bea in Gerugte toon sy 'n sterk betrokkenheid met die land se politieke bestel: *"Hierdie land laat my dit nie toe nie, Ben. Hy maak dit vir mens onmoontlik om privaat te wees en jou gewete te behou"* (p.205). Wanneer Melanie haar wedervaringe aan Ben meedeel nádat sy besluit het om waarlik te lewe, lees mens tussen die reëls dat sy op beplande wyse met Afrika vereenselwig word deurdat sy in Maputo verkrag, in Angola opgesluit en in Zaïre onder skoot (van gewere) gekom het. En Melanie se slotsom ná al die onmens=like ondervindinge: *"Miskien het dit my selfs gehelp. Om los te kom van*

*myself. Om nie so opgesluit te sit in myself nie. Om minder vir myself te vra"* (p.108).

Waar Melanie dus meedoen aan Ben se inlywing in 'n totale nuwe lewensiening en sosiale betrokkenheid, dien Bea as mede-werk=tuig in die totale ontmaskering van Martin.

4.2.4 <u>Karakterisering deur parallelle personasies</u>

In <u>Gerugte van reën</u> vra Martin homself op 'n aand die volgende vraag af betreffende sy vrou Elise: *" Vroeër het ek soms gewonder watter van die pole in haar die oorhand sou kry: die domineesdogter wat in daardie vroeë vyftigerjare, toe so iets minder denkbaar was as nou, doodluiters kaal saam met my geswem het, of die een wat die aand van ons troue gesê het: 'ons moet eers saam bid en die Here se seën op die nag vra'?"* (p.37).

Dit is hierdie: *"meisiekind wat verdwyn het", "daardie lang donkerblonde meisie wat hom granate uit haar hand gevoer het en onbeskaamd kaal by hom was"* (p.62) wat Martin weer teruggevind het in Bea. Bea wat tydens hul gesteelde week in Ponta do Oura *"af en toe op die strand kaal geloop het"* (p.265). Bea toon dus ooreenstemming met die Elise van sy jeugjare. Die jong Elise het in opstand gekom teen haar agtergrond as die dogter van 'n predikant. Sy het teen haar vader se wil daarop gestaan om te gaan verder leer want hy het geglo *"wat wil 'n vroumens nou met geleerdheid doen?"* (p.61). Haar naakswemmery saam met Martin en Bernard is 'n verdere teken van opstand. Bernard wat 'n kenner van vroumense was, het aan die jong Martin gesê: *"Dis 'n wilde kind daardie"* (p.63). Die 'wilde kind' het sonder haar vader se wete gedurende die laaste studiejaar haar nagte in Martin se kamer agter tant Rienie se huis deurgebring: *"Elise was die eerste keer nog maagd, maar 'n maagdelikheid wat haar gekwel het en waarvan sy driftig ontslae wou raak"* (p.162) deur by Martin aan te dring (op 'n spreekwyse wat sterk aan Bea herinner): *"My Here, Martin, vát my dan"* (p.162).

Op indirekte wyse lê daar ook 'n parallel tussen Bea en Reinette Franken. Tydens hul eerste ontmoeting is daar die heel tyd iets bekends omtrent haar wat vir Martin pla totdat sy kom met die volgende gekruide uitlating: *"en ek wil dit nie nóú met oor=haastigheid bedonner nie"* (p.120). Onmiddellik het Martin besef: *"Dit was aan Elise self wat sy my herinner het. Miskien nie soseer die Elise van vandag nie as die uitdagende en positiewe jong vrou van lank gelede"* (p.120).

Daar lê ook 'n sterk ooreenkoms tussen Bea en die moeder van Martin, wat ontwikkel tot 'n kostelike karakter (kyk 2.5.1 en 2.5.2). Dit lê veral in hul uitgesprokenheid, vashou aan 'n oortuiging en die vermoë om Martin in al sy negatiwiteit te peil. Verder lê die ooreenkoms ook daarin dat nie een van die twee hul sonder meer deur Mynhardt laat manipuleer nie.

'n Mens tref 'n goeie voorbeeld van Martin se ma se uitgesproken=heid aan dié dag met die besoek van die Weidemans en die Lawrence'e. Sy stel duidelik haar standpunt toe die gesprek gaan oor die boere in die distrik wat die een na die ander verkoop. Toe Martin die opmerking aan Lawrence maak dat hy hoor hulle het verkoop, reageer sy ma as volg: *"Ja, die ou sleg... En Gert* (Weideman) *net so. Almal hier op 'n ry, die hensoppers"* (p.226).

Sy het haar vaste oortuiginge wat sy kom-wat-wil uitleef. Terwyl sy die Sondag na die kerkdiens oor die radio sit en in=luister, dink Martin: *"Ma met haar geloof so smal en diep en donker soos 'n put, soos 'n boorgat. Die één ding wat haar deur alles in haar lang lewe tot hier gebring het en nog laat aanhou"* (p.218). Wanneer hulle onderbreek word deur die sersant en die konstabel se aankoms, besluit sy: *"Kom sit. Die wêreld kan wag vir die Here"* (p.218). En Bea met haar net so stabiele vasklou aan háár andersoortige geloof - die van die eksistensiefilosofiese: *"Mens moet leer saamleef met alles wat jy weet. En jy moet alles probeer weet"* (p.274).

80
76.



660
6.

Albei hierdie intelligente, selfstandige vroue het Martin lief ten spyte van die feit dat hul dwarsdeur hom en al sy motiewe kan sien: Wanneer sy ma uiteindelik instem tot die verkoop van die plaas en hy haar (skynheilig?) daarvoor bedank, is haar reaksie: *"Jy weet nog jou lewe lank dat jy op álmal kan reken om jou jou sin te gee."* Dan troos sy haarself met: *"Miskien was dit nódig dat ons hele geskiedenis geloop het soos hy geloop het om iemand soos jy voort te bring. Anders sou ons dalk nie kon uitgehou het nie"* (p.260). Wanneer Martin die bewering maak dat hy Bea kén, antwoord sy: *"Nee, jy ken my nie. Jy ken nie eens jouself nie... Dit is die een ding waarvan ek jou juis beskuldig. Jy vlug, jy vlug die hele tyd. Jy wíl nie weet wie jy is nie"* (p.268).

Martin se ma laat haar nie maklik deur hom manipuleer nie. Toe hy haar die eerste keer met die verkoop van die plaas konfronteer en die prys ter sprake kom, kortwiek sy hom met: *"En elke man het sy prys?"* (p.140). Dan handel sy die saak wat haar aanbetref, af met: *"Vergeet nou van die malstorie, Martin, en rus die naweek lekker uit. Ons praat nie weer daaroor nie"* (p.141). Bea deel Martin op 'n dag tot sy hewige ontsteltenis mee dat sy sy vrou ontmoet het - iets wat hy ten alle koste wou vermy: *"Jy wou my uit die belangrikste deel van jou lewe weghou,... Ek móés dit sien. Jy dink jy kan ons apart hou. Maar as jy na my toe kom, bring jy haar saam. En as jy huis toe gaan, neem jy mý saam met jou terug"* (pp.274, 275).

Melanie in <u>'n Droë wit seisoen</u> vind haar dubbelganger, soos Bea, in die jong Susan, Ben se vrou. Self aan die woord, filosofeer Ben as volg omtrent sy vrou: *"Kan verstaan hoe Susan haar knou gekry het. Die onverbiddelike reg-en-verkeerd van kleins af. Ek weet haar eie geaardheid is anders. Maar sy's soos 'n vrugteboom wat in 'n ontydige vroeë lente begin bot het en toe sleg ryp gekry het. Nooit weer heeltemal vry=moedig vrugbaar nie"* (p.173). As jong vrou van vyf en dertig maak sy haarself een aand in 'n onbewaakte oomblik oop teenoor Ben se skrywersvriend en dan klink sy soos 'n eggo van Melanie: *"Oor 'n jaar is ek vyf-en-dertig. En as die Bybel reg is, dan is ek nou*

*halfpad. En wat het ek om daarvoor te wys? Liewe Here. Van kleins af dink mens: Eendag - eendag - eendag*[29]*... Jy hoor van 'die lewe'. Jy praat daarvan. Jy wag daarvoor. En dan? Dan besef jy skielik: Dis nóú daardie eendag. 'Eendag' is elke dag. Dit gaan nooit regtig anders wees nie"* (p.14). En jare later Melanie se woorde aan Ben: *"En skielik besef jy: jou hele lewe lank het jy gesit en wag dat iets wonderliks met jou gaan gebeur, iets spesiaals, iets wat regtig iets sal beteken. Maar al wat gebeur, is dat die tyd verbygaan"* (p.105).

Die jong Susan raak heel eksistensialisties en uitgesproke wanneer sy bieg: *"Weet jy, ek kan verstaan waarom party vroue terroriste word. Of ander hoere. Net om 'n slag gruwelik en gewelddadig te weet jy lewe, jy voel en jy gee g'n hel om of dit behoorlik is of nie "* (p.14). Dan wonder sy verder: *"waarom laat mense toe dat hulle verminder word tot huisdiere? Dink jy nie ek sou ook iets wou doen, iets maak, iets skep nie?"* (p.15).

Ironies, die feit dat die jong Susan kla: *"Al wat ek het, is soos jy gesê het: 'n happy family. Voltyds. Nooit 'n oomblik vir myself nie"* (p.15), terwyl Melanie aan Ben vra: *"Ben, dink jy nie ek sou ook 'n gelukkige huisvroutjie wou wees en kinders hê en my man saans by die voordeur verwelkom as hy van die werk af kom nie?"* (p.205). Twee vroue, dus, met basies dieselfde geaardheid, wat worstel met die dualiteit in hulself en dan uiteindelik verskillende uitweë kies: Susan dié van die vrou gebonde aan reëlmaat en orde, en Melanie dié van die intens-lewende eksistensialis.

Laastens is daar die interessante feit uit te lig dat beide die gebonde vroue in Gerugte van reën en 'n Droë wit seisoen onder andere gebonde is aan die verkeerde man. Bernard Franken was van altyd af Elise se eerste keuse en selfs Martin het dit geweet en meld dit meermale in sy belydenis: *"Elise en Bernard; en bymekaar. Maar wat het ek dan verloor, wat het bruikloos vergaan? Tog nie Elise nie: ek kon nie verloor wat ek nooit gehad het nie"* (Gerugte, pp.87,88). 'n Sekere aanvoeling word in 'n Droë wit seisoen

29) A.P. Brink se beklemtoning.

gesuggereer tussen Susan en Ben se skrywersvriend: *"Daar was iets - 'n spanning, 'n kragveld, 'n elektrisiteit - tussen ons die keer toe ek twee weke by hulle gekuier het"* (p.11). Tydens dieselfde besoek erken sy teenoor die skrywersvriend: *"Dis nie maklik om te aanvaar dat mens met 'n lamsak getroud is nie"* (p.14) en heelwat later in hul getroude lewe sê sy aan Ben: *"Jy't nie die vermoë gehad om my geluk= kig te maak nie, Ben,... Ek hoop nie jy matig jou dit nou aan om te dink jy kan my óngelukkig maak nie"* (p.114).

## 4.2.5 Klassifikasie van personasies

### 4.2.5.1 Sentrale en randpersonasies

Uit die aard van die besondere perspektief van Gerugte van reën word die ek-verteller, Martin Mynhardt, outomaties die sentrale personasie, aangesien al die gebeure in die roman rondom hom afspeel. Al die ander karakters se gesamentlike funksie is om hom te ontmasker in al sy gruwelikheid en om teenoor sy boodskap van 'apartheid' wat hy uitsein, die rol van die 'opstandeling' in te neem.

Of 'n mens kan sê dat Bea 'n groter invloed op Martin se lewe het as Bernard en daarom 'n belangriker rol het ten opsigte van die sentrale karakter, is te betwyfel. Vir hom is beide Bea en Franken belangrik maar tog nie só belangrik dat dit hom weer= hou om ten slotte albei te verraai nie. Hy het mét albei 'n besondere verhouding: as minnares en vriend. Die karakter= trekke wat Bea openbaar, word meesal in Bernard weerspieël. Bernard: *"Maar mens kan nie eensaamheid ophef deur aan iemand anders vas te hou nie. Elke mens ís eenvoudig alleen"* (p.89).

'n Vrouepersonasie wat wél stil-stil deur die loop van die ver= haal haar plek neffens Mynhardt inneem as sentrale personasie, is die ma van Martin. Die outeur se doel met haar kon moontlik wees om weer eens 'n 'tipe' naamlik die verpersoonliking van die

deugde van verantwoordelike paternalisme, te beeld, maar sy besit 'n warmte en besonderse menslikheid wat haar uitsonder bo al die karakters, selfs bo Mynhardt, as mêns in die ware sin van die woord (kyk 2.5.2). Sy is ook nie een van die belang= rikste faktore in Martin se lewe op daardie stadium nie. Vir hom is Bea, Bernard en selfs Charlie meer bepalend. Daar word nie eens 'n afdeling spesifiek aan haar gewy nie hoewel sy die leser dwarsdeur al die gebeure van die naweek deeglik van haar laat kennis neem. Haar rol in die werk wat Martin aanbetref, is die feit dat hy probleme het om haar te oorreed om die familieplaas te verkoop: *"Al die jare was ons wortels hier gewees. En so sal dit bly"* (p.141) en dat Martin, wat geaardhede aanbe= tref, haâr kind is: *"Ek dink ek verstaan jou partykeer beter as wat jy jouself verstaan, Boetie"* (p.260), is haar gevolgtrekking omtrent Martin. En Theo, haar ander kind, wat *"baie meer soos pa is"* kon sy met haar meer *"aggressiewe geaardheid"* nie begryp nie *"net so min as wat sy Pa ooit kon verstaan"* (p.223). Dié suggestie dat Mynhardt sy positiefgebeelde moeder se kind is, neutraliseer in 'n geringe mate die absolute negatiwiteit van sy karakter.

Martin staan wel meer sentraal ten opsigte van gebeure en situasies en die ander karakters in die verhaal. Sy moeder staan egter sentraal in haar verhaal-in-die-kleine wat hom rondom haar afspeel en ook as gevolg van die feit dat sy uitstyg bo die ander randpersonasies wat slegs as tipes fungeer. Fig. 8 toon die spreiding van die sentrale en randpersonasies in Gerugte van reën.

Volgens T.T. Cloete (1979:15) moet Ben in 'n Droë wit seisoen hom van drie konvensies, wat hand aan hand loop in die Suid- Afrikaanse samelewing, vrymaak om die ander mens, die Swartman, te kan begryp. Die drie dinge is: politiese oortuiging, huweliksopvatting en kerkverband. *"Soos Ben ter wille van die sosiaal-politiese vrymaking 'n vriendskap aangaan met Stanley, die swart huurmotorbestuurder, gaan hy t.o.v. die familiebevryding 'n vriendskap aan met die joernaliste Melanie, óók 'n flankeerder. Die drie verhaal=*

FIGUUR 8. SPREIDING VAN SENTRALE EN RANDPERSONASIES IN *"GERUGTE VAN REËN"*



*linies ontwikkel integraal tot hulle elkeen tot sy eie hoogtepunt kom,* *presies in die volgorde van hulle belangrikheid. Ben se sosiaalpolitiese bevryding kom finaal as sy swart vriend Stanley op bl. 214 op Kersdag dronk by Ben se huis opdaag en die huis binnekom waar die familie aansit vir 'n deftige Kersmaal. Die sekondêre linie (die familiale) kom hierná - heeltemal tereg - tot 'n klimaks as Ben geslagtelike gemeenskap het met Melanie (bl.227) en daardeur finaal vry kom van die huwelik".*

Cloete beweer dus dat Stanley 'n belangriker rol as Melanie vertolk om Ben te lei tot 'vrywording'. Aangesien daar reeds in 2.3 daarop gewys is dat Melanie ook 'n invloed het op Ben se sosiaal-politieke vrywording en dat sy hom daartoe lei om die lewensbeskouing van die eksistensiefilosofie ook sýne te maak, wil hierdie studie 'n belangriker rol toeken aan Melanie as randpersonasie as aan Stanley.

Ben is duidelik die enigste sentrale figuur in die werk, terwyl die ander hoofpersonasies almal medewerkers is aan sy 'inlywing'. 'n Figuur wat soos Martin se ma kon ontwikkel tot 'n pragtige 'mens' indien die outeur dit so sou wou, is Ben se seun Johan: die enigste een wat tot aan die einde hom aan sy vader se kant skaar. Melanie en Stanley, daarenteen, bly niks anders as tipes nie: Melanie, die nimfetfiguur, is *"by al die liefderykheid waarmee haar uiterlike beskryf word, volgens bekende Brink-sjabloon nagetrek: nogmaals die onafhanklike, seksueel-bevryde semi-heilige met sosiale gewete wat die (ouer) man insig moet gee in sy dieper self"* (Müller, H.C.T. 1979: 8 ). En Stanley is die geheimsinnige, hartlike Swart reus wat Anita Lindenberg (1979:33) beskryf as *"'n argetipiese motief"* wat wel 'n opregte vriendskap met Ben aangaan maar wat *"nooit regtig kan 'loskom' om volwaardig mens te word nie. Veral aan die begin klink sy dialoog soos gekunstelde gebrabbel uit 'n woordeboek van 'township slang'"*. Fig. 9 toon die spreiding van sentrale en randpersonasies in 'n Droë wit seisoen.

FIGUUR 9. SPREIDING VAN SENTRALE EN RANDPERSONASIES IN "DROË WIT SEISOEN"



4.2.5.2 Ekspressiewe en nie- ekspressiewe personasies

Weer eens, met die ek-perspektief in sy guns, kón Martin Mynhardt 'n volkome ekspressiewe personasie gewees het. Hy is in dié opsig egter nog minder geslaagd as Josef Malan aan= gesien hy nie die lydensfiguur word wat Josef wel word nie. Hy trek, heel geslaagd, 'n parallel tussen hom en Pilatus - 'n verdere aanduiding van onbetrokkenheid: *"Sou dit geargumen= teer kan word dat ek soos Pilatus my hande probeer was? Kan wees"* (p.72). Ook die meer realisties-menslik gebeelde Ben du Toit wat nie ál die clichés van die Afrikaner op sy skouers moet dra soos Mynhardt nie, word geen tragiese held nie maar op sy beste 'n diep-patetiese figuur. Mens kan wat die sentrale manlike karakters aanbetref, volstaan by dié opmerking dat, hoewel nie een van hulle volkome ekspressiewe ronde karakters is nie, Ben beslis dié een is wat die meeste lesers die ekspressiefste sal vind. Min lesers sal nie van die begin af antagonisties teen= oor Mynhardt staan nie. Op die manier bereik die outeur dan sy spesifieke doel: hy stel die Afrikanerleser negatief op teen= oor Martin Mynhardt!

Onder die vrouepersonasies in Gerugte van reën móét die moeder van Martin voorrang geniet bo Bea die struktureel-gefundeerde hoofvrouepersonasie. Dit is waar dat sy die tipiese moederfiguur van 'n dekade of vier gelede verteenwoordig, maar sy raak meer as dit - sy ontwikkel onder die oë van die leser tot 'n volkome geronde 'mens' wat elke leser - met welke lewensbeskouing ook al - as ekspressief moet ervaar. Reeds by die eerste kennis= making ervaar die leser 'n tikkie deemoed met haar. Hy lees dat hierdie *"nugter, praktiese, sterk mens"*, haar seun *"met 'n dringendheid wat haar selfgenoegsame houding loën"* teen haar vasdruk toe sy hom groet en daarna *"met 'n voorskootpunt oor haar oë veeg"* (p.124).

Haar besondersheid is primêr te wyte aan haar kostelike dia= loog en dan ook haar optrede. Dit is dierbaar dat sy vir Martin

deurentyd aanspreek as boetie: *"Vir haar sal ek op sestig nog 'Boetie' wees"* (p.124). Verder is daar talryke uitdrukkings wat haar tipeer, soos: *"Dis ook net 'n koeklappie en twee doilies deesdae"* (p.19), *"dwarsneukgier"* (p.137), *"Skuins teen die grond bedonnerd"* (p.176), *"Jy's vandag sommer persewis, Martin!"* (p.176), *"Van alle bene maak mens nie beenmeel nie"* (p.177), *"Moenounie weer 'n termult maak nie, Martin"* en dan die gedurige *"Kristina! Nog koffie, Kristina"* (p.260) of *"Maak toe die middeldeur, Kristina!"* (p.126). In 2.4 is reeds gewys op haar reguit eerlike manier van opinie uitspreek.

Deur haar optrede word sy gebeeld as nugter, praktiese mens wat haar sterkte put uit 'n diep geloof. Sy blyk ook 'n mens van vaste gewoontes te wees. So glo sy byvoorbeeld aan 'n ordentlike bord boerekos: *" - en skep die borde vol sonder navraag oor wens of wil van ander. Patats, braaiaartappels, rys, gestoofde perskes, groente; "* (p.126). Dan was daar haar môregesang: *"Toe Martin die Saterdagoggend op die plaas wakkerword, het hy Ma se stem sterk en vals in die eetkamer die môregesang hoor sing soos sy al die jare bly doen het, selfs wanneer sy stokallenig was"* (p.136). Die Sondag sit sy oor die radio na die kerkdiens en inluister met *"haar hare styf en nuut gevleg"*, 'n kerkrok aan, *"donkerblou met 'n sober wit patroontjie, en haar swart hoed op"* (p.217). Sy openbaar realistiese mense= verhoudings ten opsigte van die Swartes op die plaas. Sy toon 'n besondere insig in hul gewoontes en gebruike, laat haarself geld as die 'baas' maar tree nogtans simpatiek en medemenslik op in gevalle van nood soos wat die versorging van die siek kind van die voorman en die kliniek op Saterdagoggende van ge= tuig. Die verhouding met haar skoondogter, Elise, is minder geslaagd *"soos te verwagte is wanneer twee vroue met sterk persoonlik= hede in 'n situasie beland waar hulle wedywer om 'n man"* (p.169) en om= dat *"Ma 'n manier gehad het om heeltemal oor te neem as sy die kans kry"* (p.170) sowel as die feit dat Martin vermoed dat sy *"doodgewoon jaloers was omdat Elise Pa soveel beter verstaan het as syself"* (p.171).

Seker die mooiste verhouding wat sy gehad het, was dié met haar *"liewe, onpraktiese"* man. *"Sy was altyd sterker, sekerder,*

*positiewer as hy; maar sy het geweet hoe om ágter hom te bly staan en hom nooit te ontstel deur self openlik die teuels oor te neem nie"* (p.136). Selfs ná sy dood pleeg sy nog nie verraad nie: *"Maar mense het hulle maklik met hom misreken,... Hy't meer in hom gehad as wat jy so met die kyk kon sien"* (p.184). So wy sy uit tydens 'n gesprek tussen haar en Martin oor sy oorlede vader.

Treffend is die wyse waarop sy ná haar man se dood gefloreer het: *"En toe ek my kom kry, gewaar ek dat die alleenlewe vir haar onmis=baar geword het"* (p.137).

Wat die leser seker die intensste saam met haar beleef, is hierdie sterk, trotse vrou se geleidelike verbrokkeling en oor=gawe aan die onvermydelike: die instem tot die verkoop van die plaas. Na die moord deur die plaasvoorman, Mandisi, op sy vrou en sy inhegtenisname, gevolg deur die Sondagmiddagbesoekers se vurige gesprek oor die verkoop van plase in die omgewing, het sy dié middag na ete 'n rukkie gaan lê. Dit was 'n handeling so *"vreemd aan haar aktiewe geaardheid"* dat Martin besef het dat sy *"dieper ontsteld moet wees"* as wat hy gedink het (p.232). Die aand het sy ten spyte van die middagslapie, *"vermoeid gelyk en haar sterk skouers het effens gehang"* (p.252). Dat die ou dame nie heeltemal ingebreek is nie,besef mens met verligting wanneer jy by nabaat terugdink aan 'n telefoongesprek tussen Martin en Elise in die afdeling: Memo :

*"'Is ma weer moeilik?'*

*'Soos jy kan verwag. Sy bedoel daar niks by nie, Maar sy wil net alles uit my hande neem en ek kan dit nie verdra nie. Sy's te selfstandig om in iemand anders se huis te aard'"* (p.18).

Wanneer mens 'n vergelyking sou tref tussen Bea van Gerugte van reën, Melanie van 'n Droë wit seisoen en Jessica van Kennis van die aand, wil dié studie die bewering maak dat Bea die ekspres=siefste en 'rondste' van die drie is. Dit maak haar, literêr gesproke, nog geen werklike totale 'mens' nie. Sy is maar weer

eens die tipiese vrouepersonasie van Brink die selfbevryde, selfstandige, soekende, intens-lewende, sosiaal-betrokke en seksueel-losbandige - dus 'n tipe. Die beeld wat mens van haar kry, is egter te wyte aan die ek-verteller se 'onbetrokkenheid' meer objektief en uitgebreid en nie so absoluut deurdrenk van soetsappighede nie. Die leser kan met ander woorde met minder inspanning sy eie opinie omtrent Bea vorm, terwyl hy wat Melanie aanbetref, agter die blinde oë van die verspotte verliefde man die werklike Melanie moet ontdek. So spreek Martin byvoor=beeld sy opinie omtrent Bea se kaallopery op die strand by Ponta do Ouro onomwonde uit: *"Bowendien staan die idee van 'n naaklopery as sodanig my nie aan nie. Ek het haar optrede effens onbehoor=lik gevind, maar ek wou niks daaroor sê nie"* (Gerugte, p.265). Hier het 'n mens te doen met 'n heeltemal objektiewe opinie. Dan toon die verteller verder dat hy ook 'n mate van insig in haar optrede gehad het, wanneer hy voortgaan: *"Dit sou haar waarskynlik uit die veld geslaan of geërger het* (as hy sy opinie sou uitspreek). *Sy was nie die soort mens wat vertonerig was omtrent haar liggaam nie: en as sy 'n paar keer sonder klere rondgeloop het, was dit eenvoudig omdat sy heeltemal onselfbewus was"* (p.265). In die geval van die sagmoedige Ben sal die leser deeglik moet soek om een kritiese of negatiewe opmerk=ing van hom oor Melanie in die werk op te spoor, terwyl stellings soos die volgende, wat 'n besliste kleur dra van die aanbidding van 'n verliefde skoolseun, volop is: *"Ek moet onthou, wat ook al vorentoe gebeur: Ons was[30] een nag bymekaar op 'n berg. Dit is die waarheid. En ter wille daarvan, al kan ek geen logiese verklaring daarvoor gee nie, moet ek aanhou "* (Seisoen, p.207).

Daar moet ten slotte weer eens daarop gewys word dat presies wáár Bea en Melanie op die spektrum van ekspressiwiteit gaan lê deur elke leser afsonderlik bepaal sal word. Die moontlikheid is wel deeglik daar dat in 'n permissiewe samelewing daar baie Bea's en Melanie's mag wees wat hul volkome met die romanperso=nasies kan assosieer. Dié studie se plasing op die skaal van ekspressiwiteit berus op 'n Christelike lewensbeskouing en 'n

---

30) A.P. Brink se beklemtoning.

wetenskaplik-literêre beoordeling. Uit lewensbeskoulike oogpunt mag dit wees dat heelwat lesers, veral vroue, vir Elise en Susan meer aanvaarbaar gaan vind as 'mense' as Bea en Melanie. Hulle is immers in 'n groot mate 'tipe' van die doodgewone middeljarige vrou met Christelike morele norme. Die gewone, getroude, ouer 'vrou-op-straat' mag haar makliker met die twee sekondêre vrouepersonasies in die werke identifiseer. Sy sal beslis simpatie hê met die twee vroue wat in reëlmaat vasgevang sit, met 'n ordinêre lewe sonder veel hoogtes en dan nog boon= op 'n ontroue eggenoot. Fig.10 toon die spreiding van ekspres= siewe en nie-ekspressiewe personasies in Gerugte van reën en Fig.11 toon die spreiding van ekspressiewe en nie-ekspressiewe= personasies in 'n Droë wit seisoen.

## 4.3 Ooreenstemming tussen personasies uit betrokke werke onderling en personasies uit die 'eksperimentele' fase

### 4.3.1 Man-vrouverhouding

Die liefdesverhoudings in Gerugte van reën en 'n Droë wit seisoen stuur ook op 'n tragedie af soos die geval is by die ander reeds bespreekte werke (kyk hfst.3: 3.1). Bea en Martin se verhouding loop dood wanneer Martin hom totaal van haar onttrek as sy ingevolge die veiligheidswetgewing aangehou word. Melanie word gedeporteer as *"verbode immigrant"* (p.236) en Ben bly agter met die *"skerp herinnering"* aan daardie *"buitensporige nag"* wat Anita Lindenberg (1982:695) beskryf as die *"viering van die lewe op die vooraand van die dood"*.

In hoofstuk 3 is daarop gewys dat dit die vrouepersonasies se wil om oor jou eie lewe te besluit is, wat lei tot die beëindi= ging van die onderskeie verhoudings. In die twee werke in hoof= stuk 4 onder bespreking, is dit ook die vroue se vrywillige sosiale en politieke bemoeienis wat indirek die oorsaak is dat die verhoudings op 'n nul afstuur.

FIGUUR 10. <u>SPREIDING VAN EKSPRESSIEWE EN NIE-EKSPRESSIEWE PERSONASIES IN *"GERUGTE VAN REËN"*</u>



FIGUUR 11. SPREIDING VAN EKSPRESSIEWE EN NIE-EKSPRESSIEWE PERSONASIES IN *" 'n DROË WIT SEISOEN"*



Weer eens is dit die vroue wat reeds aan die begin van die verhouding wys op die eindigheid van alles en die vrees uit=spreek dat die verhouding kortstondig van duur sal wees. Dit is veral die eerlike, reguit Bea wat vir Martin beter kan peil as wat hy homself ken, wat die feit telkens ophaal: *"'Bea. Mens dink nie van die begin af al aan 'n einde nie!' /'As mens eerlik wil wees, dan moet jy'"* (p.264). En Melanie handhaaf die volgende siening oor die liefde: *"Ek wil my nie onttrek nie. Van niks. In dié sin is jy reg. Maar... om afhanklik*[31] *te wees van iemand anders, om jou bestaan af te lei van iemand anders...? /Af en toe iemand ontmoet wat jou van voor af laat besef dat jy ook mens is ook honger is - maar dat jy nie mag toegee nie. Nooit heeltemal nie. Altyd iets terughou. 'n Paar dae met hom deel. Miskien 'n nag. En dan weer verder "* (p.205).

Die volkomendheid van die verhouding lê weer eens op die vlak van die metafisiese liefdeservaring. Die volgende kom uit die beskrywing van Martin en Bea se eerste liefdesnag: *"Sy sê niks. Sy neem net my hand en lê dit tussen haar bene neer. Daar is iets meewarigs in die gebaar, 'n soort deernis wat my ontroer. Asof sy daarmee wil sê: Wat anders hét ons om met mekaar te deel? Dit moet tog maar gebeur"*[32] (p.287). En Melanie en Ben se eenmalige liefdesnag probeer Ben as volg deurgrond: *"Maar dis nie dit nie. Nie wat ek kan opnoem nie. Wat saak gemaak het, was dat sy alles, in haar naaktheid, aan my beskikbaar gestel het. Die onbegryplike gawe van haar self"* (p.227). In hoofstuk 3.3.1 hierbo, word die gevoel van futiliteit ná die liefdesdaad bespreek. Ook Ben smaak dié gevoel: *"Maar noudat dit verby was, was dit verby en was ons weer apart; en soos sy daar in haar slaap lê èn soms glimlag, of klein geluidjies maak, of rustig asemhaal, was sy so verwyderd asof ons mekaar nooit ontmoet het nie"* (p.228).

In hierdie twee werke vervul die vrou óók 'n spesifieke funksie ten opsigte van die man. Bea toon ooreenstemming met Jessica in dié opsig dat sy dien ter beklemtoning van die onregte van die Suid-Afrikaanse politieke bestel. Bea wys dit uit deur haar uitgesprokenheid wat Martin en alles wat hy voor staan, aanbetref, en Jessica dui dit aan bloot deur haar dáárwees, haar ongeoor=

---

31) A.P. Brink se beklemtoning.

32) A.P. Brink se beklemtoning.

loofde verhouding met Josef. Soos Nicolette in Die ambassadeur, word Melanie ook 'n gidsfiguur - sy lei Ben tot die totale aflegging van sy 'ou self'. Die verskil lê daarin dat Nicolette die ambassadeur bring tot die besef van 'ware eksistensie' terwyl Melanie, getrou aan die outeur se siening van die doel van die prosa van die sewentigerjare, vir Ben lei tot nuwe insigte in die politiek sowel as in sosiale en morele waardes. In die werk 'n Droë wit seisoen, moet daar ook gewys word op die dominansie van die vrou in haar verhouding met die man. Dit is 'n trek wat in 'n Oomblik in die wind en Houd-den-bek nog sterker na vore kom in die hoofvrouepersonasies. Ben raak in sy verwarde veranderende wêreld al hoe meer afhanklik van Melanie om leiding. Wanneer sy vir tien dae na Rhodesië toe vertrek, ondervind Ben *"'n sonderlinge leegte, asof sy my heeltemal onbeskut agterlaat"* (p.182). En dan weer: *"Party dae is alles so duidelik. Veral as ek by Melanie is. Maar dan weer die twyfel"* (p.178). Die arrogante, selfversekerde Mynhardt laat hom nie domineer nie, maar vind tog dat Bea anders is as al die ander vroue in sy lewe; hy besef sy is: *"Tot my beskikking: en tog met iets onbe=reikbaar ver teruggehou in haar binneste, 'n kern van onafhanklikheid en pyn waartoe sy my nooit sou toelaat nie"* (p.270). Dikwels is daar 'n derde party by die liefdesverhoudings betrokke. Soos wat Nicolette haar Keyter gehad het en Jessica haar Richard, dien Martin van die begin af as *"surrogaat"* (p.287) vir Bernard en konfronteer hy haar die nag van sy hartaanval met: *"Jy't Bernard lief. Jy't hom van die eerste dag af liefgehad. Stry?"* (p.307).

Laastens moet daar gewys word op 'n ooreenstemmende kenmerk by die twee newepersonasies in die werke onder bespreking. In beide gevalle het die feit dat hulle die 'wilde streep' wat hul as jong vroue geopbenbaar het, prysgegee het, gelei tot die breuk in die verhouding met hul mans. Martin sien dit so: *"Toe sy op ons bruidsnag sê: 'Kom ons vra eers die seën van die Here daar=oor,' het sy oombliklik alles ontken wat ek in haar en deur haar wou bereik... En dit kan wees dat ek haar dit nog nooit vergewe het nie"* (p.234). En

Ben, die nag van Susan se patetiese blatante toenadering toe alles tussen hulle reeds verby was: *"Of wou ek iets aan haar wreek? Al die jare van haar inhibisies, met die drif wat ek enkele rare, kosbare nagte in ons lewe saam ontdek het maar wat sy altyd daarna amper aggressief weer weggesteek het"* (Seisoen, p.221).

Bostaande paragraaf dien ter stawing van die feit dat die man baie ingestel is op die vrou se fisiese beskikbaarheid - op die biologiese sy van die vrou. Daarom verafsku albei mans ook hul vroue se liggame toe dit 'oud en afgetakel geraak het'. Martin sien dit onbeskroomd so: *"En ek het versot geraak op haar liggaam... Hoe mens in jou jeug verruk kan word deur 'n liggaam omdat dit 'n liggaam is - en later om dieselfde rede daarvan kan walg. 'n Liggaam met skete, onbetroubaar, stadig aan verval"* (Gerugte, p.162). En Ben: *"En besef: dis waaragtig dieselfde vrou. Daardie selfversekerde, sterk, blakende gesonde vrou en hierdie afgeremde ou mens in die té jong nagrok, die patetiese fyn wit kant wat haar arms bloot laat, met die los vel aan die boarms, die ou nek, die grys strepe in die hare wat sy nie meer verbloem nie..."* (Seisoen, p.220).

### 4.3.2 Hoe die manlike hoofpersonasie die vrouepersonasie sien

Daar is reeds in hoofstuk 3.3.3 gewys op die feit dat die siening van die man duidelike tekens toon van die biografiese outeur se filosofiese konteks. In hierdie hoofstuk is ook aangedui hoe die hoer-heilige-aspek by Jessica in Kennis van die aand en die vrouepersonasies uit die vroeër werke uitgelig word.

Die chauvinistiese Martin Mynhardt se siening van vroue sentreer veral om die een aspek van dié dualistiese siening, naamlik die biologiese daarwees en *"beskikbaar"* (p.261) wees. So af en toe dring dit egter tot hom deur dat Bea anders is as die vele meisies met wie hy reeds te doene gekry het en dan dig hy aan haar ook 'n eteriese sy toe" *"Tot my beskikking: en tog met iets onbereikbaar ver teruggehou in haar binneste, 'n kern van onafhanklikheid en pyn waartoe sy my nooit sou toelaat nie"* (p.270). En (p.306):

*"En weer is ek aangedaan deur die wondbaarheid van haar skraal lyf, die borste wat so wit en weerloos hang."*

Die dag van hul eerste ontmoeting word Ben reeds bewus van die biologiese sy van Melanie toe hy haar na haar woning ver= gesel: *"Die besef van haár, êrens in daardie ruimtes aan die beweeg, vertroulik en vertroud, op haar kaal voete, bereikbaar en vrou, oorweldigend mens"* (p.109). Hy besing haar fisiese daárwees: *"en meer nog as haar liggaam het ek haar teenwoordigheid geweet, vrou, vrou, wat ek in my kon indrink soos die aarde reën"* (p.205). Hy merk ook die eteriese sy aan haar op toe hulle hul in die studeerkamer tuismaak: *"Op 'n eienaardige manier hoort sy in die vertrek - terwyl sy ook volkome onvanpas is daarin. Hoort, omdat sy so klaarblyklik tuis voel; onvanpas omdat alles hier so oud en muf en deurleef en verbruik is en sy so jonk en onaangeraak en vars"* (p.101).

Beide Bea en Melanie word deur hul minnaars beskryf as die *"ryp"* vrou. Tog maak hul deurleefdheid hul nie minder wondbaar vir die lewe nie. Martin beskryf Bea as *"'Die vrou van dertig jaar', deurwinter en deursomer, met al die oorbodigheid van jeug en lente van haar afgestroop; sonder omweg of versinsel, nie skaam vir die eerlikheid van begeerte of drif nie... Tog is dit vreemd hoe so 'n vrou wondbaar is... Kyk, ek kan ly, ek ly, ek gee nie om om te ly nie. Wat anders? Want ek lewe. Ek is uitgelewer aan die lewe: en tóg tot niemand se beskikking nie"* (p.43). En Ben maak weer wanneer hul mekaar die tweede keer ontmoet, *"Nes die vorige keer, die ontdekking - en dit bly ontsenuend vir 'n mens - dat dit iemand is wat al meer van die lewe gesien het as wat, wie weet, vir haar goed is. Maar dat dit tog niks aan die helderheid van haar oë verander het nie"* (p.157). Dan is daar, onvermydelik, ook die oordrewe beskrywing van *"Die misterie van die vlees"* (Seisoen, p.227), *"Die gladde beweeglikheid van haar lyf... Die geur van haar hare... Haar effense borste teen my wang"* (Seisoen, p.227). En in Gerugte van reën: *"Die antieke sierlikheid waarmee 'n vrou 'n kous uit= trek, die voet gestrek, die knie gebuig".*

### 4.3.3 Die vrouepersonasies as draers van die eksistensiefilosofie

#### 4.3.3.1 Die soeke na die self

Die 'selfwording' (kyk hfst.2.3.2) en die soeke na die self wat lei tot die 'intense lewe', die bewus wees van elke oomblik en om verantwoordelikheid te aanvaar vir elke situasie, spreek uit die volgende woorde van Bea: *"Ek wil weet[33] wat met my gebeur. Ek was soos 'n vreemdeling en ek móés myself beter leer ken"* (Gerugte, p.269). En: *"Mens kan nie die lewe ontken nie, jy kan jou nie vir hom toemaak nie"* (p.267). Een van Martin se eerste opmerkings oor Bea in afdeling 1, Memo, is: *"Sy wou altyd beheer oor 'n situasie behou"* (p.13). Reeds in haar kleintyd probeer sy nie haar vrese ontvlug nie - sy besweer dit eerder. So verwerk sy haar vrees vir goggas deur hulle in dosies te vang en haarself te dwing om daarmee te werk. Haar vrees vir donker het sy ontkom deur haarself elke dag vir 'n ruk in 'n klerekas toe te maak. So het sy haarself geleer om haar vrese te beheer en daarmee saam te leef, wat 'n tipiese optrede is van die eksistensialis wat wil leef saam met die realiteite van die lewe.
Ook Melanie het op 'n dag wakkergeskrik uit haar *"gekussingde lewe"* en besef: *"Jy kyk na jou liggaam. Jy raak aan jouself, maar jy kan niks van jouself verstaan nie"* (Seisoen, p.104). Sy het toe besluit om haar *"bloot"* (p.106) te stel aan die lewe en joernalis geword. Sy het dus die eksistensiële *"sprong in die duister"* (p.166) gewaag. Die sprong die lewe in het haar in Afrika laat beland, waar sy in Mosambiek deur soldate verkrag en in Angola gevange geneem is (p.107). Haar slotsom is: *"Het dit werklik met my[34] gebeur, of net met my liggaam? Dis eers as mens die liggaam na waarde skat dat jy hom ook gering kan ag"* (p.159).

Albei die meisies is steeds besig om die lewe te besweer wanneer hul met die hoof-manlike personasiese te doen kry, en wél deur 'n spesifieke betrokkenheid. Bea help om 'n regskliniek vir Swartes wat nie prokureurs kon bekostig nie, te behartig, sy gee aandklasse om Swart studente te help wat by UNISA studeer,

33) A.P. Brink se beklemtoning.
34) A.P. Brink se beklemtoning.

en soggens help sy in Soweto uit by skole (pp.272,273). Martin maak al hierdie doenighede af as *"'n variasie op die tema van spinnekoppe versamel"* (Gerugte, p.273). Melanie bied haar heelhartige steun aan Ben in die oplossing van die Gordon Ngubeni-saak. Met dieselfde argeloosheid waarmee sy haar ondervindinge in Maputo en Angola aan Ben verhaal het, vertel sy hom van die dag in Soweto toe sy amper haar *"tjips"* (p.158) gehad het. Saam met Jessica verleen hierdie drie vrouepersonasies 'n nuwe dimensie aan die eksistensialistiese idees van Brink se vroue=personasies naamlik die eksistensialistiese idees soos aangehang deur Sartre en Camus[35].

4.3.3.2 Die lewensfilosofie

Bea is die buitestaander; die *"vreemde bleek meisie met die donkerbril"* (p.282). Sy lewe 'n vry ongebonde lewe waarin sy afsien van alle bindende magte, sosiale norme en met God: *"Die eerste twintig jaar van my lewe,..., was dit die één ding wat vir my konstant gebly het. Die kerk... Toe,..., het ek besef dis net 'n verdowingsmiddel"* (p.286). Nou wil sy *"alleen kan staan en alleen kan loop"* en *"die wêreld in die oë kyk"* (p.286). Wesenlik by haar is 'n sterk vryheidsideaal - sy wil net aan haarself verantwoordelik wees: *"Heeltemal vry. Nou is ek net teenoor myself verantwoordlik"* (p.284).

Melanie is ook die onafhanklike wat vastigheid ('n huwelik met die man wat sy bemin) afsweer en rondswerf as joernalis op soek na haarself en die ware 'eksistensie'. Sy openbaar soos Bea en al die voriges, 'n sterk lewensdrif; sy wil deel wees daarvan, nie toeskouer (parasiet) nie. Uit haar en Ben se gesprek in die kafee met hul eerste ontmoeting, laat sy blyk dat sy nie inligting soek vir haar koerant nie maar dat sy self *"ook altyd betrokke raak"* (p.95). Haar buitestaanderskap en drang tot onafhank=likheid vat sy o.a. as volg saam: *"As een mens so skielik teen die rand van 'n ander beland - dink jy nie dis die gevaarlikste van alles wat met enigiemand kan gebeur nie?"* (p.95).

35) Die kern van Camus se politieke sieninge is solidariteit met die lydende mens. Hy wil in alle gevalle die kant van die slagoffer kies. (Kyk hfst.2.3.3, hierbo)' Sartre se vryheids=idee het mettertyd 'n sosiale sy bygekry. 'n Mens se vryheid het nou berus op die vryheid van ander, op die daarstel van 'n gemeenskap bevry van diskriminasie en onderdrukking. (Kyk hfst.2.3.3, hierbo).

Bea, die oombliksmens vra: *"Hoekom probeer mens 'n toekoms vasgryp?"* (p. en Melanie is *"aanhoudend aan die gang"*; sy gee aan elke ding haar volle aandag, want sy *"kan tog nie stilsit nie"* (p.225).

Bea en Melanie, uitgesproke soekers na die self en die sin van die lewe, het tog albei die eienaardige behoefte aan 'n vastigheid in hul ewig-veranderende lewe. Dié eienskap maak van hul 'n bietjie meer mense en minder tipes. Bea is hoogs ontsteld die dag toe sy 'n gat ontdek waar Dullabh's Corner eers was: *"Ek is seker verspot, maar hy was altyd hier, altyd dieselfde lelike ou baken, so gerusstellend, so 'n stukkie sekerheid. Ek het party= keer gedink: Eendag sal ek en jy daarmee heen wees, maar party dinge sal darem agterbly en iets van ons bly vashou. Dullabh's Corner sal nog daar wees. Nou's dit net 'n gat"* (Gerugte, p.14). Melanie spreek haar vrees uit dat haar vader sal sterf; Ben wys haar daarop dat sy nog nooit bang was vir *"alleen"* wees nie en dan antwoord sy: *"Met hom is dit meer as dit. Dis die band self. Die kontinuïteit. 'n Soort vastigheid wat mens gerusstel. Alles om mens kan verander, maar so= lank jy weet daar is iets wat onveranderd voortgaan, soos 'n rivier wat see toe loop, gee dit jou sekuriteit"* (Seisoen, p.219). Dan spreek sy haar verskriklike begeerte uit on 'n kind te hê - *"'n stukkie ewigheid"* (p.219). Marie in Lobola vir die lewe smag ook na die vastigheid wat 'n huwelik sal bring: Wanneer Francois aan= dring op 'n kind(want *"anders word dit 'n gekke proses wat nooit êrens uitkom nie"*, p.133), is haar antwoord: *"Ek kan jou nie 'n kind gee as ons nie getroud is nie"* (p.133). Hierdie behoefte aan vastigheid hang saam met die persoon, met die lewensbeskouing van die eksistensialisme se beheptheid met temas soos dood en eindig= heid, angs, hoop en vertwyfeling, sin en sinlooshied en die tydsproblematiek (kyk hfst. 2.3.3, hierbo).

### 4.3.4 Neerslag van die filosofie van die biografiese outeur in die vrouepersonasies

Vasgekeer binne sy eie beperktheid word die mens (in die konteks van Brink se romans) uitgedwing tot volledige kommunikasie met Iets of Iemand buite hom. Dit lei

dan tot selfvoltooiing, wat in die eerste plek algehele self=versaking verg. So sê Hester: *"Ons het albei gesoek na bevryding: nie ván mekaar nie, maar déúr mekaar"* (Kennis, p.168) – 'n voorbeeld van self=versaking en selfvoltooiing in mekaar. Deur homself volkome oor te gee aan 'n ander, kan die mens homself vind. Deur so 'n daad kan hy sy tydelikheid ophef; al is dit net vir een oomblik (kyk hfst. 2.5.6, hierbo).

Die verteller beweer verder in dieselfde paragraaf, dat dit 'n daad is waarby die ganse persoonlikheid betrokke is. Van so 'n ervaring is daar hoofsaaklik twee vorme: religie en seks. Die selfversaking en volkome oorgawe aan mekaar beskryf Ben as volg ná hul liefdesnag: *"Wat saak gemaak het, was dat sy alles, in haar naaktheid, aan my beskikbaar gestel het. Die onbegryplike gawe van haar self. Wat anders hét ons om te gee?"* (p.227). Sy totale oorgawe aan haar ervaar hy so: *"om in die verborge louheid van haar lyf terug te breek, asof nie net my geslag nie maar die hele ek, alles wat ek ooit was of kon gewees het, deur haar opgeneem is, deur haar verorber..."* (p.229). Francois dink in Lobola vir die lewe, (p.117): *"Maar dis geen godinnestandbeeld wat sy onthul nie, net haarself;..."* En Bea sê oor Gary: *"Ek wou heeltemal in hom oplos, ek wou glad nie meer ek wees nie"* (p.268).

Dat die geslagsdaad en die gebed vir die mens bykans ondraag=like ekstase en pyn inhou (kyk hfst.2.5, hierbo) ervaar Ben ook: *"Geluk? Dit was een van die hartseerste nagte van my lewe ..."*(p.228).

Die gelykstelling van die sondebelydenis en die afstroping van die klere is volgens Ben-die-verteller 'n daad van bloot=stelling vir en voor die ander: *"Toe ek weer sien, was sy by my. En sy was nakend. Ek het na haar bly kyk. Sy was skaam. Tog het sy bly staan. Asof sy geweet het dat sy déúrgekyk moes word"* (Seisoen, p.227). Net so sien die outeur die afstroping van die klere én die sondebely=denis as voorvereiste vir die religieuse en seksuele moment (kyk hfst.2.5, hierbo). Daarom tref mens altyd die volledige

beskrywing van *"die klein ritus van die klere"* (Lobola, p.117) aan voor die volvoering van die geslagsdaad: *"Die hemp wat sy argeloos oopknoop, die jeans, die klein swart broekie daaronder. Haar gladde bruingebrande lyf, net die borsies wit, en om haar heupe 'n strepie bikini-wit, en die skaamhaar op haar liefdesbultjie donkergoud"* (Kennis, p.292) en: *"en sy staan met die klare metafisika van haar liggaam voor hom; lig op die skouers, die klein sfere van borste, heupe, met fyn glimminge op haarpunte bo dye, en verder skaduwee"* (Lobola, p.117).

Dat die geslagsdaad soos die gebed voortdurend hernu moet word, spreek uit die gevoel van futiliteit ná die geslagsdaad: *"Maar noudat dit verby was, was dit verby en was ons weer apart..."* (Seisoen, p.228).

Die seksuele as metafisiese ervaring word só beskryf in 'n Droë wit seisoen: *"Asof elk van my sintuie tot barstens toe van haar gevul moes word: om deur*[36] *alle sintuie te breek tot by die liefde waarvan dit maar die formule of die nagmaal was. Hoe mooi is jy, my beminde"*[37] (p.228). In Kennis van die aand het Josef die volgende ondervinding die middag nadat hy en Beverley sy armoedige kamertjie ontruim het: *"Dit was die hewigste en mees verruklike moment van ons verhouding toe sy... die orgasme saam met my bereik, saam met my deurbreek, en die eindeloosheid ingeslinger word. Ek het haar ver, naby, hoor huil en snik en roep: 'O God! O God! O God!' En toe dit weg-eb...was dit of ek terugkeer uit hemel, vaevuur en hel tegelyk"* (p.169).

Wat die hoer-heiligekonsep (kyk hfst.2 hierbo) aanbetref, is daar reeds in hierdie hoofstuk onder 3.3 aandag gegee aan die man se siening van die vrou as biologies-eteriese wese. Dit korreleer met die outeur se siening van die vrou soos uiteengesit in 2.5 hierbo.

Die vrou se vasgryp aan elke oomblik as uniek, (kyk hfst.2.6, hierbo) is 'n eienskap van al Brink se vrouepersonasies. Omdat hy 'n man is wat alles met sy denke relativeer is dit vir Martin

36) A.P. Brink se beklemtoning.
37) A.P. Brink se beklemtoning.

verbasend dat Bea elke oomblik van hul uitstappies na die dieretuin en die winkeltjie in Diagonaalstraat geniet (p.302). Jessica spreek in hul 'saamwees' op die berg, vry van die wêreld daaronder, die wens uit: *"Ja. Laat dit nou bly"* (p.26).

In (hoofstuk 3.3.5, hierbo) is bespreek hoe Jessica 'n instrument in die hand van die implisiete outeur word om in ooreenstemming met Brink se uit=gesproke ideaal vir die Afrikaanse literatuur van die jare Sewentig, gestalte te gee aan opstand. Bea en Melanie bou voort op die beklemtoning en uitlig van politieke ongereg=tighede in die land. Veral die uitgesproke Bea laat telkens van haar hoor in woorde wat skrei vanweë die waarheid daarin geleë: *"Weet jy wat my die meeste geruk het van die hele oorstroming, Martin? Nie die dooies of siekes of die verspoelde krotjies nie. Dit was erg genoeg. Maar daar was iets anders. 'n Jong man wat van oor tot oor geglimlag het... 'Madam oor ek net betyds was om my domboek te gryp voor die water alles weggevat het'... Verstaan jy nie? Daarsonder kan hy nêrens kom of gaan nie"* (Gerugte, p.297). Vergelyk dit met Brink se eie woorde (1983:129): *"Random pictures from South African life today: Two well-dressed middle-aged black men are standing on a street corner having a conversation. A police van draws up and an adolescent in uniform leans out. 'Hey Kaffir,' he shouts. 'Come here. Show me your pass. One of the black men produces his; the other has inadvertently left it at home when he changed his clothes this morning. He is grabbed and hurled into the back of the van where he may spend several hours before he is taken to the police station and locked up overnight until he can go to court the next morning and pay a fine. His next of kin are not informed. That he is a university lecturer makes no difference. He is black; he has to carry at all times the 'reference book' which is his sole claim to identity."*

Ook die minder aggressiewe Melanie het haar politieke uitlatings: *"Op stuk van sake is 'n hof nie regtig daar om te besluit oor absolute reg of verkeerd nie, Ben. Dis daar om die owerheid se wette toe te pas"* (Seisoen, p.98). Hierdie motief in die personasies Bea en Melanie staan so sentraal dat dit die implisiete outeur se primêre intensie blyk te wees.

### 4.3.5 <u>Simboliese, mitiese en argetipiese trekke by die vrouepersonasies</u>

Bea toon 'n buitengewone belangstelling in die okkulte - vandaar haar besoeke aan *"haar heksewinkeltjie"* (p.290). Sy gee ook toe aan die *"donkerder magte"* wat sy in haar *"sterrewiggelary erken"* (p.299). Sy is 'n Maagd - presies op die negende van die negende maand gebore. *"Volgens die ou misteries maak dit my 'n kluisenaar... En 'n profeet"* (p.291). Volgens 'n boek van 'n sekere L sou nege die getal van profetiese kluisenaars wees *"wat gewoonlik verag of vervolg word en wat hul verskyning op aarde maak 'On the eve of great disasters'"* (p.292). Hierdie eienaardige bemoeienisse van Bea herinner aan Jessica in <u>Kennis van die aand</u> se bemoeienis met Sint Jan en ook aan Nicolette van <u>Die ambassadeur</u> se besondere aanvoeling vir die mistieke en veral die Rooms-Katolisisme. M.C.A. Seyffert (1970:95,96) probeer hierdie vreemde trek by Nicolette sô verklaar: *"Haar belangstelling in die Rooms-Katolisisme mag miskien 'n hunkering wees na geordenheid en dissipline, wat sy op ander terreine deur traak-my-nie-agtigheid en onverskilligheid probeer verdoesel, maar nêrens word dit eksplisiet gestel nie."*

Hierdie studie wil aansluit by bogenoemde bewering deur Seyffert - dit mag moontlik 'n gryp deur Bea wees na 'n soort van vastigheid in haar deurmekaar lewe. Verder is die verwysings na haar as profeet en kluisenaar egter ook 'n slim, kernagtige vasvat van die hele personasie: Bea. Vanweë haar eksistensiälistiese lewensbeskouing, is sy 'n kluisenaar - 'n buitestaander. Verder word sy 'n profeet in haar uitlatings oor die Afrikaner en die Suid-Afrikaanse politieke bestel. Soos normaalweg die geval is met 'n profeet, skop sy tevergeefs teen die prikkels en haar waarskuwings val op dowe ore. Dat sy op die vooraand van 'n 'groot ramp' staan en dat sy en diégene wat soos sy optree en dink (Bernard, Charlie en Louis), die enigstes is wat dit besef, is dié eintlike boodskap van die boek. Die bysiende Martin en mede-Afrikaners besef tot aan die bloed=

reënende slot nog steeds nie dat hulle afstuur op 'n rewolusie nie. Die getal nege (rypheid van situasie) wat so 'n bepalende faktor in Bea se lewe is, die feit dat sy gesien word as 'n 'kluisenaar' en 'n 'profeet', maak deel uit van die lang rits simbole waaraan die roman so swaar dra.

Dat die eteriese of heilige element van Bea haar nog eens 'n Middeleeuse Beatrys maak, word reeds in haar naam uitgespel: *"Beatrice"* (p.280). Elize Botha (1980:397) stel dit as volg: *"... sy vriendin Bea, eensydig edel - maar dan van die bedenklike soort adel wat 'n soetsappige siening van die Middeleeuse Beatrys toelaat: in die oë van die mense so diep gevalle, maar vir die wat 'begryp', so heilig in haar diepste aandrange."* Die volgende lig die eteriese sy by Bea uit: *"Van agter, as sy so sit, was daar iets kinderliks omtrent die skraalheid van haar bruingebrande rug, iets weerloos omtrent haar skouers"* (Gerugte, p.267).

Daar word ook 'n band gelê tussen Bea en 'n ou Bantoe-mite. Tydens sy Danteske hellevaart die Sondag in die bos op die plaas, ontmoet Martin die ou bantoe wat hom vertel van die *"Momlambo - die mooiste vrou in die wêreld"* (p.247). Die ou man spreek ook die volgende stukkie wysheid uit: *"Elke man het sy eie Momlambo,... jy moet wag vir jou eie dwarrelwind. As mens die Momlambo wil hê, as jy wil hê sy moet onder een karos by hou kom slaap en haar kraletjies-inciyo*[38] *vir jou afhaal, dan moet jy met jou eie hart hou pa doodmaak"* (p.248). Later lê Martin self die verband toe hy die nag met sy vader se afsterwe by Bea deurgebring het: *"Ek was die nag by haar: en Pa is dood"* (p.276).

Die blinde bewondering van Ben vir Melanie wat uitloop op 'n onrealistiese beelding van haar en 'n soetsappige oorbeklem=toning van haar eteriese sy plaas dan vir Melanie ook in die lang ry van Beatrys-figure: *"Klein, skraal, soos 'n halfwas meisie=tjie met net die skaars swelsel van borsies onder die T-hempie"* (Seisoen, p.157). Sy word soos Nicolette 'n belangrike gidsfiguur wat die man moet bring tot nuwe insigte omtrent homself en die lewe sodat

---

38) A.P. Brink se beklemtoning.

hy net voor sy dood, in sy laaste briefie aan sy skrywers=vriend, kan skrywe: *"Dan sal ek soos Melanie kan sê: 'Oor niks wat gebeur het, het ek nog 'n oomblik spyt nie"* (p.260).

Bea in Gerugte en Melanie in Seisoen bly steeds tipes soos Jessica in Kennis, Gunhilde in Nooit, Nicolette in Ambassadeur en Marie in Lobola. Hulle word steeds geskoei op dieselfde lees (kyk in hierdie verband veral bylae 1).

# HOOFSTUK 5. TEKSANALISE: "'n OOMBLIK IN DIE WIND," "HOUD-DEN-BEK"

## 5.1 Inleiding

*"But in the course of my research for a new novel I have been working on for some time, it has become more and more clear to me that attitudes pre= valent in a community like the one at the Cape in the early nineteenth century can shed some disquieting light on the situation today. And it is part of the horror of the South African situation in 1978 that the slave-owner mentality ... still forms a main ingredient in the social and political thinking of this Government"* (Brink, 1983:154,162).

Met hierdie stelling het die outeur in 'n neutedop sy doel met 'n Oomblik in die wind en Houd-den-bek weergegee. J.C. Kannemeyer (1982:16) stel dit so: *"Enersyds is daar romans soos Kennis van die aand (1973) en 'n Droë wit seisoen (1979) met hul doelbewuste eksploitasie van gewelddadige situasies in 'n eietydse gegewe, andersyds in 'n Oomblik in die wind (1975) 'n verdieping in 'historiese' gebeurtenisse waarmee daar 'n groter afstand van die onmiddellike aktualiteit kom, maar wat deur die in= geboude hedendaagse politieke dilemma merkwaardig eietyds klink."* Die his= toriese gegewe noem die verteller in Oomblik (p.7) *"'n historiese voetnoot wat niks bygedra het tot kennis van die land of die verloop van die geskiede= nis nie"*

By hierdie situering in 'n stuk verlede sluit Houd-den-bek (1982) aan. Die historiese struktuur is in dié werk se geval stewiger. Dit steun op 'n minder-bekende opstand onder die slawe in die Bokkeveld gedurende 1825. Brink (1983:157) verwys ook na 'n slawe-opstand in die Koeberg, Tygerberg- en Swartlanddistrikte in 1808. Dan gaan hy egter verder: *"Of much more relevance to us is the second revolt, which occurred in the remote Bokkeveld region of the Worcester district in February 1825. Twelve slaves and one free man (the latter was soon discharged) were accused of murdering three white men and wounding a white woman, in an attempt to free themselves and inspire others*

*to follow their example, with the ultimate aim of taking over the colony"* (1983:158). Dan trek hy die volgende interessante parallel deur, wat dien as duidelike bewys dat hy die opinie toegedaan is dat die geskiedenis homself herhaal: *"Sharpeville was to Soweto what the uprising of 1808 had been to that of 1824"* (1983:160).

Brink stel dit egter duidelik in albei werke dat dit ten spyte van die werklike historiese gegewe, as fiksie aangebied word. In die inleiding van 'n Oomblik in die wind, kom die verteller tot die volgende slotsom oòr die handgeskrewe Memorie in die Kaapse Argief van Elisabeth Jacobs: *"Maar selfs dié gegewens bly karig, byna onbeduidend. En met die slotsin word mens met iets soos ver= bystering geslaan wanneer sy, ná soveel feitelikheid skryf: Dit sal niemand van ons kan afneem nie, nie eens onsself nie"* (p.10). Dis om hierdie laaste kursiewe sinnetjie en dan die sin *"So 'n lang ontdekkings= reis wat vir jou en vir my nog voorlê. O God, o God"* (p.11) uit die Joernaal van Larsson in Livingstone House, hoofkwartier van die Londonse Sendinggenootskap, wat die outeur sy verhaal bou. Die verteller sluit sy inleiding as volg af: *"Dáárom moet mens die windsels afstroop. Nie maar om dit oor te vertel of te herskep nie; maar om dit oop te maak en van nuuts af te laat gebeur. Dis nie 'n kwessie van verbeelding nie, maar van geloof"* (p.12).

Heel aan die slot van Houd-den-bek het die outeur 'n Aantekening waarin hy die volgende slotopmerking maak: *"Naasteby alles wat hier voorgestel word, kan op die een of ander manier terruggevoer word tot geboekstaafde feit: desnietemin word dit hier uitdruklik aangebeid as fiksie, omdat die skrywer se opgaaf immers daarin lê dat hy eers begin skryf wanneer hy die werklike met die verbeelding kan 'vat'..."* (p.419). Wins van beide romans is die deeglik-nagevorsde, interessante historiese agtergrondgegewe, stof uit vroeë ontdekkingsreise, die natuur= geskiedenis, die geografiese gegewe en die leefwyse en mites van die Hottentotte.

## 5.2 Die woordgestalte van die vrouepersonasies

### 5.2.1 Die perspektief

By 'n Oomblik in die wind is dit oënskynlik die derdepersoons=verteller wat baie na aan die twee hoofpersonasies Elisabeth en Adam staan. So word Elisabeth se gewaarwordinge tydens hul eerste kennismaking intiem en deurleefd in die derdepersoon weergegee: *"Sy wil hom nie hier hê nie. Hy bedreig haar selfstandig=heid, haar stilte, hy bedreig háár"* (p.17). Hier word die essensie van haar personasie reeds weergegee: haar 'selfstandigheid' en haar 'stilte'.

Daar is telkens 'n spontane oorgang van die derde na die eerste=persoon. Hierdie oorskakeling val hoofsaaklik in drie kate=gorieë uiteen: die binnepraat van die 'ek' met die 'ek', die gedagtepraat van die 'ek met die 'ander' en die stilswyende gesprekvoering tussen die hoofpersonasies.

Só praat Elisabeth byvoorbeeld met haarself: *"Nou in dié wildernis, is dit net ek. Selfs as ek doodgaan: geen rus in vrede nie"* (p.49). In die volgende frase spreek sy in haar gedagtes vir Adam aan: *"Jy is by my, ek raak aan jou. Soos tussen die oerrotse by die see; soos die aand toe jy gesê het: Trek alles uit"* (p.157). Sy spreek op dieselfde wyse haar afgestorwe man aan: *"Erik Alexis Larsson: wie was jy? Hierdie liederlike, bloederige, vertoiingde ding is nie jy nie"* (p.149).

Die nag in die onherbergsame Karoo toe sy in haar uitgeputte, moedelose toestand alleen moes slaap omdat Adam agter die ge=roep van jakkalse aan was in die hoop om wild te vind, voer hulle teen dagbreek oor die afstand tussen hulle heen, 'n woordelose gesprek: *"Hoeveel meer rede het jý al gehad om jou dood te maak: die dag toe jou baas jou soos 'n hond wou ophits teen jou ma:*

*al die jare in kettings daarna? En jy het nie. Jy't dit verduur op die eiland"* Dit is Elisabeth se gedagtepraat. Direk hierna volg Adam se gedagtes in pragtige aaneenvloeiing met hare: *"Toe ek op die vlotjie van die eiland af terugkom die nag: die geluid van die spane in die water... die eerste intiemste geluid van vry-word"* (p.161).

Die voordeel van hierdie perspektief lê in die feit dat die outeur aan beide hoofpersonasies die geleentheid bied om hul ervaring uit te spreek en hul innerlike gevoelens te ontbloot. Die leser kan dus maklik sonder doelbewuste, opsetlike manipu= lasie deur die outeur die personasies interpreteer. Met hier= die stelling word nié geïmpliseer dat die outeur nie manipuleer nie - hy doen dit net minder opvallend (kyk bv. die verraad= motief:3.2 hieronder).

In Houd-den-bek word hierdie perspektief nog verder uitgebrei. 'n Derdepersoonsverteller ontbreek totaal. Omring deur 'n Klagstaat en Uitspraak klink 'n koor van stemme van 'n groot getal betrokkenes as vertellers in die roman op. So word 'n spesifieke situasie telkens vanuit 'n ander hoek belig en word die ironie van die kommunikasiegaping wat daar tussen die onder= skeie personasies bestaan, uitgelig. So is daar byvoorbeeld 'n insident uit Hester se kinderjare - die dag toe sy haar lang donker hare stomp afgesny het. Alida het dit gesien as 'n her= bevestiging van Hester se onafhanklikheid ten opsigte van haar: *"Opnuut het sy haar onafhanklikheid van my bevestig; opnuut is ek daaraan herinner dat die troos wat ek uit ons verhouding put, maar net my eie illusie was, nie deel van háár werklikheid nie"* (p.58). Wanneer Hester self aan die woord is, verskaf sy die éintlike rede vir haar daad: *"Wat hy (Barend) die heel graagste gedoen het, was om my hare te trek. Die enigste vorm van pyn wat ek nie maklik kon verduur nie: meer as pyn: dit het die enigste bietjie trots gekwets wat ek myself durf veroorloof het. En al manier om hom te fnuik, was om alles af te sny. Ek het gelê en huil toe ek die nag die stoppels onder my vingers voel; maar ek het geweet dit het hom afgeskrik en my afsonderlikheid bevestig"* (p.78). En Barend:

ver in hul verhouding: die baas-slaafsiening: *"'Barbaar!' snou sy deur haar tande"* (p.66).

Haar drang tot intense lewe kom reeds uit in 'n gesprek met Larsson tydens 'n rit in 'n koets agter die berg om. Wanneer hy verneem of dit nie gevaarlik is om so dikwels alleen daar=heen te kom nie, is haar antwoord: *"Seker. Hier's nog luiperds teen die berg. En natuurlik rondlopers en weglopers wat in die bosse wegkruip. Maar as mens heeltyd dink aan alles wat jou kan oorkom, sal jy nooit 'n voet versit nie"* (p.30). Aan Adam vertel sy tydens een van hul vele gesprekke oor die Kaap: *"Ek het altyd probeer weg=sluip om te gaan loer wat die mans doen, hulle stemme kon so luidrugtig skater of bulder daarbuite, soveel interessanter as die vroue met hul koffiekoppietjies en hulle Moselwyn met suiker of seltzerwater"* (p.23). Dan gee sy 'n breedvoerige beskrywing van 'n bulgeveg wat hulle eenkeer by die Kasteel bygewoon het. Sy sluit huilend af met: *"Ek het nooit geweet doodgaan kan so smerig wees nie. En so onnodig... Maar toe was daar net die gemors oor: die mos en die sand en die bloed, niks wat mooi was nie, niks sterk nie, net liederlik"* (p.23). Dan ver=val sy in gedagtepraat en gee die leser sodoende 'n dieper kykie as vir Adam, in haar innerlike: *"Dat, toe ons teruggaan huis toe, ek nie meer ontsteld of bedruk was nie, maar 'n wonderlike ligtheid in my binneste gehad het asof alles uit my uitgedryf was wat my gekwel het"* (p.24).

Haar opstand teen haar miskenning as mens en haar sterk vry=heidsdrang, kom uit in haar dialoog: *"Oor dit mý lewe is! ... Ek kan nie iemand anders oor my lewe aanstel nie. Ek is nie maar 'n vrou nie. Ek is 'n mens. Ek wil weet dat ek iets beteken. Ek wil nie eendag doodgaan en weet dat alles verniet was nie"* (p.195). Aan haar moeder stel sy die volgende vraag toe dié weier om haar met Larsson te laat trou en die vreemde binneland in te gaan: *"Wat is verkeerd met 'n vrou in die binneland? Wat is verkeerd met 'n vrou? Is dit iets om oor skaam te wees?"* (pp.34,144) en: *"Ma laat dit klink asof mens met 'n skandvlek rondloop as jy vrou gebore is"* (p.31). Aan

haar vader sê sy: *"Vir pa is 'n slaaf ook maar net 'n vrou! En dink: en 'n vrou 'n slaaf"* (p.20). Hierdie woorde word in Houd-den-bek (p.200) deur Hester herhaal: *"Hoe verwag jy mans kan sô oor slawe dink as hulle nog nie eens agtergekom het vroue is mense nie?"*

Ook in haar gedagtepraat kom haar opstand teen die miskenning van haar vryheid as vrou uit: *"Om in die lewe nooit te mag doen wat jy wil doen nie, oor jy vrou is; om nooit te mag word wat jy wil word nie, oor jy vrou is. Maar dié keer sal ek uitbreek: ek sal nie luister nie. Dié keer gaan ek my eie wildernis in"* (p.49). Soms tob sy oor haar sterk onafhanklikheidsin: *"Miskien sou dit makliker gewees het om besit te kon word. Hoef 'n besitting hom te kwel oor eet of drink, oor môre of geluk, oor liefde of geloof? ... Hoekom wou ek my dan nie oorgee tot besit nie? Wat is dit in my wat weier om besit te word?"* (p.49). Sy was in opstand teen die Kaap as ou wêreld. Aanvanklik is sy ook in opstand teen die bar binneland waar sy nuwe mens moet word: *"Probeer maar. Beproef my. Ek sal nie oorgee nie. Ek sal dié land se harde grond nie vrugbaar maak met my liggaam nie"* (p.54).

Haar aanneming van nuwe lewenswaardes - die van die mens wat leef volgens die ideologie van die eksistensialisme - word deeglik deur gedagtepraat gebeeld: Die totale eksistensiële afstroping spreek uit die volgende: *"Geraamte is wat 'n mens moes kon word: skoon, kaal, gebeente"* (p.49). (Vir verdere uitlig van hierdie aspek, kyk 3.3.2).

Ook wat Hester in Houd-den-bek aanbetref, kry die leser 'n dieper kykie in haar innerlike as die ander hoofpersonasies. Die ander personasies in die werk is aangewys op haar optrede en dialoog, terwyl sy in die gedeeltes waar sy aan die woord is, haar diepste menswees ontbloot. Wanneer sy die eerste keer van haar laat hoor, lê sy klem op haar drang om te voel en meer as dit: *"Ek wil nie net voel nie: ek wil ook weet hoe dit voel om te voel. Om nie net die oppervlak van die klip teen jou vel te voel nie, maar ook te weet hoe hy van binne af jóú voel"* (p.76). Wanneer sy die intense

genot uitspreek wat sy ondervind tydens die uitwoed van die elemente, beskryf sy in beeldryke taal hoe sy dit ervaar: *"Donderweer. Nie bo uit die wolke uit nie, maar 'n dreuning binne-in die aarde. Die drang om alles af te stroop en kaal te wees, naakte begeerte. Vlammende hemele, 'n gedruis van vallende berge; oplos in pure water wat my vorm gee, stromend, pragtig"* (p.77). Elisabeth ervaar die natuur op soortgelyke wyse: *"Dis of mens tot aan die einde van die wêreld kan sien daar van bo af, net blou en blou see. Dit laat mens snaaks voel om so te staan en kyk. Roekeloos; asof jy kans sien om enigiets te doen waarvoor jy jou anders sou skaam. Soos om jou klere uit te trek of iets"* (p.19).

Na haar vader se dood, was Hester haar houvas op almal kwyt. Dit het haar laat besluit: *"Om aan iemand geheg te raak, beteken om willens en wetens gevaar te loop om dít te verloor wat jy van jouself aan hom toevertrou het"* (Houd-den-bek, p.77). Deur dialoog, laat Elisabeth blyk dat sy dieselfde opinie toegedaan is: *"Dís die vreeslikste: om jou so in iemand anders se hande oor te lewer dat jy hom alle mag gee oor jou, dat jy niks anders oorhet nie"* (Oomblik, p.77). Hester besluit dus, na haar pa,: *"Teen wil en dank sou ek tussen hulle moes bly lewe ... Maar hê sou hulle my nie... Dit was ek verskuldig aan myself, ... om voortaan, en vir goed, net aan myself te behoort, apart en heel"* (p.77).

Sy verwys ook in haar alleengesprek na die wilde drif wat in haar gewek word wanneer sy diere sien kopuleer, omdat dit *"arrogansie bevestig, lewe verseker"* (pp.78,79). Haar behoefte aan eensaamheid stel sy treffend met die volgende natuurmetafoor: *"Die skerp soet geur van boegoe: die reuk van eensaamheid"* (p.80).

Haar 'eenkantheid' toon sy aan met haar optrede en dialoog. Toe Barend vir haar as kind 'n weggooilammetjie bring, het sy haar oënskynlik ongeërg teenoor die diertjie gehou. Totdat hy haar op 'n keer betrap het dat sy die dingetjie liefkoos. Toe hy haar konfronteer met die feit dat sy tóg vir die lammetjie

omgee, het sy gereageer met: *"Ek wil die vervloekste ding nie hê nie!"* (p.83). Toe hy dreig om die dier keelaf te sny, sê sy: *"Maak die dooie ding vrek as jy wil"* (p.83). Sy het die hele afskuwelike prosedure verduur net om hom nie te laat agterkom dat sy selfs vir 'n dier kan omgee nie; net om nie iets van haarself prys te gee nie.

In haar seksuele verhouding met haar man, wat sy nie bemin nie, bevestig Hester steeds haar onafhanklikheid. Hy neem deur geweld besit van haar liggaam maar nie van háár nie. Sy onthou met wrewel: *"Al die nagte wat Barend haar nakend gestroop het en hom dan op haar gewreek het omdat hy niks meer as haar nakendheid kon vind nie; ..."* (p.282). Swangerskap sien sy as 'n *"manier van bestaan rondom die pit van 'n kind, onafhanklik van die wêreld, ingebuig oor haarself"* (p.194). Meisiekinders wou sy glad nie hê nie, want: *"In 'n meisiekind sou sy vroeër of later haar eie nederlaag moes erken"* (p.196). Seuns sien sy anders: *"In my seuns was daar iets van myself belê vir toekomstige vryheid"* (p.196). *"Eendag sal jou seuns groot genoeg wees om hulle ma te wreek"* (p.195), voorspel sy toe Barend haar vir die soveelste keer tydens 'n konfrontasie tussen hulle voor die kinders te lyf gaan. Soos ook die geval by Elisabeth, vind mens by Hester die geloof en verwagting op 'n beter lewe: *"In my was daar nie toegee nie, net afwagting. Die sekerheid dat die lewe meer moet wees as dit"* (p.108).

Wanneer sy met ander in gesprek tree, indien sy haar die moeite getroos, is sy baie reguit en uitgesproke. Wanneer Nicolaas haar tydens 'n besoek aan Houd-den-bek wil soengroet, is haar reaksie: *"Moenie aan my raak nie!"* en *"Julle mans maak my siek"* (p.199). Dit is omdat sy verneem het dat Nicolaas so pas 'n slaaf afgeransel het. As Cecilia later aan haar vra of dit die verkeerde tyd van die maand is, is haar nydige antwoord: *"Nee, ... Dis 'n wonderlike tyd. Dit hou Barend van my lyf af"* (pp.199,200).

### 5.2.4 Karakterisering deur parallelle personasies

In '*n Oomblik in die wind* is daar 'n suggestie van 'n ooreenkoms tussen Elisabeth en haar ma soos wat sy in haar jeug was: *"Het jy vergeet hoe jy vroeër nes sy was? Ook nooit tevrede nie, ook so ongetem?"* (p.31). So vra haar man aan haar toe sy haar uitspreek oor Elisabeth se dwing die binneland in. Nou is sy *"seurderig"* en nog steeds *"opstandig"* (p.31). Sy is in opstand teen haar man *"sonder ambisie"*, wat sit waar hy sit, en teen die land wat haar *"geknak"* het en wat haar twee seuns in die graf laat beland het (p.31). Dus toon sy in haar volwassenheid ook ooreenkoms met Elisabeth: laasgenoemde is ook in opstand teen haar man en die land. Sy is in opstand teen haar man omdat hy haar nie *"ontdek"* (p.31) nie. In haar aftakeling met haar miskraam besef sy: *"Uiteindelik word ons almal gebreek. Dis hierdie land: my ma het dit voor my al besef. En sy behoort te weet ..."* (p.48).

Adam tref 'n vergelyking tussen Elisabeth en sy eerste liefde: *"Eers sy: nou jy. Iets van jul trotse weerloosheid is eenders"* (p.136). Elisabeth herken haarself in die ooitjie by die rivier: *"Daar is iets in die onverklaarbare stilte van dié starende staar wat haar wil laat huil wat haar meer blootstel as die afstroop van haar klere, wat haar nog onbegrypliker en weerloos maak"* (p.38). Later is daar weer die parallel tussen haar en die ooitjie met 'n vooruitskou van die verraad wat sy teenoor Adam sou pleeg: *"Hy sal haar herken, die ooitjie met die groot oë: die lang hare, die teer borste die effens geswolle buik. En hy sal uitwaad en nie omgee dat die bokke na hom kyk nie: groot en styf soos 'n bul. Dan sal hulle die honde loslaat oor die bul ... Daar is altyd verraad"* (p.51). Toe Adam die bokkie wat by hulle in die spelonk ingevlug het, doodmaak om hulle aan die lewe te hou, verwyt sy: *"Sy't nie gedink jy sou haar verraai nie"* (p.123). Barend vergelyk weer vir Hester in haar wildheid met die skimmelperd uit hul seunstyd. Die ooreenkoms gaan ook verder wanneer hy erken: *"Net Galant kon hom naderhand inbreek"* (p.120). Ironie lê daarin dat hy nie bewus was dat hy met dié sinsnede profeties was nie - dit was immers Galant wat op die ou end vir Hester

ingebreek het.

Soos die geval met Elisabeth en ook met Jessica in Kennis van die aand, vind Hester van Houd-den-bek haar grootste dubbel=ganger in Galant. Aangesien dié studie hom toespits op die vrouepersonasies, sal wat dié ooreenkoms aanbetref, volstaan word by enkele opmerkings. Adam en Elisabeth sowel as Hester en Galant bevind hul in 'n wêreld waarin hul nie tuis is nie. Adam se vryheid word aangetas omdat hy slaaf is, en Elisabeth s'n omdat sy vrou is[39]. Hester sê aan Galant: *"Jy was die enigste wat my verstaan het"* en: *"Ons was die enigste twee wat nie by hulle ge=hoort het nie"* (Houd-den-bek, p.237).

Van die ander vrouepersonasies in Houd-den-bek toon trekke van ooreenstemming met Hester, hoewel daar nie een is wat 'n volkome parallel met haar vorm nie. Pamela, Galant se 'vrou', is seker die een wat, veral wat haar verhouding met Galant aanbetref, die grootste ooreenkoms met Hester toon. Ná die insident tussen Galant en Hester in die stal, is Hester se opdrag aan Pamela: *"Vat hom. Sorg vir hom. Moenie dat iemand weer so iets aan hom doen nie"* (p.206). Hiermee beklink sy 'n band en 'n gesamentlike belang tussen haar en Pamela: Galant. Dit is sy (Pamela) wat, na hulle eerste nag saam, die identiteitsvraag stel: *"Galant? ... Wie is jy?"* (p.209). Galant noem hulle in een asem: *"Kyk die stal: aan sy balke hang ek nog en dis Hester wat my kom losmaak. Dis Pamela wat in die donker vra: 'Galant, wie is jy?"* (p.337). Oor Pamela merk Galant teenoor Nicolaas op: *"Met Bet het ek saamgeleef oor 'n man vrou nodig het. Met Pamela is dit nie oor dit of dat nie. Sy's myne"* (p.230). Die uur met Hester op die solder sien hy as volg: *"daardie oomblik toe ek in die doodstil solder bokant die huis wat rumoer, die vrou gekry het wat altyd myne was"* (p.402). Ontong beskryf Pamela soos volg: *"bietjie maerderig, maar mooi, ... met die gevoel iets smeul in haar binneste, daar's vuur daar, en dié soort mengsel van vuur en water werk met 'n man"* (p.146). Galant sien haar ook só: *"En haar staan soos 'n jong bokkie se staan, so skraal van lyf, met die wildigheid in haar"* (p.155). Die vuur van Hester en Alida brand dus ook in Pamela.

39) Vergelyk die volgende opmerking van Annie Romein-Verschoor (1975:4) "In onse gangbare voorstellingswereld kan de vrouw evenals de neger alleen als zodanig optreden, niet als mens, de neger selfs niet als de man".

Die jong Alida, wat eers in haar ouderdom *"vergenoegd"* (p.46) raak, toon sterk trekke van ooreenkoms met Hester. Sy is in verset teen die 'manswêreld' wat haar wil ontken: *"Maar onder= werp sou ek my nie... My oorlewing sou bepaal word deur verset: ek sou saam met Piet bly lewe, maar my standaarde sou ek nie verlaag nie. Geduldig sou ek 'n beskaafde manier van doen òp die huishouding afdwing"* (p.50). Sy moes ervaar hoe albei haar seuns 'n lid van die vyandiggesinde manswêreld word (p.53). In Hester vind sy haar en haar *"klein kwaai trots"* (p.54) se redding. Alida neem sterk standpunt in teenoor haar man oor die kind Hester: *"Maar as jy ooit jou hand teen dié kind oplig, dan vat ek haar saam met my hier weg en dan sien jy ons nooit weer nie"* (p.56). Toe sy hom soos 'n Bart Nel van ouds deur die oop deur verwoed sien aanstryk oor die donker= geel veld *"yslik en uitdagend, onmeetlik groot in sy eensaamheid; en oorwonne"* (p.56), het sy geweet dat sy soos Hester dikwels in 'n tweestryd met Barend, geseëvier het. Die ou Alida toon ooreen= stemming met Elise en Susan - die vroue in Gerugte van reën en 'n Droë wit seisoen, wat vasgevang sit in reëlmaat en onderworpe is aan omstandighede. D'Alree, haar eertydse minnaar, bely sy teleurstelling in die nuwe Alida: *"Dit was nie haar ouderdom wat my geskok het nie. Selfs nou is sy 'n aansienlike vrou, al is sy so terug= getrokke en bedeesd, baie anders as die lewenslustige meisie van vroeër. Miskien was dit die teleurstelling? - dat so 'n lig so uitgedoof kon word"* (p.224). Soos Susan 'n ernstige senukwaal ontwikkel as gevolg van haar man se bedrywighede, is Piet hoofsaaklik die aanleiding tot die *"onverduurbare hoofpyne"*, wat Alida se *"lewe begin kenmerk het"* (p.54).

Cecilia, wat as tipe van die godsdienstige, deugsame vrou van daardie tyd, die absolute teenvoeter van Hester is, toon tog trekke van ooreenstemming met Hester wat hul verhoudings met hul mans aanbetref. Albei dwing hul mans vanweë hul houding en optrede tot onnoembare dade. Nicolaas: *"Die Here weet, dit was swaar genoeg om saam te lewe met Cecilia se vroom verwyte en haar minag= ting wat dit vir my al moeiliker gemaak het om haar as eggenoot te regeer:*

*en daarom is ek keer op keer teruggedryf, en elke keer met groter drif en dringendheid, na die donker aansporing van my manlikheid wat Ma-Roos aanbeveel het en waaraan ek, teen al my afsku in, verslaaf geraak het - en wat my natuurlik des te meer verfoeilik in Cecilia se oë gemaak het. Om haar te straf en my te laat geld: om my self te straf en daardeur haar houvas op my te erken: ..."* (p.218). En Barend: na een van sy gebruiklike twiste met Hester waarin hy haar altyd aangerand het, grom hy: *"Dis jou eie skuld, ... Dis jy wat my laat doen wat ek nooit anders sal nie"* (p.195). Die twee vroue het ook dít gemeen dat hul gebonde sit aan eggenote wat hulle in werklikheid verfoei vanweë beide mans se inherente swakheid. Cecilia en Hester is, hoewel dit op die oog af nie so blyk te wees nie, die dominante skakels in hul huwelike. Hierdie feit spreek al duidelik alleenlik uit die feit dat hulle hulle mans dwing to wandade. Ma-Roos sien haarself as 'n vry mens. Hiérin lê háár parallel met Hester: Sy sê aan Galant: *"Ek woon waar ek wil, Galant. Ek leef op niemand se genade nie. Ek is 'n vrye mens"* (p.97).

Van die vae randpersonasies het ook van Hester se eienskappe. So is daar die 'mal' Lydia. In haar willose onderwerping aan Nicolaas se seksuele attensies, herinner sy aan Hester wat haar liggaam uiteindelik aan haar man se eise onderwerp sonder om iets van haarself in te boet. Die reaksie wat Hester se optrede by haar man uitlok, is soortgelyk aan dié wat Nicolaas ondervind wanneer hy hom met Lydia bemoei: *"Party nagte het ek lus gevoel en verwurg haar, net om haar te dwing om darem te reageer:"* (p.140). Lydia se oorheersende vryheidsdrang om weg te kom uit 'n wêreld wat sy nie verstaan nie, skrei uit haar woorde: *"Eendag vlie ek weg nes die swaels"* (p.117).

Wanneer die klein Helena haar een en enigste spreukbeurt kry spreek sy haar verwondering uit oor 'n grootmenswêreld waarin sy nie hoort nie en wat sy nie verstaan nie; haar kinderlike wêreldvreemdheid korreleer met Hester s'n: *"'n Grootmenswêreld wat jy tog nooit sal verstaan nie en waaraan jy nie behoort nie"* (p.387).

Bet se ooreenkoms met Hester lê in haar opstandigheid en verset: *"'Ja, Baas,'... Maar ek dag: Jou moer. Moenie vir mý kom aansê nie. Ek is nie Lydia nie"* (p.11 ). Elisabeth word vergelyk met die 'groot=oogbokkie' (soos reeds aangetoon) en daar lê 'n parallel tussen Hester en die verdwaalde bruin merrie wat op 'n Saterdagmiddag op die plaas by Barend-hulle aangekom het. Barend beskryf haar so: *"... 'n mooi halfwilde ding wat vir ons almal vreemd was"* (p.318). Hierdie stelling vind aansluiting by Steenberg (1983b:61) se bewering *"... dat die implisiete outeur 'n bepaalde simbool gebruik om sý standpunt in verband met 'n personasie te verteenwoordig, en vir Galant is dit die perd, wat groei tot simbool van viriliteit, vryheid, opstand, heerserskap en selfs tot seksbeeld."* Hester is 'halfwild' en 'vir almal vreemd' as gevolg van haar opstand en haar vryheidideaal.

5.2.5 Klassifikasie van personasies

5.2.5.1 Sentrale en randpersonasies

In 'n Oomblik in die wind bestaan daar geen twyfel dat Elisabeth en Adam gesamentlik die twee sentrale personasies in die werk is nie. Die hele gebeure sentreer om hulle en die ontwikkeling van hul verhouding. Daar word baie aandag aan hulle karakteri=sering gegee deur dialoog, gedagtepraat en bewussynstroom. Hierop is reeds gewys in 2.2 en 2.3. Die ander personasies soos Larsson, Elisabeth se vader en moeder, Adam se moeder, sy baas, oubaas Jacobs en die Hottentotte fungeer as vae rand=karakters rondom die hoofpersonasies. Die bietjie wat mens om=trent hulle te wete kom, het te doen met die hoofpersonasies. 'n Baie sentrale gegewe, hoewel dit nie 'n personasie is nie, is Suid-Afrika - die 'land' wat in dié werk bestaan uit twee wêrelde: die Kaap en die lewe soos dit daardie tyd daar gelei is met sy Victoriaanse lewenstandaarde *"Sondae in die kerk. Ma wou so graag nader aan die preekstoel kom, maar die plekke het hulle uitgedeel volgens rang"* (p.23), en die onontginde binneland, waar 'n nuwe lewenswyse ontplooi: die eksistensialistiese, volgens Elisabeth se werklikheidsinstelling: *"ek weet*

*niks meer van die Kaap nie, ek kan nie eens meer onthou hoe dit daar was nie. Party dae weet ek nie of ek my dit alles verbeel het nie. Al wat oorbly, is hier*" (p.154). Hierdie twee wêrelde en ook die fisiese realiteite van die binneland het 'n groter invloed op die twee hoofpersonasies as op die randpersonasies. Fig. 12. toon die spreiding van sentrale en randpersonasies in Oomblik.

In Houd-den-bek is Hester en Galant nie so op die oog af te onderskei as hoofpersonasies nie, as gevolg van die groot aantal personasies in die werk wat elk 'n deeglike kans gegun word om sy sê te sê. By nadere ondersoek maak mens die gevolgtrekking dat meeste van die gebeure, verhoudings en personasies tóg om dié twee draai.

Die verhouding tussen Hester en Galant word nie so volledig uitgewerk soos die liefdesverhouding in 'n Oomblik in die wind nie, tog vleg dit soos 'n silwerdraad deur die werk, gebou op 'n paar uitgeligte insidente, om dan aan die einde van die werk die hoogtepunt van die roman te vorm (kyk 3.1). Dan is daar die volgende verhoudings: Hester-Barend, Hester-Nicolaas, Hester-Alida, Hester-Pamela, wat almal om Hester draai. Wat Galant aanbetref, is daar verhoudings soos: Galant-Nicolaas, Galant-Ma-Roos, Galant-Pamela, Galant-Bet. Hy neem ook die leiding met die opstand - nog 'n belangrike gegewe wat soos 'water' deur die werk sypel. Hester staan uit ten opsigte van die ander vrouepersonasies omdat sy nie van hulle 'wêreld' is nie.

Daar is personasies wat redelik na aan die sentrale figure lê. Die karakter van Cecilia word taamlik deeglik uitgewerk by wyse van haar optrede, dialoog en gedagtepraat. Hoewel sy oënskynlik 'n tipe is van die ideale vrou van daardie tyd met haar vormgodsdiens en onderwerping aan die man, raak sy tog 'n bietjie meer as net dit, veral wat haar verhouding tot haar man aanbetref. Haar wreedaardige optrede teenoor Lydia ná haar man se verraad, spreek tog, ironies genoeg, van menslikheid. Geen mens

FIGUUR 12. SPREIDING VAN SENTRALE EN RANDPERSONASIES IN " 'n OOMBLIK IN DIE WIND"



sal sulke optrede duld sonder een of ander reaksie nie. Bet rapporteer dit: *"Eers die slanery. En ook nie net slaan nie: heel=tyd praat die Nooi. Dis half of sy huil soos sy praat... Dan kom die Nooi uit en Lydia word voor haar uitgestamp en sy't nie 'n draad klere aan haar lyf nie"* (p.111). Ook Ma-Roos word meer as 'n tipe - die wyse - sy toon menslikheid in haar liefde vir beide Nicolaas en Galant en in haar 'daarwees' tydens die opstand, soos sy bely: *"Om daar te wees: dit is wat saak maak. Ons is almal net mense, en ek is jammer vir almal, want ek is die ma van almal"* (p.345). Selfs Alida in haar enkele volledige spreukbeurt word meer as 'n vae randfiguur. Sy toon ontwikkeling in karakter en uiteindelike aanvaarding en berusting. Fig. 13. toon die meer eweredige spreiding van sentrale en randpersonasies in Houd-den-bek.

5.2.5.2 Ekspressiewe en nie-ekspressiewe personasies

Hoofsaaklik as gevolg van die perspektief in beide werke met toevoegings soos gedagtepraat, bewussynstroom, die woordelose gesprek, asook die spreekbeurte in Houd-den-bek, wil dié studie beweer dat die personasies in die twee werke onder bespreking, oor die algemeen meer ekspressief gaan wees as dié in die reeds bespreekte romans. Daar is nie so 'n duidelik-waarneembare manipulasie van die skrywer agter die verteller nie, en die vrouepersonasies word ook nie so eensydig gebeeld deur die oog van die verliefde, verblinde manlike personasie nie. Hoewel Elisabeth in Oomblik en Hester in Houd-den-bek nog steeds, soos die reeds behandelde personasies, gekniehalter sit aan karakter=eienskappe soos, buitestaanderskap, drang tot vryheid en self=standigheid, opstandigheid en 'n eksistensialistiese lewen=siening, word dié eienskappe by hulle meer gemotiveerd aan=gebied, en daarom behoort lesers makliker met hulle te indenti=fiseer. Hulle word dus meer gerond en minder vlak en eensydig aangebied.

In 'n Oomblik in die wind word daar op dramatiese wyse gebeeld hoe Elisabeth volgens die moed van haar oortuigings handel, en

FIGUUR 13. SPREIDING VAN SENTRALE EN RANDPERSONASIES IN *"HOUD-DEN-BEK"*



die vreemde binneland intrek saam met 'n half-vreemde man wat sy nie lief het nie. Wanneer 'n leser so saam met die persona= sie die gevolge van haar dade ervaar, kan hy meer simpatiek staan teenoor haar as byvoorbeeld teenoor Jessica, Bea en Melanie, wat sommer tydens hul eerste ontmoetings met die manlike hoof= personasies vertel hoe hulle vaarwel gesê het aan hul gebonde lewens. Wanneer Elisabeth dan in dié woeste binneland begin wonder oor selfidentiteit, word dit deur gedagtepraat van die 'ek' met die 'ek' baie beter by die leser tuisgebring as die opper= vlakkige dialoog waarmee die ander karakters hierdie essensiële lewensprobleem aan hul minnaars stel: "'*Is dit ek? Sy vra dit weer, half-hardop, verwonderd oor haarself. 'En as dit ek is - wie is ek?*'" (p.37). En dan volg haar gedagtepraat: "*Wat maak ek hier, ek? Wie is ek wat so lyk?... Is dit die kontoere van my ek? En as iets daarvan verander - as my borste of my buik begin te swel, my hande skraler word, my geslag ryp word soos 'n vrug, my ribbes effens sigbaarder - word ek dan daarmee meer of minder, krimp en groei? Waar skuil dit: ek?*" (pp.37,38).

Die hedendaagse vrou wat nog steeds met dieselfde dilemma sit, as dié waarteen Elisabeth in opstand kom, sal haar vereenselwing met Elisabeth se opstand teen die miskenning van haar as indiwidu omdat sy vrou is: "*Dit was mos die doel van alles: Dat mens moes mooi wees vir 'n man. Maak nie saak wat sý wil nie: jou lewe word bepaal deur iemand anders... Ek kon my sin met alles kry: op voorwaarde dat ek my net nie vermetel hou en probeer dink nie, want dit pas nie by 'n vrou nie*" (p.120).

Die verhouding wat daar tussen haar en Adam ontwikkel, wil die studie beweer, gaan ook meer deur die leser aanvaar word as die ander 'ongeoorloofde' verhoudings in die reeds bespreekte werke. Die eenvoudige rede is die feit dat daar nie halsoorkop met die eerste kennismaking, letterlik in die bed getuimel word soos die geval is in Kennis van die aand en Gerugte van reën nie. Ook 'n Droë wit seisoen is nie 'n uitsondering op sy voorgangers nie.

Hoewel die hoogtepunt van die liefdesverhouding ietwat uitgestel word, word daar tot en met die 'klimaks' nie veel aandag aan die ontwikkeling van die verhouding gegee nie. Die leser beleef die geleidelike ontwikkeling saam met die twee: Hul aanvanklike antagonisme teenoor mekaar, die 'oomblik' in die paradys en die moeisame voltooiing van die sirkel. Hierdie aspek word breed= voerig bespreek onder 3.1. Hier kan volstaan word met die enkele vraag of 'n Martin Mynhardt ooit sy liefde in sy bewussyn sou ervaar soos Adam: *"Jy staan maar stil langs my. Jy is besmeer en oortrek van stof; die sweet het strepe oor jou verbrande gesig getrek, jou hare is gekoek van die vuil; daar is kepe by jou mond wat nooit tevore daar was nie; jou oë is bloedbelope en benoud; jou borste het begin sak en die tepels is swart verskroei. Mens gereduseer tot stof. Ek herken jou. En nog nooit het ek jou so liefgehad soos nou nie"* (Oomblik, p.149).

Geringe insidentjies wat beskryf word, maak van Elisabeth meer méns. Soos die dag toe die hond 'n dooie meerkat uit die veld gebring het en dit voor Adam se voet kom neerlê het: *"Dit het haar so ont= roer dat sy haar kop moes wegdraai sodat hy die trane nie moes sien nie"*(p.154).

Ten slotte wil dié studie die bewering maak dat Elisabeth, hoof= saaklik te danke aan die besondere perspektief, (kyk 2.1, hierbo) maar ook aan elemente soos die gebeure waarrondom die verhaal sentreer, die ekspressiefste vrouepersonasie van Brink se sewentigerwerke is. Daar moet egter nie uit die oog verloor word dat dit gewis nie die outeur se bedoeling was om slegs 'n pragtige liefdesverhaal te skryf nie (kyk hfst.2.2). Daarvoor sorg die duidelike stel van twee wêrelde en twee waardesisteme teenoor mekaar asook die goeduitgewerkte Blanke-verraad aan die einde (kyk 3.1). Fig. 14. toon die spreiding van ekspressiewe en nie-ekspressiewe personasies in 'n Oomblik in die wind.

Kort op die hakke van Elisabeth as ekspressiefste vrouepersonasie, volg Hester. Sy is meer ekspressief as die personasies in die reeds afgehandelde werke. Dit is soos by Elisabeth, hoofsaaklik

FIGUUR 14. SPREIDING VAN EKSPRESSIEWE EN NIE-EKSPRESSIEWE PERSONASIES IN *" 'n OOMBLIK IN DIE WIND"*



toe te skryf aan die perspektief (kyk hierbo). Sy is egter een van 'n koor stemme en daarom kān haar personasie nie dieselfde ver= dieping as diē van Elisabeth toon nie. Daar is reeds in 2.3 daarop gewys hoe sy haar onderskei van personasies soos Jessica, Bea en Melanie deur haar besonderse taalgebruik. Die leser ervaar haar ook as iemand met 'n diep innerlike lewe, veral wanneer sy haar liefde en siening van die natuur weergee. Soos die geval met Hester, gaan die vroueleser beslis simpatie hê met haar opstand oor die diskriminasie teenoor die vrou.

Steeds vanweë die perspektief word personasies soos Cecilia, Ma-Roos en Alida ook meer ekspressief. Die leser kry ook 'n kykie in hul binneste. Op dié manier word Cecilia, byvoorbeeld, méér as net 'n tipe. Uit die volgende stukkies gedagtepraat openbaar sy haar as 'tipe', as die ideale vrou van daardie tyd: *"... mens moet jou plek ken... Ek het van kleins af geweet ek is gebore om 'n man by te staan, so was dit reg, ... Deemoed. Dis wat nodig is. Dat 'n vrou se waarde kan wees soos korale... Mens moet jou voorberei op vernedering..."* (pp.89,90). Wanneer sy aan Nicolaas sê *"Daar is 'n manier van doen, ... Moenie dat ons die Here se toorn ontlok nie"* (p.91), word sy die verge= stalting van die vormgodsdiens wat die outeur aan daardie tyd toedig. Maar wanneer sy haar in die volgende aanhalings openbaar as iemand wat tog ook maar haar eie bietjie onafhanklikheid kan geniet, word sy minder tipe en meer volledig mens en sodoende moontlik vir die leser meer aanvaarbaar en identifiseerbaar. Bewus van haar eiewaarde en lewenshouding bely Cecilia: *"En hier het ek op my eie manier ook 'n bietjie baas geword ... en dit sou ek nie sommer weer prysgee nie ... In dié huis was ek Nooi. Op dié werf kon ek my eie woord spreek... Die tuin het ek laat uitlê volgens mý sin en mý manier van kook"* - en wat Nicolaas aanbetref: *"Dat deur die erkenning en miskenning van my liggaam hy 'n mag in my oor hom bevestig het"* (pp.92,93).

Eén van die opvallende eienskappe by Ma-Roos wat haar meer ekspressief maak, is haar besonderse taalgebruik. Hier geken= merk deur die natuurmotiewe daarin: *"Winters wil ek afgaan, dan*

*dood ek amper uit, die Bokkeveld is koud. Maar somers loop ek tog weer uit, elke slag nuut van voor af, soos 'n ding wat groei. My lyf hou met die seisoene saam, maar my wortels is diep in die klip"* (p.18).

Fig. 15. toon die spreiding van ekspressiewe en nie-ekspressiewe personasies in Houd-den-bek.

## 5.3 Ooreenstemming tussen personasies uit betrokke werke onderling en personasies uit die 'eksperimentele' fase

### 5.3.1 Man-vrouverhouding

'n Oomblik in die wind is nie alleen dié werk van Brink waarin die verhouding tussen 'n man en 'n vrou die beste uitgewerk is nie - dit is ook een van die mooiste liefdesverhale in die moderne Afrikaanse letterkunde.

Waar die ander verhoudings tot dusver gekenmerk word deur 'n oppervlakkigheid, 'n konsentrasie op die seksuele, met 'n flou poging om die seksuele te skets as die manier waarop die twee partye mekaar en die 'self' ontdek, is hierdie roman die breed=voerige ontroerende dramatiese beskrywing van hoe twee mense mekaar liggaam en siel leer bemin.

Soos met die ander verhoudings die geval is, is hierdie liefdes=verhaal nie 'n halsoorkop intuimel in 'n intieme verhouding nie. Daar is 'n aanvanklike antagonisme teenoor mekaar wat albei partye moet oorwin. Die een is bang om sy vryheid ter wille van die ander in te boet. Elisabeth wat as gevolg van haar vrouwees op Adam aangewys is vir beskerming in die onbekende wildernis, wat vir hom bekend is, se enigste verweer is om terug te val op haar Kaapse gedrag en haar boeke en joernale: *"Maar vir jóú is ek bang... En al manier om jou in toom te hou, is om jou, soos enige wit vrou van die Kaap te beveel... Maar wát vrees ek van jou?"* (p.50).

Elisabeth vind in Adam haar eweknie: hy het net so 'n sterk opstandsgevoel en vryheidsdrang soos sy. Hy laat hom ook nie

FIGUUR 15. SPREIDING VAN EKSPRESSIEWE EN NIE-EKSPRESSIEWE PERSONASIES IN *"HOUD-DEN-BEK"*



summier domineer nie. *"Dit is die eintlike rede, dink hy... dat hy in beheer moet bly. Dat sy afhanklik moet bly van wat hý besluit"* (p.63). Die verloop van hul verhouding is glad nie rustig nie. Telkens sê of doen die een iets waaroor die ander hom opruk. En dit maak Elisabeth moeg. *"Dis op die duur meer uitputtend as die lang stap deur die dae"* (p.64). Die muur begin verkrummel tussen hulle wanneer hulle dit kan regkry om met mekaar oor hul vroeëre wedervaringe in die Kaap te gesels. Wanneer beide daarin slaag om hul illusies en waan omtrent die Kaap af te skud en mekaar as gelykes te aanvaar, neem die verhouding 'n ander dimensie aan. Dit lei tot liggaamlike en fisiese eenwording en 'n 'oomblik' van paradyslike bestaan - 'n enkele keer in sprokiestyl gerapporteer: *"En daar was 'n bos en 'n see. Moet dit nooit vergeet nie. Daar wás 'n paradys"* (p.187). Nou sien sy hom nie meer as slaaf nie, maar as: *"Man. My myne, my man"* (p.87). *"Vir al die ander was ek nog net 'n vrou, 'n iets. Jy is die eerste mens vir wie ek mens is. Daarom durf ek vir jou vrou wees"* (p.131).

Dit is Elisabeth, wat weens haar ou opstandigheid en ongedurigheid uiteindelik besluit om die idille te verbreek, om die sirkel te voltooi: *"ons moet oppak. Ons moet Kaap toe"* (p.114).

Hul veeleisende tog terug Kaap toe spreek van opregte liefde, onselfsugtigheid en sorgsaamheid teenoor mekaar. Wanneer 'n uitgeteerde, uitgemergelde Elisabeth op 'n keer opmerk *"Ek is so lelik. Ek het so verskriklik geword"*, is sy eenvoudige antwoord: *"Ek het jou so lief"* (p.171). Toe sy op een tydstip besluit: *"Mens dink jy kan aanhou, maar eendag móét jy ophou"*, dwing hy haar om van die slang te eet: *"Eet. My liefling"* (p.155).

Namate hul die Kaap nader, neem die onrus toe: *"Ons twee Kape is nie dieselfde nie. Jy weet dit tog"* (p.182). Toe hulle die eerste keer weer klere aantrek, is hulle skaam om na mekaar te kyk, *"asof hulle pas agtergekom het dat hulle nakend is"* (p.190).

Die implisiete outeur se stem slaan vir die eerste keer duidelik

deur, wanneer Elisabeth verraad pleeg die oomblik toe hulle in die Kaap aanland. Kort voor hul aankoms in die Kaap het sy dan nog besluit: *"Hiervoor sal ek stry ... Maar ek sal baklei daarvoor. Om een vlees te mag wees. Waarom anders het ons dié lang pad gereis?"* (p.195). Dit is 'n slim truuk. Dit behoort die leser te ontstel en aan die dink te sit - na alles wat hulle vir mekaar beteken het, dit? Die outeur het dwarsdeur die werk hom daarvan onthou om kant te kies; Adam en Elisabeth is gelykwaardig gebeeld sonder dat die leser kon agterkom dat die outeur sy simpatie vir een van hulle uitsonder. Die tema van verraad word ook op 'n besondere fyn wyse by die werk ingeweef: daar is die verraad teenoor die bul en Elisabeth se 'skoongewaste' reaksie daarop, daar is Adam se verraad teenoor die bokkie en die hond, daar is ook Lewies se verraad teenoor Adam en dan is daar Adam se gedagtes nadat hy die hond keelaf gesny het: *"Dis soos 'n vrou. Dis soos liefde. Daar is altyd verraad"* (p.165). Dan is daar Elisabeth se laaste woordelose gesprek met Adam: *"In ons wintergrot het 'n bokooitjie kom wegkruip... En jy het haar doodgemaak: net soos die hond wat ons lewe gered het. Mens moet leer saamleef met verraad..."* (p.198).

Wat die dominante rol van die vrou ten opsigte van die man aanbetref, is dit moeilik te bepaal of Elisabeth wêl die dominante komponent in die verhouding is. Tog is dit so. Adam neem wel die meeste besluite wat bepalend is vir hul oorlewing. Belangrike besluite soos die terugkeer na die Kaap en haar uiteindelike verraad, berus egter by Elisabeth.

Die verhouding en die ontwikkeling daarvan in Houd-den-bek is nie naasteby so 'n oorheersende gegewe soos in 'n Oomblik in die wind nie. Daarom dat die klimaks aan die einde wat berus op die seksuele ervaring tussen Hester en Galant, so onoortuigend is. Dit lê hier net in woorde: *"So 'n kort uur, so donker, so lig ... "Maar in dié privaatste van alle dade, ongerekend deur die beskaamde wêreld, het ons tesaam die geskiedenis binnegedring: hier is ons. Kyk ons is vry"* (p.401). Galant som die brokstukke waaruit hul verhouding

opgebou word, as volg op: *"Net gestaan, sy, ek. Met alles op tussen ons. Die donkerte soos 'n kombers waarin ons saam toegedraai is, skoon kinders nog, in die rook van Ma-Roos se hut. Haar stories was rondom ons. Ons was in die veld, 'n slang het haar gebyt, die gif het ek uitgehaal. Ons was in 'n stal in die swaarte van die ruik van perd en strooi, bloed=hale oor my rug, en sy het my arms losgemaak, met haar hande het sy my lyf gewas. In 'n skemerdonker kombuis was ons saam: Bly hier, moenie gaan nie, moenie roer nie, bly, ek is alleen"*(p.398). Die verhouding is dus nie veel dieper uitgewerk as die verhoudings in Kennis, Gerugte en Seisoen nie.

Soos Jessica, Bea, Melanie en ook die personasies uit die 'eksperimentele' fase, ervaar die vrouepersonasies tydelike vervulling in die man-vrouverhouding. So sien Elisabeth dit: *"Bestaan geluk dan? Of is dit net iets waarna jy verlang? Nee! ek het dit deurgrond, ek het dit gedrink, dit bestaan, ek ken dit. Die paradys bestaan. Al sien mens dit net in oomblikke van genade; al is dit altyd bedreig"* (Oomblik, p.193). En Hester: *"hy splyt en kloof en skeur my, slag my, stel my ongelooflik vry... die kaalheid van 'n kind in 'n dam, skaamteloos en die ene ja: ek is - ek is - ek is. Dors my, breek my, vorm my: stromende vuur"* (Houd-den-bek, p.400).

Waar die meeste ander verhoudings tragies geëindig het, is die einde in Houd-den-bek klaarblyklik 'gelukkig'. Die werk bring ook balans wat die swart-witverraad aanbetref. In Kennis van die aand maak Josef hom aan die daad van verraad skuldig, in 'n Oomblik in die wind is dit Hester, terwyl daar in Houd-den-bek nie sprake van verraad (tussen die minnaars ten minste) is nie. Dié feit blyk ook een van die redes te wees om aan te voer dat Hester nié die dominante figuur in die man-vrouverhouding is nie. In haar verhoudings met Nicolaas en Barend is sy dit wél en beklemtoon so hul 'swakheid'. Vir Galant domineer sy egter nie. Daarom dan ook die sintaktiese manipulering aan die einde wat dit onseker maak wie die leiding geneem het tot die finale daad van fisies eenword.

5.3.2 Hoe die manlike personasie die vrouepersonasie sien

Romein-Verschoor,(1975:4) lig 'n feit uit wat 'n kostelike ooreenkoms toon met die man se siening van die vrou in dié twee werke, naamlik dat: *"in een door blank beheerste cultuur het sociaal opgeleide (seksueel) gedrag van de zwarten alleen als afwijkend beschouwd zou kunnen worden, met name tegenover de blanke vrouw".* Romein-Verschoor wys verder op 'n uitspraak van Elridge Cleaver in Soul on ice (1968): *"Het is een ziekte, ons hele leven zien we een blanke vrouw voor onze ogen dansen als een worst voor een hond: je mag er naar kijken, maar aankomen niet!"*

Adam bevestig hierdie woorde wanneer hy in sy gedagtes Elisabeth as volg aanspreek: *"Jy: die allerlaaste jy-mag-nie, die onaanraak=baarste van alles, jy: wit vrou"* (p.16). Na sy intieme verkeer met Hester, besef Galant: *"Ek dink ek verstaan nou eers reg wat die man in Tulbagh se tronk gesê het. Die ergste van alles het ek gedoen, en selfs al sal hulle nooit daarvan weet nie, dan is dít waarvoor hulle my op die end sal doodmaak. Want dit is die een vryheid wat regtig vir hulle gevaarlik is"* (p.402). Die man in Tulbagh se tronk het gesê: *"Weet jy dan nie dis die ergste van alles nie? Die eer van 'n wit vrou, daarby kom niks"* (p.160).

Met hierdie basiese siening van die vrou waarop die verhoudings in die twee werke dan berus, kry mens 'n welkome afwisseling in die siening van die vrou as tegelyk eteries en biologies, wat in die werke tot dusver voorkom. Selfs wanneer beide verhoudings hul hoogtepunt bereik, ontbreek die oorgeromantiseerde be=skrywings deur die verliefde man van die vrou wat hy bemin. Die sienings in dié werke word meer realisties aangebied en daarom het dit meer trefkrag en is dit meer aanvaarbaar.

Wanneer Adam homself aan Elisabeth gee, besef hy dat sy sy vryheid in pag neem (pp.186,187). Hy stel dit duidelik: *"Ek gaan nie maar om=dat jy my kan vrykoop nie: as jy dít bedoel. Dis oor ek sonder jou nie*

*meer kan vry wees nie"* (p.121). As hy wél die biologiese in haar in woorde uitdruk, vergelyk hy haar meesal pragtig en onoortref= lik met die natuur: *"Alles herhaal jou, in alles herken ek jou. In die kuil anderkant die rotse, in die roer van vrouehaarvaring, die naat van 'n boerboon gedop uit sy peul, die skielike swenk van 'n meeu, 'n veer wat op die sand val, wildekalbassis, die sproei van 'n brander, seeskuim"* (p.90), *"Jy smaak soos water en grond. Jy's pragtig. O, God, jy's so mooi"* (p.181). Hy is hom deeglik bewus van haar 'kern van onafhanklikheid': *"Selfs as jy by my is, as ek in jou is en jy jou oë toemaak: is dit oor jy gelukkig is, of omdat jy my eintlik probeer uitsluit?"* (p.91).

Pragtigste en oortuigendste is egter wanneer sy as volg lyk toe sy vir die eerste keer in 'n lang tyd weer 'n rok aantrek: *"Dit hang soos 'n sak aan haar. Haar verskrompelde hande en verskroeide, ver= trekte gesig steek byna grotesk teen die kant en die valletjies af; haar hare is gekoek en touerig"* (p.172). Hy wil sy oë toemaak; wil wegkyk, wil huil, maar verseker haar skor: *"Jy lyk pragtig"* (p.172). Dít het trefkrag. Dít is menslik en dit móét die leser aangryp en oor= tuig van die egtheid van die verhouding.

In Houd-den-bek staan veral één siening van die vrou op die voor= grond. Daar is reeds in 2.3 gewys op Elisabeth, Hester en ook Alida se verset, sowel as Cecilia se berusting in dié siening in 2.4. Dit is naamlik die 'ouwêreldse' siening van die man van die vrou as weinig meer as slaaf - 'n besliste aantasting van haar menswaardigheid. Steenberg (1984:128) stel dit so: *"In hierdie lig beskou, word die beperkende lewensomstandighede van die vrou in hierdie gemeenskap, waarvan die leser veral deur die versugtinge van Hester en Alida bewus word, gebou op dieselfde grondslag as slawerny: dié van 'n tradisie wat met 'n besondere interpretasie van die Bybel geregverdig word."* Alida besef vroeg in haar getroude lewe dat sy haar misreken het toe sy gedink het sy kan haar toekoms deur haar kinders verseker: *"my enigste nut was om hulle in die wêreld te bring sodat Piet hulle kon wegneem om hulle na sy eie beeld te vorm"* (p.52). Dis ook Piet wat nie

so in sy skik is met die gedagte aan Hester as aanstaande skoon=dogter nie, want hy sou eerder wou hê dat sy seuns *"groot, lang vroue trou. Dié met breë heupe is beter vir kinders"* (p.69). Ironies, is Hêster toe die een wat die seuns baar en nie Cecilia, die een met die regte 'lyf' nie. Dieselfde Piet het ook sy skreiende siening, wat hy nogal op verdraaide wyse op die Woord [40] grond, omtrent slawevroue. *"Van ek Alida gevat het, was ek nooit by 'n ander vrou nie. Nie 'n witvrou nie. Van meide sê die Woord niks. Hulle is gemaak vir 'n bietjie plesier in die lewe, anders was alles net moeite en verdriet"* (p.20). Steenberg (1984:125) maak die opmerking dat Piet se motivering vir die huwelik met verwysing na die skepping van die vrou (p.21) eg is. Dan beweer hy verder: *"Die beskrywing van sy ontvoering van en troue met Alida as 'die Here se wil' (23) is weer suiwer humor, omdat hy sy eie manier van vrouvat tot norm verhef."* Mens wil dit eerder 'ironie' noem in plaas van humor en daaragter die hand van die implisiete outeur bemerk waarmee hy die lewens=beskouing van die ou mens van daardie tyd aan die kaak stel en dit uitwys as dooie mite. Barend se siening van die vrou kom in hoofsaak neer op dieselfde as sy pa s'n: *"daar is dinge wat 'n vrou se begrip te bowe gaan,..."*(p.125). Steenberg(1984:125) beweer tereg na aanleiding van Barend se uitbarsting na Hester se vroeë miskraam, dat hy die gesagsposisie van die man uit die Skrif aflei: *"Ek het geweet daar sit iets goddeloos in. Die manier waarop sy haar teen kinders verset het... As dit nie 'n gruwel voor die Here was nie, dan weet ek nie... 'n Man mag hom nie laat bespot nie, dis 'n laster teen die hemel self"*(p.120). Nicolaas handhaaf ook sy pa se standaarde: *"Ek was baas, sy slavin; sy sou doen wat ek vra: en daarmee was dit uit en gedaan"*(p.140). Steenberg (1984:129) verwys na die *"... voorrang van natuurlike liggaamsbehoefte by Nicolaas, soos trouens ook die geval is by sy vader, en die misbruik van sy mag om sy ondergeskikte se eer en vryheid nog verder te skend:..."*.

Teenoor hierdie siening kry 'n mens die Swartman se spontane siening van die vrou as hoofsaaklik biologies-beskik=bare wese: Abel stel dit so: *"As daar 'n ding is wat ek weet, dan is dit dat min dinge so bitter is dat die soetigheid van tee en vrou nie*

40) Steenberg (1984:125) praat van "... sy verwringing van die Bybelwaarheid en sy selfregverdiging vanuit 'n negentiende-eeuse oppervlakkig-valse Viktoriaanse lewensbeskouing en vormgodsdiens."

*troos nie. Vat bossietee: hy't al die son en die reën van die berge in hom, hy haal sy sap onder uit die grond uit en dan pluk jy hom. Jy gooi hom oop en jy laat hom sweet, jy slaat hom en jy trap hom, en in ruil gee hy vir jou die soetste soet. Vrou ook"* (p.184). En: *"die vlamme van die nuwe vuur so dans-dans op die ligbruin van haar vel, die wange, die skouers, die pramme, want sy't opgestaan soos sy geslaap het en sy was bo=langs kaal; en as sy versit, kom daar 'n roer in hulle, effens soos water waar die wind oor gaan, dat jy voel nou trek jou rugstring styf"* (p.188). Galant sien die saak so: *"Jy klim tussen 'n vrou se bene in en dan is jy daar vir jou lewe. 'n Kind kom los in haar binneste en dié hou jou"*(p.252) Dan is daar ook die Swartman se ander siening van die witvrou as dié wat reeds in par. 1 en 2 op gewys is. Klaas reken: *"As hulle vir jou goed is, is dit die ergste: want jy weet nie wanneer hulle die prys kom opvra nie"* (p.286).

Dit lê in die aard van die mans wat hulle 'beleef', dat aan die 'eteriese' sy van die vrou nie veel aandag gegee word nie. Barend erken dat dit die *"wildheid"* (p.120) in Hester was wat hom haar die meeste laat begeer het. Nie soseer haar liggaamlike aantrek=likheid of 'n sogenaamde 'heilige' aspek nie. *"En hoe kwaaier sy met my was, hoe meer het ek haar begeer"*(p.120). Nicolaas is omtrent die enigste manlike personasie wat aan Hester 'n ietwat eteriese aspek toeken: *" ... die smal bruin lyfie wat met die gladde wellus van 'n otter buitel en duik, die lang donker hare nat, skitterende druppels as sy uitklim, <u>haar verwonderlike meisieheid</u>"*(p.67).

### 5.3.3 <u>Die ideologie van die eksistensialisme vergestalt in die vrouepersonasies</u>

Elisabeth word sekerlik dié vrouepersonasie in die sewentiger=romans van André P. Brink wat die nuwe leefwyse gebaseer op die eksistensialisme die intensste ervaar en uitleef. Waar die oombliksmens in die reeds bespreekte werke volstaan by 'n opper=vlakkige beelding, word sy werklik in die binneland iemand met 'n volslae nuwe lewensiening en lewensbenadering. So ervaar sy dit: *"Met die uit-asem, bang opwinding van 'n kind wat die verbode doen,*

*eksperimenteer ek: met jou, met myself, met die hele nuwe manier van lewe"* (p.88). Om hierdie rede gaan daar in dié afdeling in die besonder aandag geskenk word aan haar as draer van die ideologie van die eksistensialisme.

5.3.3.1 Die soeke na die self

Dat die lewe draai om die ek, kulmineer by Gunhilde in Miskien nooit in 'n egosentriese lewensbeskouing. Sy deel die skrywer-verteller mee dat sy slegs een belangstelling het: haarself (p.29). Seyffert (1970:144) kom tot die volgende slotsom oor haar: *"Hoe Brink ook al gepoog het om deur die karakterisering van Gunhilde 'n dieptebeeld te skep, ... kon Gunhilde as romankarakter nie van die gewone en alledaagse ontkom nie."* Hy wyt hierdie feit aan die bose romanwêreld waarin sy haar bevind.

Elisabeth, daarenteen, bevind haar in die ongeskonde, ongerepte, binneland met alle moontlikhede in haar guns vir die ontwaking tot 'n nuwe lewe: *"Dis nie 'n wrede land nie, net apaties. Hy neem van jou af wat oorbodig is: ... Dat jy kan jyer word"* (p.51). Deuren=tyd spook sy met die probleem van die ek. Heel aan die begin vra sy: *"Wie is ek wat so lyk,"*(p.37). Wanneer sy besluit dat haar *"eendag"* (p.155) om op te hou lewe, aangebreek het, prewel sy: *"Nou gaan ek dood ... en ek verstaan nog altyd nie. Ek weet nie wat ek hier doen nie"* (p.156). Aan die einde skrei dit nog steeds uit haar binneste: *"As dit ek is: wie liewe God, is ek?"* (p.175) en *"Altyd die onberekenbare in myself, dié geheime, ondeurtrapte binneland"* (p.198).

Hester in Houd-den-bek het ook dié worsteling, maar nie so diep-deurleefd as by Elisabeth nie. 'n Enkele keer wonder sy: *"Hier is ek: maar wie is ek?"*(p.200).

Die blootstelling aan die lewe wat spruit uit die soeke na selfverwesenliking, die aangewesenheid op die self, stel Elisa=beth só: *"Maar vir ons wat alles self moet dra... Ons moet self sien dat ons anderkant uitkom"* (Oomblik, p.140). En in Hester se hart

kreet dit: *"Daar moet iets meer wees as dit. Iets moet gebeur, en gou gebeur, terwyl ek nog lewe het om daarop te reageer"* (Houd-den-bek, p.283). Gunhilde stel haar in opstand teen die *"bourgeois-wêreld"*(Nooit, p.142) bloot aan 'n wêreld van dekadensie, maar sy bly steeds *"ongeskonde"*(p.48). Ook Elisabeth en Hester kom in verset teen die bestaande wêrelde waarin hulle hul bevind en kom ongeskonde anderkant uit. Wanneer sy en Adam vir oulaas saam is, voel Elisabeth: *"Nou is ons skoon. Gestroop soos die skelet van 'n slang"* (Oomblik, p.198). Na Hester se nag van bevryding besef Barend dat sy 'net nie meer daar is nie'(Houd-den-bek, p.370) en dat hy die res van sy lewe sou slyt met *"Hester se stilte langs hom"* (p.373).

5.3.3.2 Die lewensfilosofie

Totale afstroping tot die essensiële is een van die belangrike momente van die eksistensialisme wat veral in Elisabeth vergestalt word: *"Mens moet veel agterlaat,..."* (Oomblik, p.34) / *"Dat jy pynlik, in die afgee van alles, geboorte kan gee aan jouself"* (Oomblik, p.164). / *"En sy ... bly lê en hyg, 'n lelike verskroeide ding op 'n hopie, 'n kaal bondeltjie lewe waar die vel aan kleef, haarklosse, glurende gloeiende oë: mens, mens"* (p.166). Wanneer sy ylend is op hul tog deur die Karoo, gaan die versugting die soveelste keer deur haar gemoed: *"Mens moet skoon wees soos die bene van 'n geraamte, soos 'n rots sonder skulpe"* (p.160). En Hester: *"Reën: val en val en verweer alle grint, was meedoënloos skoon. Naakte anatomie"* (Houd-den-bek, p.80).

Die idee van steeds in wording wees (kyk hfst. 2.3.2 hierbo) word intens deur Elisabeth ervaar: *"Ja. Verder Inner. Laat ons uitkom by die pit, deur al die groen jaarringe, laat ons in die hart van die raaisel staan, deurstraal van die lig wat hier gloei. Laat ons iets vind. Laat ons selfs net nader kom aan iets, net voel dis binne bereik, dit kán aangeraak word"* (p.102),
*"Hulle is op pad"*(p.122),
*"Ons sal aanhou, ons sal vithou. Ons sal die anderkant bereik. Só loop die lyne oor jou hand: daar is altyd hoop"*(p.146),

*"Dié diep, onderaardse ding wat hulle dryf, het hulle nog altyd in sy greep"* (p.151),
*"Geen hoop nie, geen leniging nie, net die moontlikheid om voetjie vir voetjie oor die harde aarde aan te skuifel horison toe: nooit heeltemal daar uit te kom nie, maar ook nooit heeltemal te bly staan nie. En die verste wat ons kan uitreik, die meeste waarop ons kan hoop, is om te wonder of die horison wat ons sien werklik die einde is"* (p.155).
Hester besef: *"Daar's altyd nuwe drumpels om oor te steek. Hoe anders sal ons aan die gang bly?"*[41] (p.195).

Die idee van die sprong in die duister wat saamval met die hele filosofie van die eksistensialisme, verwoord Elisabeth as volg dié nag toe sy haar uiteindelik in haar totaliteit aan Adam openbaar: *"Maar mens moet die nag kan inloop. Nie 'n kwessie van ver= beelding nie, maar van geloof"* (Oomblik, p.82). Na geruime tyd wat verdieping in die verhouding gebring het, sien sy dit só:
*"Ek het jou lief, hier is my lewe, ek hou joune in pag: hier is my hand, vat vas, ons spring die afgrond in, enigiets kan gebeur; maar selfs as ons ons te pletter val, goed, dan hand aan hand"* (p.14).

Op die uitbuit van die oomblik is daar reeds in detail ingegaan in hfste. 3 en 4. Seyffert (1970:142) beskryf Gunhilde as volg: *"Gunhilde is die oombliksmens en in haar strewe na 'vrywees' en om 'vry te bly' leef sy van een situasie na die volgende."* Elisabeth ervaar dit so:
*"Laat alles wees. Laat alles goed wees. Laat niks ooit verbygaan nie"* (Oomblik, p.95),
*"Al wat oorbly, is hier"* (p.154),
*"Net 'n oomblik. Nooit meer as 'n oomblik nie. Miskien kan ons nie meer as 'n oomblik op 'n slag verduur nie"* (p.157),
*"... maar in dié kortstondige nag is jy vir ewig myne"* (p.169),
*"Is dit dan áltyd net die oomblik? ... Die oomblik waarvan jy so gretig en vol oortuiging dink: dit vergoed vir 'n leeftyd van ontbering ... die oomblik is verby... Die oomblik self was in homself beslote"* (p.182).
En haar slotsom kort voor haar verraad: *"Die paradys bestaan. Al*

41) A.P.Brink se beklemtoning.

*sien mens dit net in oomblikke van genade; al is dit altyd bedreig"* (p.193). Hester beleef 'n eenmalige 'oomblik van genade' wat sy in haar uitmuntende taal as volg beskryf: *"'n Kort skreeu teen die stilte, ... maar dit op sigself was lewe genoeg: 'n visie, 'n verheldering, ge= vurkte weerlig, agonie, angs, ekstase"* (p.401). Let op dat die idee van die oomblik ook in die titel van 'n Oomblik in die wind vervat is. Die implisiete outeur verhef dus hierdie motief tot die sentrale in dié roman deur dit reeds in die titel te vervat.

Die beheptheid met temas soos lewe en dood en angs is in hfst. 2.3.2, hierbo bespreek. Elisabeth, vanweë die romankonteks waarin sy haar bevind, is dié personasie wat hierdie stryd die intensste ervaar. Sy noem hul samesyn in die grot by die see *"Oomblikke van wonder, wanneer ek nie meer probeer vra of verstaan nie. Dat dit genoeg is, amper te veel, om net te lewe en te weet ons lewe"*(p.97). Tydens hul tog deur die Karoo, merk sy teen= oor Adam op: *"Maar óns lewe... Ons lewe en ons gaan verder"* (p.143). Toe hulle 'n lugspieëling sien en sy skielik weer iets het om aan te glo, lag sy met 'n snik in die keel by die vooruitsig: *"... om mens se hele lyf koel en nat te voel, en te drink tot jy nie meer kan nie. Om te lewe"* (p.158). Sy beleef ook hoe die Hottentotte wat hul op hul trek teenkom, hulself in die lewe terugdans (p.168). En dan tipies eksistensialisties gerig: *"... die wanhopige weet dat ek lewe. Ek is op pad"*(p.164).

In die gebeure waarrondom die verhaal hom afspeel, worstel sy verskeie kere letterlik met die dood. Die dood word egter ook vir haar 'n stryd van die gemoed: *"Dit kan tog nie sommer net so gebeur nie, ... Wáárom gebeur dit? Wat word van dit alles? Kan mens dan maar net sommer hier lewe en doodgaan - en dan is dit klaar? Niks meer nie? Niks meer nie?"* (p.100). Wanneer hul die bergreeks deurdring, ervaar sy die dood as iets werklik, nie abstrak nie: *"Hier is hy baie eenvoudig en onmiddellik: die gladde krans is die dood ... dié arend bo, dié sproei in jou oë, dit alles is die dood. En daar is iets byna gerustellends in sy nabyheid: hy is so seker en solied, so betroubaar,*

*so gans sonder leuens"* (p.142). Die gewisse wete van die dood gee dus sekerheid aan die lewe.

### 5.3.4 Neerslag van die filosofie van die biografiese outeur in die vrouepersonasies

Die motief van uitgesprokenheid ten opsigte van die politieke betrokkenheid wat so sentraal staan by Bea en Melanie dat dit die outeur se primêre intensie met hulle blyk te wees, dra ook baie klem by Elisabeth en Hester.

---

Aanvanklik dien Elisabeth se uitsprake wat nog dui op 'n gebon= denheid aan die ou mens, as ontmaskering van die politieke siens= wyses van daardie tyd. Skreiend word die situasie gebeeld waar sy dit aan Adam stel dat sy by mense moet kom en hy dit noem dat daar Hottentotstammetjies in die nabyheid is. Haar reaksie is: *"Wat sal dit my help? Ek moet by mense kom"* (p.19). Hierdie verskraalde mensbeskouing van haar blyk ook uit die episode by die rivier, waar sy die volgende opmerking maak: *"Dis so vreemd om te dink, ... dat ek die eerste mens is wat ooit hier aankom. ... Ek maak geskiedenis"* (p.63). Dan, wanneer sy uiteindelik 'n nuwe lewensbeskouing het, sien sy dit só: *"Jy is bruin soos 'n slaaf. Maar slawe beweeg teen die rand van my bestaan verby soos huisdiere. En nou nie slaaf nie. Man. My myne, my man"* (p.87). Aanduiding dat die ou wêreld met al die negatiewe konnotasies daaraan verbonde, homself weer laat begin geld, lê in die feit dat die oomblik toe hulle die Kaap nader, hulle skaam is om na mekaar te kyk, *"asof hulle pas agter= gekom het dat hulle nakend is"* (p.190).

In Houd-den-bek is Hester in opstand teen die ou wêreld en sy siening van vroue en slawe. Sy spreek haar opstand uit (reeds aangetoon) en tree ook daadwerklik op soos die episode met Klaas van getuig (pp.122,123). Dan is daar ook die keer in die stal ná Nicolaas vir Galant afgeransel het, wat sy onder andere as

volg ervaar: *"Dis 'n vrou wat hier kniel in die strooi; dis die liggaam van 'n man"* (p.202), en: *"Deur hom te laat lossny van die rieme wat hom gebind het, was dit myself wat ek, wie weet, probeer bevry het; deur hom te was, het ek probeer bid vir my eie ondenkbare verlossing"* (p.204). Deur Hester word die versugting van 'n slagoffer van 'n verslawende tradisie gerapporteer.

*"In 'n skielike vlaag - soos 'n* *__gewelddadige__ en __suiwerende wind__ wat nie net verby my waai nie maar dwarsdeur my - het ek gedink aan al die nagte wat ek wakker gelê het langs Barend, my vingernaels in my palms ingekeep terwyl ek naarstig bly dink: Liewe God, dit kan tog nie ál wees nie: so kan dit nie vir altyd aanhou nie: êrens, onsigbaar maar onontkenbaar moet daar in die lewe iets wees, iets so geweldadigs dat dit eendag binne-in my sou ontplof en alles laat skitter van helderheid en sin, en ooprук wat nou __versper__ is of versperbaar lyk"*(p.288).

Hierdie woorde van Hester wat die windmotief - een van die kernmotiewe in die werk - ophaal, interpreteer Steenberg (1984:131) as volg en dié studie wil die interpretasie onderskraag:

*"Die hele aanbod van die situasie, wat oorryp is vir reaksie en vernuwing, bied voldoende rede dat hierdie intens verwoorde versugting van die tweede hooffiguur gelees kan word as 'n transponering van die versugting van die implisiete outeur."*

Die outeur se eintlike spreekbuis om die onregverdige siening ten opsigte van die slawe aan te dui, is egter die selfgenoeg=same Cecilia. Hy doen dit op ironiese wyse aangesien Cecilia deur verteenwoordigers van die 'ou wêreld' aanvaar word as toonbeeld van die ideale vrou van daardie tyd. *"... watter voor=beeldige vrou"* (__Houd-den-bek,__ p.128). Haar siening in verband met die slawe is ook sprekend van die siening van die ander Blankes (Hester uitgesluit) van daardie tyd. Deur die besondere uit=beelding van Cecilia stel die outeur die leser negatief in teen=oor haar. Sy is net té selfregverdigend en té Christelik (*"Ek lees die Bybel en dis vir my genoeg"*, p.126) om te oortuig. Sodoende raak haar uitsprake ongeloofwaardig.

Sy spreek haar antagonisme en haar afhanklikheid teenoor die slawe in woorde uit wat baie hedendaags klink: *"In jou eie huis is jy nie baas nie. In hul onderdanigheid en hul alomteenwoordigheid regeer hulle jou. Omdat jy weet, en hulle weet, jy kan nie klaarkom sonder hulle nie"* (p.93). Die volgende opmerking van haar is net so eietyds: *"Ek weet nie van een slaaf in hierdie land wat snags hoef wakker te lê nie uit vrees dat witmense hom in sy slaap gaan kom vermoor of goed kom wegdra nie"* (p.125). Hierteenoor stel Hester die ander kant van die saak wanneer sy sê: *"Ek het nie geweet hulle het iets om weg te dra nie"* (p.125). Dan is daar ook die droom wat vir Cecilia teister waarin een van die volk (*"pikswart"*) *"onnoembare gruwele"* met haar pleeg sodat sy smeek: *"maak my liewer dood, ..."* (p.314). Hierin word 'n moderne realiteit en vrees van die hedendaagse Blanke-vrou vergestalt.

Met haar verdraaide Bybeluitsprake raak sy dikwels ook polities. Steenberg (1984:129) stel dit dat wanneer sy Josua 23:11 (p.216) gebruik om Nicolaas te vermaan oor sy misbruik van Pamela, die outeur die leser manipuleer deurdat sy dit doen op grond van rasseverskil en nie op grond van gewone huweliksontrou nie. Steenberg wys verder op haar wantoepassing van genoemde teks om die Herrenvolk-ideaal te regverdig en te vestig (p.6). Wanneer sy die volgende passasie aanhaal: *"sy sullen ulieden zijn tot een strik..."* (p.216) kan mens daaraan die konnotasie heg van 'n (profetiese?) verklaring van die rasseproblematiek van 1982 vanuit die pers= pektief van 'n romankarakter wat in 1825 gesitueer word, aldus (Steenberg, 1984:129). Wanneer sy haarself met die gevalle koning Nebukadneser vereenselwig dui die outeur (volgens Steenberg, 1984:126,127) 'n wesenlike probleem aan uit ons eie tyd: *"Kan jy jou voorstel wat dit* (vrystelling van slawe - M.M.B) *sal beteken? In 'n land wat die Here aan ons gegee het, sal ons die gelyke wees van die diere van die veld. In ons waansin sal ons gras eet soos Nebukadneser"* (Houd-den-bek, p.216).

Ook die newe-vrouepersonasies kry 'n beurt om die Witman in al sy negatiwiteit te ontmasker. Toe Cecilia aandring daarop

dat Nicolaas ook vir Lydia 'n afranseling moet gee, was Bet se slotsom ná die gebeure as volg: *"Ek dag: dis nou darem die end van sy lopery op die werf saans en dan is dit al iets. Maar nog daardie selfde nag, by die Here, was dit weer so. En die aand daarna toe sit ons almal weer gebondel op die drumpel tussen kombuis en voorkamer, Lydia inkluis, en die Baas en die Nooi by die tafel ... en lees hy ... al die vloekwoorde van die Bybel"* (p.112). Pamela is dieselfde opinie toegedaan: *"... want jy kan dié mense nie vertrou nie. Saans lees hulle vir jou een ding uit die Woord en môre gaan hulle en doen iets anders"* (p.206).

Die tydelike voltooiing van die self deur intieme verkeer met die ander het Elisabeth tevergeefs deur Larsson probeer bereik: *"ek het gedink hoe jy my sou seermaak en hoe ek sou bloei; en ek wóú bloei, soos moerbeisap, vir jou, dat ek kon weet wat vrou-wees is, dat ek deur jou kon mens word"*(Oomblik, p.45). Die metafisiese belewing van seks spreek verder uit die verteller se vertolking daarvan as: *"net die skoon spel van liggame gesuiwer tot natuurelemente"* (p.181). Pamela in Houd-den-bek vind ook haar tydelike ontvlugting in die seksuele en stel dit onomwonde op háár manier: *"en jy weet in die donkerte dat, kort voor lank, jy nog gaan klip skyt voor jy afgaan, en daar=om moet jy jou bietjie liefde maar rek en deel solank jy dit het, hoe min dit nou ook al is, net om dit effens minder swaar te maak vir altwee"* (p.210). Uit haar volgende woorde spreek die outeur se siening van seks as metafisiese belewenis asook die totale opgaan van die 'een' in die 'ander': *"En daarom het ek my oopgemaak vir hom, nie net my lyf nie maar alles, sodat hy in my kon inspoel en oor my kon oorloop soos 'n rivier wat afkom en wat my wegneem;..."*(p.210).

Daar moet ten slotte daarop gewys word hoe die outeur se politieke stem deurslaan in sy beelding van die Blanke se hou=ding en optrede ten opsigte van seks teenoor dié van die Bruin=mense. Müller (1982:7) stel dit so: *"Volgens Brink se siening ver=skyn die tipiese blanke boeremense oorwegend as verskillende samestellings van oormatige wreedheid, seksuele wanaanpassing en/of sadisme wat meestal verberg en vergoelik word deur die rasionalisasies van 'n verwronge vroom=*

*"Het sy dan nie verstaan nie? Ek wou haar nie afknou nie. Ek sweer dit. Ek het haar liefgehad"* (p.84) Ook noop hierdie 'meervoudige ek-roman' volgens Steenberg(1983b:62) die leser om, soos in die alledaagse lewe, *"hom na eie oordeel met ('n) sekere personasie(s) te vereenselwig om deur die oë van verskillende vertellers na dieselfde situasie te kyk - ..."*. Steenberg wys verder daarop dat dit 'n procédé is waarmee die outeur reeds in Die ambassadeur, Orgie en Gerugte van reën op beperkter skaal geëksperimenteer het.

Steeds moet die rol van die manipulerende outeur in die werk nie misgekyk word nie; hoewel hierdie werk seker kan beskou word as dié waarin Brink die minste ooglopende manipulasie toepas. Die manipulering rus nou swaar op die skouers van die personasies. Die implisiete outeur neem 'n bepaalde houding in ten opsigte van elke personasie en dit neem nie veel insig van die leser om te snap dat die outeur die twee hoofpersonasies Galant en Hester as draers van die eksistensiefilosofie, goed=gesind is nie. Steenberg(1983b:70) maak in dié verband die volgende waardevolle opmerking: *"Dat Ma-Roos eerste aan die woord gestel word as belangrike verteenwoordiger van die Bruinmense, gee aan haar, soos aangedui, 'n status bo Piet met sy verdagte uitlewing van sy Bybelse geloof."* Ma-Roos word ook deurgaans positief aangebied.

Deur die groot aantal karakters (dertig) en die verbrokkelde perspektief kan daar in Houd-den-bek nie so gekonsentreer word op die beelding van menseverhoudings soos in 'n Oomblik in die wind nie. Volgens J.C. Kannemeyer (1982:16), bly die werklike verdieping in verhoudings beperk tot enkele tonele soos die gesprek tussen Nicolaas en Galant die nag op die berg en Hester en Galant se toenadering tot mekaar aan die slot. Ook die karakterisering kry baie meer aandag in 'n Oomblik in die wind, aangesien die hele gebeure draai om die twee hoofpersonasies. Dit is ook hoofsaaklik dié twee wat optree in die roman; die ander karakters se aandeel is baie vaag en onbeduidend.

5.2.2 Karakterisering volgens die epiese metode

Die leser se eerste kennismaking met Elisabeth, vind by wyse van die epiese metode plaas. Adam het haar laatmiddag *"ineen=gedoke op die voorkas van die wa"* (p.12) aangetref. Dan volg daar 'n beskrywing van hoe hy haar waarneem vóór sy van hom bewus word: *"Haar lang donker hare los oor haar gesig en skouers - skraal geboë skouers asof sy oornag jonger geword het as wat sy was, nie vrou nie maar skaars meisie"* (p.12). Dan word daar gemeld dat sy vir die eerste keer sedert die reis daardie dag *"nie verklee of gewas of haar hare gekam het nie"* (p.13). Dit is 'n aanduiding van haar emosionele toestand en 'n verandering in lewensiening wat reeds begin het om hom in haar te voltrek.

Deur die epiese metode word dan ook haar reaksie op sy verskyn=ing beskryf: hoe sy sy intensie verkeerd vertolk, hoe sy hom met een van die pangewere probeer skiet en toe daar niks gebeur nie, 'n pistool na hom slinger.

Soos wat die verloop van die verhaal vorder en hul verhouding ontwikkel, kom baie van haar karaktertrekke by wyse van die epiese metode uit. Adam is bewus van 'n *"verlate opstandigheid"* (p.26) by haar. In die dramatiese situasie nadat hy haar gekonfronteer het met *"'Jy's te wit vir die waarheid', 'sien hy haar op haar tande byt en haar kop effens lig, met die ou, hoogmoedige strak=heid in haar. En dan, soos sy sit, met haar knieë opgetrek en haar arms daaroor, laat sy haar kop op haar elmboë sak en sluit hom uit. Of sy haar oninneembaarheid daarmee bevestig..."* (p.42). Na haar miskraam, bevind Adam hom in 'n tweestryd - hy wil nie met haar opgeskeep sit nie,want hy weet nie wat om te doen as sy iets oorkom nie. Wat vir hom nog erger is, is wat om te doen as sy nie iets oorkom nie: *"As sy net, bereikbaar en afhanklik in haar meisieheid, só onafhanklik, vir goed verhewe, selfgenoegsaam met haar boeke besig bly?"* (p.55). Deur die oë van Adam, kry die leser 'n deeglike kykie in haar as personasie: *"Hy sien haar mondhoeke vastrek. Die koppige ken, die sterk lyn van die kaak. Ten spyte van haar jeug is sy gedug en trots,*

*nou weer opgerig in haarself oor sy afjak. Maar skielik voel hy, onredelik, meelye ook: ís dit trots? Wat kos dit haar om só saam met hom aan te hou en niks van haar swakheid te laat sien nie?"* (p.58). Op 'n stadium wonder hy: *"Waarom móét jy so allenig wees?"* (p.91).

Haar wil om te weet en te ervaar, blyk uit haar weiering om weg te bly toe hulle op haar man se ontbinde, verminkte lyk afkom: *"maar hierdie een is hare, dít mag sy nie ontwyk nie. Hiervoor het hulle deur die binneland gereis; hiervoor het sy die Kaap prysgegee om saam te kom"* (p.43). Tydens hul paradyslike bestaan word haar ou opstandigheid nie totaal onderdruk nie: *"...net die óú opstandigheid wat sy, byna met die blydskap van herkenning, weer in haar voel lewe kry ná die lang passiewe rus"* (p.95). En dan, wanneer dié trek van haar amper Adam se lewe kos, wonder sy: *"Wat is dit wat haar gedryf het om teen haar ouers op te staan en te trou en die wildernis in te kom met 'n man wat sy skaars geken het en glad nie kon peil nie? Wat was dit wat haar by die vol rivier in sy ban gekry het sodat sy volgehou het die os móét deur? En nou weer. En hoeveel keer nog? Tot wie en wat nog alles in die afgrond ingedryf is?"* (p.96).

Met hul tog deur die onherbergsame Karoo bly haar koppigheid en ysere wil geld. Sy doen ernstige sonbrand op en Adam versorg haar. *"Toe sy wakker word, was die koors weg. Hoewel sy bewerig swak was, het sy aangedring om verder te gaan"* (p.125).

Die leser word deur die verteller meegedeel dat sy haar nie laat intimideer nie. Verder staan daar: *"Want sy had ... ágter die mooi voorkoms en oënskynlik gemaklike geaardheid 'n kern van stilte, van ontoeganklikheid; 'n verbete wil om as haar eie te bewaar wat sy haar eie geag het; om met rus gelaat te word"* (p.25).

Sy kom tot 'n beter kennis van haarself: *"Soms, wanneer hulle rus, het sy gelê en dink. Aan haar nimmereindigende ontevredenheid vroeër in die Kaap en op die watrek. Die ongedurigheid in haar, die opstandigheid: ... Nou was dit anders. Ongeduldig, haastig sou sy seker altyd bly, iets sou haar altyd dryf. Maar daar was 'n groter vreedsaamheid by. Die tydlose*

*verblyf teen die see het haar laat ontdek wat sy tevore nooit in haarself geweet of vermoed het nie: dat sy ook die vermoë het om gelukkig te wees ...* " (p.126).

Sy sterf al hoe meer die 'ou' Elisabeth af en kom tot die aan= vaarding van 'n nuwe bestaansmodel: dié van die afgestroopte mens: *"En algaande kom daar 'n soort passie in haar op om weg te gooi en af te stroop, om haar los te maak van al die goed. Wat is mens se behoeftes: wat is die heel minste waarmee jy kan klaarkom?"* (p.33). *"Want dit pak haar skielik, soos paniek: dat sy juis hier is, juis sy. In die Kaap ... was sy bekend - ... Maar nou skielik is daar niemand anders oor in terme van wie sy herken kan word nie. Niemand, daar's net sy self, ..."* (p.37). By die see ervaar sy die toppunt van 'n vrye, oerbestaan: sy word Adam se Eva. *"So sou dit kon gewees het. So wás dit seker. Maar niks, het sy gedink, is so moeilik as die vanselfsprekende nie. Om kaal te loop as jy nooit 'n enkel durf vertoon het op straat nie. Om by die jy-mag-nie van 'n leeftyd verby te kom, 'n hele opvoeding te ontken asof dit maar toevallig was... om dag vir dag in vertroude aanraking met dieselfde liggaam saam te leef, om sonder skroom te gee en neem; soos die pluk van vrugte"* (p.87).

In Houd-den-bek laat die 'stemme' in afwesigheid van 'n deur= lopende verteller die leser 'n deeglike kykie kry op die perso= nasie, Hester. Daar vind 'n koalisievorming plaas deur die vertellers wat dieselfde eienskappe by haar opmerk en rapporteer. Dis beduidend, dat Galant die eerste iets oor haar te sê het: *"Hester? Orals waar ons spore loop, kom hare agterna. G'n uitskel of klippe kry haar weg as sy haar sin op iets gesit het nie. Die Oubaas-hulle raak ook raad-op, kom ek agter: hulle probeer dié en daai met haar, tot slae ook, maar sy's koppig"* (p.40). Soos by Elisabeth is koppigheid dus een van haar uitstaande karaktertrekke. Galant is ook die eerste wat die aandag vestig op Hester se intense behae daarin om te voel - om die natuur en al die elemente te beleef: *"Dit reën lankal nie meer druppels nie, maar een plaat water wat van bo af oor ons uitgegooi word. En die meisiekind met haar gesig boontoe dat die nat oor haar kan stroom"* (pp.42,43).

Volgende is dit Alida wat haar beskryf as *"'n skraal donker ingetoë kind van ses"* (p.54). Dis sý wat Hester se agtergrond skets en haar verknogtheid aan haar vader (pp.54 en 55). Sy beskryf ook die kind Hester in haar onaanraakbaarheid - 'n eienskap waaraan sy dwarsdeur haar lewe sou vasklou: *"Bewegingloos staan sy in die balie, geduldig en ongeroer terwyl ek die voëltjielyfie was en was, die delikate skouers, die stram reguit ruggie ..."* (p.57). Op dieselfde bladsy waar dit handel oor Hester se weglopery Houd-den-bek toe, sê Alida: *"Gehuil het sy nie. Al die jare by ons het sy maar selde gehuil, hoewel ek af en toe haar gesig vertrokke gesien het van inspanning soos sy baklei teen trane."* Dan maak sy dié slotsom omtrent Hester se sterk vryheidsdrang: *" ... opsluit of vasketting kon mens haar tog nie"*.

Alida besef ook dat Hester *"haar lewe lank eensaam en afhanklik sou bly"*, dat daar iets *"maagdeliks"* in haar was, dat sy ongeduldig met enigiets was *"wat minder as die beste was"*, en dat sy haar eie werklikheid gehad het (p.58). Alida merk kleintyd by Hester *"die bekoring wat die dinge van die vlees vir haar ingehou het"* en sy be=sef dat daar in Hester iets is van die *"woeste trots wat haar vernederde vader gedryf het tot selfmoord"* (p.59).

Nicolaas, wat haar soos sy broer Barend bemin, kom ook in haar kleintyd reeds tot die volgende gevolgtrekking: *"Vreemd was sy nog: dit sou sy altyd wees"* (p.68). Barend, haar man, sien haar so: *"... ek het moeilik raad geweet met haar, van die begin af. Sy was soos 'n diertjie, 'n sagte diertjie wat jy wou vashou, maar wat jou byt as jy naby kom"* en: *"Maar so 'n koppige mens was daar nog nooit"* en: *"Daar was iets in haar waaraan ek nie vat kon kry nie, iets wat my bang gemaak het, iets wat my uitgedaag het"* (pp.82,83).

Cecilia, die absolute teenoorgestelde personasie as Hester, sien haar as *"'n vuur wat brand sonder om lig af te gee"* (p.87). Dan noem sy ook Hester se *"manier om so stil weg te raak"* (pp.87,88). Van die minder belangrike personasies eggo die sieninge van die

hoofpersonasies in verband met Hester. So praat Achilles van *"... die meisiekindjie wat partykeer so tjoepstil kom staan en kyk het as mens werk"* (p.75). En Abel reken *"want die Nooi was nooit 'n mens wat haar laat gesê nie ..."* (p.189).

Nicolaas gee 'n breedvoerige beskrywing van haar uiterlike: *"Haar donker ernstige oë so wyd uitmekaar in die smalte van haar gesig, die pragtige lyne van wangbene en koppige ken, die klein reguit neus en breë mond, die wondbare keel ..."* (p.171).

By wyse van die epiese metode leer die leser vir Elisabeth en Hester deeglik ken as personasies met baie gemeen. Hulle is onafhanklik, alleenlopers, koppig met 'n sterk vryheidsdrang. Al hierdie eienskappe word by wyse van die dramatiese metode bevestig met 'n uitlig van enkele verdere eienskappe, soos hul sosiale betrokkenheid.

5.2.3 Karakterisering volgens die dramatiese metode

Hierdie metode van karakterisering kry 'n verdere dimensie by in dié twee werke naamlik gedagtepraat. Dit lei tot 'n ver= dieping van dié trekke wat die outeur aan die personasies toe= ken. Die leser kry 'n kykie in die verskuilde binneste van die personasie en doen eersterangse kennis op van sy emosies en motiverings agter sy optrede.

Die ontwikkeling van die liefdesverhouding tussen Adam en Elisabeth is die hoofgegewe in 'n Oomblik in die wind. Wat dié ontwikkeling aanbetref, word daar baie gesteun op dialoog en gedagtepraat (kyk 3.1). Hier kan volstaan word met die enkele dramatiese voorbeeld waar Adam aan die begin van hul verhouding, toe dit nog hoofsaaklik op 'n geestelike toutrekkery tussen die twee neergekom het, vir Hester konfronteer met sy naaktheid - waar hy sy intiemste 'hy' aan haar blootlê. In haar reaksie neem sy toevlug tot haar enigste redding tot dus=

*heid... Die gekleurdes se vitale animisme en seksuele onbevangenheid kontrasteer met die blankes se frustrasies. ... vir sover 'n hedendaagse gerigtheid daaraan gegee word behels dit in die oorwig van aksentuering ook 'n element van berekende gemeenheid."* Dit is met ander woorde nog 'n struktuurelement wat die implisiete outeur aanwend in sy manipulasie.

### 5.3.5 Simboliese, mitiese en argetipiese trekke by die vrouepersonasies

Malan (1978:165) noem na aanleiding van Jung se teorie die vroulike argetipe die anima, 'n *"komplekse en veelkantige verskynsel"* wat onder andere meermale *"ontwykend en onbereikbaar"* is. Gunhilde in Miskien nooit bly deurentyd die 'ontwykende en onbereikbare'. Dit is hierdie faset van die anima wat ook aanvanklik in Elisabeth en Hester aangetref word. Elisabeth is in Adam se woorde die *"allerlaaste jy-mag-nie, die onaanraakbaarste van alles ..."* (p.16) en Galant besef dat hy 'die ergste van alles gedoen het' toe hy *"die vrou gekry het wat altyd (syne) was"* (p.402). Hulle 'onbereikbaar= heid' lê natuurlik in hul 'witheid' terwyl Gunhilde s'n lê in haar aanhang van 'n eksistensialistiese lewensbeskouing wat onder andere kulmineer in 'n drang om nie besit te word nie.

In aansluiting by Jung se teorie kan Ma-Roos in Houd-den-bek gesien word as die vierde en laaste stadium van die anima. Dié stadium vind sy vergestalting in wysheid-'n baie dominante eien= skap by Ma-Roos. So vat sy in haar wysheid die kern van die roman saam: *"So praat ons, so praat ons, 'n ry stemme in 'n ketting, almal saam en almal apart, almal anders en almal dieselfde, en die skakels mag lieg maar die ketting is waar. En die naam van die ketting is Houd-den-bek"* (pp.344,345). Steenberg (1983b:64) neem die hand van die verteller waar in hierdie uitspraak van Ma-Roos. Hy stel dit dat die leser gemanipuleer word om die Houd-den-bek-situasie as die Suid-Afrikaanse situasie te sien. Sy word ook simbool van die almoeder, die oermoeder en is in haar wysheid ten volle bewus daarvan: *"Ons is almal net mense, en ek is jammer vir almal,*

*want ek is die ma van almal"* (p.345). En in Nicolaas se sprokievertel=styl: *"Eendag was daar 'n vrou wat niemand se ma was nie maar vir wie ons almal Ma gesê het, Ma-Roos, en by wie mens kon gaan huil en wat saam met jou kon lag en wat stories kon vertel soos niemand anders nie"*(p.61).

Met die diepe insig wat sy in haar medemens het en haar rake waarneming en opsomming van die verloop van gebeure rondom haar, word sy 'n soort profetiese figuur - 'n figuur waarmee die leser hom kan vereenselwig. Die volgende dien as voorbeeld van haar profetiese visie: *"Nou's dit seker maklik om te sê ek het dit gesien kom soos wat 'n mens onweer sien kom ..."* (p.13). Sy voel die onheils=nag ook aankom as *"'n ander soort wind aan die opkom ... jy kon voel hy stoot sterker"* (p.270).

Cecilia word simbool van 'n dooie mite naamlik die vormgodsdiens en die doelbewuste verdraaiing van Bybelse waarhede ter wille van selfregverdiging. Omdat die outeur hierdie wyse van godsdiens=bedryf as oneg en uitgedien sien, is sy aanbod van Cecilia ook deurgaans negatief. Selfs haar uiterlike kontrasteer met dié van die aanvallige Hester: *"Nie 'n aansienlike vrou nie, daarvoor is sy te groot, met dié spierwit sproeterige vel en die rooi hare en flets oë ..."*(pp. 125,126). Teenoor hierdie wyse van geloofsopenbaring wat ook deur die ander Blankes in die werk bedryf word, word die Khoikhoin-mite waarvan veral Ma-Roos 'n sterk aanhanger is, as eg en oortuigend aan die leser voorgehou. Vergelyk byvoorbeeld haar gebed aan die reëngod (pp.132,133) teenoor Cecilia se self=regverdigende woorde dié nag van haar groot vernedering:
*"Was dit sy antwoord op wat Nicolaas so lank gesondig het? Maar waarom dit op mý uithaal? Het ek nie altyd godvresend gelewe nie? Moes die vlees juis só op my gewreek word?"* (p.376).

# HOOFSTUK 6. GEVOLGTREKKINGS, RESULTATE EN AANBEVELINGS

## 6.1 Gevolgtrekking by die teksanalises van hoofstukke 3,4,5 en Bylae 1

Die belangrikste personasies wat bespreek is, val hoofsaaklik in twee klasse uiteen. Tabel 1 toon die twee klasse aan.

TABEL 1

| Teks | KLAS 1: Die 'nuwe mens' | KLAS 2: Die 'gebonde mens |
|---|---|---|
| Kennis | Jessica<br>Beverley<br>Annamaria | |
| Gerugte | Bea | Elise |
| Seisoen | Melanie | Suzette |
| Oomblik | Elisabeth | Elisabeth se ma |
| Houd-den-Bek | Hester | Alida<br>Cecilia |

Met uitsondering van Mynhardt se ma in Gerugte is die vrouepersonasies nie-ekspressief. Op Mynhardt se ma se hakke volg Elisabeth van Oomblik. Ook Hester in Houd-den-bek is meer ekspressief as Jessica in Kennis, Bea in Gerugte en Melanie in Seisoen.

Stereotipering bly egter hoofsaak by die karakterisering van die outeur se vrouepersonasies. Jessica, Bea, Melanie,

Elisabeth en Hester is duidelike geromantiseerde variasies op di
ou tema. Hulle stem in hoofsaak ooreen met hul susters van die Sestigerfase. Almal is onafhanklike, feministiese alleenlopers wat wegdoen met godsdiens en alle bestaande ordes en morele waardes. In die oë van die manlike eweknie is hul in die eerste plek die afhanklike fisiesbeskikbare (hoer) maar dan ook die goeie, die heilige. In hul agtergrond, leefwyse en voorkoms lê daar sterk ooreenkoms.

Tot die tiperende trekke van die vrouepersonasies van die Sewentigerjare is een toevoeging gemaak wat nog ontbreek by hul voorgangers van die Sestigerfase: die sterk sosiale gewete wat in 'n groot mate hul lewenshouding en -wyse bepaal en wat in wese neerkom op hul beywering vir gelykheid van alle rasse. Hieruit spruit 'n sterk opstandsmotief.

Die vrouepersonasies het 'n baie definitiewe funksie. Die outeur is nie bekommerd oor hulle as 'mense' nie maar wel oor die boodskap wat in hulle vergestalting vind. Hulle word die belangrikste draers van aspekte van die eksterne konteks van waar= uit die outeur sy werke aanbied. Brink is ten opsigte van die seksuele, die vryheidsbeginsel, die opstandsmotief, die sosiale gewete en die opvatting oor morele waardes te opsigtelik as outeur-in-die-boek. Dit lei tot 'verbonde' literatuur; 'n verbondenheid waaraan veral die vrouepersonasies nie kan ontkom nie.

In die personasie van Mynhardt se ma, en ook in 'n mate in Elisabeth en Hester, het die outeur getoon dat, indien hy dit sy hoofprioriteit wou maak, hy in staat is om 'n pragtige ten volle ekspressiewe personasie te skep.

## 6.2 Die resepsie-estetiese ondersoek

Soos in 1.2.5.6 aangedui, word die reaksie van lesers op sommige aspekte van die tekste van Brink wat in die teksanalise (hoofstukke 3,4,5 en bylae 1) bespreek is deur die resepsie-estetiese ondersoek vasgestel.

### 6.2.1 Die vraelys

Met die ontwerp van die vraelys is daar in die eerste plek seker

biografiese vrae gestel soos ouderdom, taalgroep, geslag en opleiding. Verder bevat die vraelys 'n aantal houdingsvrae wat op 'n 7 -puntskaal beantwoord moes word. Hierdie tipe vrae is in die verlede reeds met vrug in navorsingsprojekte waar houdings ter sprake is, gebruik. Die 7 -puntskaal is waarskyn= lik ook die doeltreffendste skaal vir sodanige vrae omdat die antwoord relatief is en dus op 'n kontinuum beantwoord moet word (kyk Miller, 1982:81-97). Ander houdingsvrae is ook gestel waar daar òf 'n aantal moontlikhede aangebied word òf waar die houding slegs getoets word deur 'n ja/nee/weet nie-antwoord.

Behalwe die biografiese vrae het die ander vrae in die vraelys spesifiek betrekking op André P. Brink as romanskrywer en sy sewentigerwerke asook vrae aangaande die vrouepersonasies in sy werke. Hiérdie vrae is gegrond op die belangrikste hipoteses wat tydens die loop van die studie deur die ondersoeker daar= gestel is (kyk 6.2.2). Die volledige vraelys verskyn in Bylae 2.

In hoofsaak wil die ondersoeker deur middel van die vraelys die stelling verifieer dat,hoe meer naïef die leser is, hoe verder sal hy staan van die wetenskaplike leser. Die 'volk' (alleman), mag dus, aldus Brink, die moderne kuns en spesifiek sy kuns verkeerd verstaan. Hoe meer objektief en literêr die naïewe leser interpreteer, hoe nader beweeg hy aan die wetenskaplike leser (kyk hoofstuk 1.2.2 vir die terme <u>naïewe leser</u> en <u>wetenskaplike leser</u>). Onder 6.2.3 sal by wyse van gevolgtrek= king nagegaan word of dié hoofhipotese wel deur die studie= populasie geverifieer is.

Die vraelys is,met bogenoemde stelling deurentyd in gedagte, gerig op die belangrikste hipoteses wat voortgespruit het uit die verloop van die studie. In die bespreking van die resultate sal die hipoteses aangetoon word, sowel as watter vrae betrekking het op watter hipotese.

6.2.2 Die loodsgroep

Na die opstel van die vraelys is dit by wyse van eksperiment aan 'n groep derdejaarstudente[42] gegee om vrywilliglik te be= antwoord. Die vraelys is deur 38 studente beantwoord. Die uitsluitlike doel van hierdie eksperiment was om vas te stel of daar enige onduidelikheid of dubbelsinnigheid aan die vrae van die vraelys verbonde was. Daar is nog nie aandag gegee aan die hipoteses nie. Uit die resultate van die vraelys soos wat dit persentasiegewys weergegee is, het dit duidelik geblyk dat daar weinig probleme met die vrae is. Die resultate van hierdie loodsgroep is in Bylae 3.

6.2.3 Die studiepopulasie

Die persone wat genader is om die vraelys te beantwoord, het dit almal vrywilliglik gedoen. Die ondersoeker het naïewe sowel as wetenskaplike lesers betrek met 'n skaal van lesers tussen die twee uiterstes. Twee en vyftig vraelyste is ingevul. Reeds by die saamstel van die studiepopulasie, het die onder= soeker die interessante feit waargeneem dat daar weinig naïewe lesers is wat die romans van Brink lees. 'n Paar persone moes spesifiek gevra word om van sy werke te lees.

Aangesien die studiepopulasie van twee en vyftig respondente hoofsaaklik bestaan uit plaaslike mense en dit vir die doel van hierdie studie onnodig (en miskien onmoontlik) geag was om 'n landswye opname te doen, moet daar reeds op hierdie stadium van die ondersoek daarop gewys word dat die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek gemaak gaan word, geensins geld vir houdings omtrent Brink en sy werk oor die algemeen nie. Die studiepopu= lasie se antwoorde is verwerk met die doel om die hipoteses van die ondersoeker te verifieer.

42) Die studente neem Letterkunde as hoofvak.

## 6.2.4 Hipoteses en verwerking van resultate

Die data wat met behulp van die vraelys ingesamel is, is ver=
werk deur die BMDP2D- statistiese rekenaarprogram (Dixon & Brown).

By die resultaatverwerking van sommige hipoteses is die respondente in vier kategorië verdeel. In die bespreking gaan gepraat word van Groep 1, Groep 2, Groep 3 en Groep 4. Hulle word op grond van die volgende respons op die betrokke vrae uit die vraelys in Tabel 2 gedefinieer:

TABEL 2

| TIPE LESER | NAÏEF | MINDER NAÏEF | | MINDER WETENSKAPLIK | | | WETENSKAP= LIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| GROEP | GROEP 1 | GROEP 2 | | GROEP 3 | | | GROEP 4 |
| VRAAG | RESPONS | | | | | | |
| 5 | 1 | 2-8 | 2-8 | 2-8 | 2-9 | 2-9 | 9 |
| 6 | 3 | 1 | 2 | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 7 | 5,6,7 | 4-7 | 4-7 | 3,4 | 3,4 | 5,6 | 1,2,3 |
| 11 | - | - | 4-7 | - | - | 1,2,3 | - |

Voorbeeld:

Die minder naïewe leser sal 'n leser wees wat met enigiets tussen 2 - 8 op vraag 5 respondeer, 1 op vraag 6 en met enigiets tussen 4 - 7 op vraag 7.

OF

ie minder naïewe leser word ook gekenmerk deur 'n respons van 2 - 8 op vraag 5, n 2 op vraag 6, 4 - 7 op vraag 7 en 4 - 7 op vraag 11.
fhangende van die kombinasie van antwoorde op vrae 5, 6 en 7 is dit in ommige gevalle nie nodig om die respons op vraag 11 in ag te neem nie.

### .2.4.1 Hipotese 1

ndré P. Brink is die moderne Afrikaanse prosaïs met die grootste eserskring.

raag 12 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.
ier is die respons van die totale studiepopulasie in ag geneem m vas te stel of die grootste persentasie wel verkies om Brink e lees.

1,9% gee voorkeur aan 'n prosawerk van Brink.
8,5% gee voorkeur aan 'n prosawerk van 'n ander moderne skrywer.
7,7% lees nie moderne prosawerk nie.
1,9% het nie die vraag beantwoord nie

Volgens dié studiepopulasie word daar dus voorkeur gegee aan sy werke.

### 6.2.4.2 Hipotese 2

Sommige van die lesers van sy romans is blote sluiplesers. (Kyk hfs. 1.1.1 vir die term 'sluiplesers').

Vraag 14 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese. Hier is die respons van die totale studiepopulasie in ag geneem om vas te stel of sommige van die lesers van Brink se romans wel sluiplesers is.

76,9% lees sy werke volledig omdat hul graag sy werke lees.

1,9% lees dit gedeeltelik op soek na omstrede dele oor die seksuele of bv. godsdiens.

1,9% lees dit n.a.v. 'n sensasiewekkende koerantberig.

19,2% lees nie normaalweg werke van Brink nie.

Daar is dus wel 'n klein persentasie sluiplesers: 3,8%.

### 6.2.4.3 Hipotese 3

Die besware van die lesers, en dan veral die naïewe lesers, teen die romans van Brink lê veral op die volgende gebiede: politieke seksuele, godsdienstige, en lae morele standaarde. Die uitslag van die vraelys sal aantoon watter een van die besware die belangrikste is.

Vraag 15 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

11,5% van die volle toetspopulasie se besware teen die werke van Brink lê op die gebied van die politieke.

13,5% van die volle toetspopulasie se besware lê op die gebied van die seksuele.

13,5% van die volle toetspopulasie se besware lê op die gebied van die godsdienstige.

17,3% van die volle toetspopulasie se besware lê op die gebied van die lae morele standaarde.

3,8% van die volle toetspopulasie se besware lê op enige ander vlak.

40,4% van die volle toetspopulasie het geen beswaar teen die werke van Brink nie.

Dit blyk dus dat wat die volle toetspopulasie aanbetref, die grootste persentasie nie besware teen Brink se werke het nie. Van die besware wat daar wel is, is 'lae morele standaarde' die belangrikste.

100% van die naïewe lesers (Groep 1) se besware lê op die gebied van die seksuele.

56,6% van die minder naïewe lesers (Groep 2) se besware lê op die gebied van die politieke. Dit is dus hierdie groep se grootste beswaar,

22,2% van Groep 2 het geen besware teen Brink se werke nie.

50% van die minder wetenskaplike groep (Groep 3) het geen besware nie.

15,4% van Groep 3 se besware lê op die gebied van lae morele standaarde. Dit is dus die grootste beswaar van die ander 50% van hierdie groep.

20% van die wetenskaplike leser (Groep 4) se besware lê op die gebied van die politiek.

20% van Groep 4 se besware lê op die gebied van die gods= dienstige.

20% van Groep 4 se besware lê op enige ander vlak.

40% van Groep 4 het geen besware teen Brink se werke nie.

Dit is dus wel so dat daar by veral die naïewe en minder naïewe groep die grootste persentasie besware is. Watter beswaar die grootste gewig dra, verskil van groep tot groep maar wat die toetspopulasie in sy geheel aanbetref, lê dit op die vlak van lae morele standaarde.

6.2.4.4 <u>Hipotese 4</u>

Brink se romans is literatuur, sowel as lektuur. Veral die naïewe leser mag dit beskou as lektuur; terwyl die minder naïewe leser en die leser wat literêr onderlê is, dit beslis in die kategorie 'literatuur' sal plaas.

Vraag 16 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

100% van Groep 1 staan neutraal t.o.v. die vraag.
72,2% van Groep 2 sê Brink se prosa is literatuur,
5,6% sê Brink se prosa is lektuur.
22,2% staan neutraal t.o.v. die vraag.
92,3% van Groep 3 sê Brink se prosa is literatuur,
3,8% van Groep 3 sê sy prosa is lektuur.
3,8% van Groep 3 staan neutraal.
100% van Groep 4 sê Brink se prosa is literatuur.

Dit mag wees dat die naïewe leser nie op hoogte is met die terme literatuur/lektuur nie; vandaar die 100% neutrale stand teen= oor die vraag. Interessant is die feit dat 'n klein persentasie van die minder wetenskaplike groep (Groep 3) wel Brink se prosa as lektuur beskou. 'n Groter persentasie van minder naïewe lesers (Groep 2) beskou sy werk as lektuur. Dit hipotese word dus geverifieer in soverre dit beweer dat die prosa van Brink literatuur sowel as lektuur is. Dit word ook in sy geheel geverifieer wat al vier groepe lesers se siening van sy prosa aanbetref.

6.2.4.5 Hipotese 5

Literatore wat deeglik onderlê is in die moderne Afrikaanse prosa, mag verskil in hul opinies omtrent Brink se prosawerke veral waar dit gaan om subjektiewe sake soos lewens- en godsdiens= beskouing.

Vraag 15 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

20,0% van Groep 4 se besware teen die romans van Brink lê op die gebied van die politiek.
Daar is geen beswaar by die groep wat op die vlak van die seksuele lê nie.

20,0% se besware lê op die gebied van die godsdienstige.
Daar is geen beswaar by die groep op die gebied van lae morele standaarde nie.

20,0% se beswaar lê op enige ander vlak,

40,0% het geen beswaar teen die romans van Brink nie.

Daar is dus wel verskil by literatore in hul opinies omtrent Brink se prosa. Verblydend is die feit dat 'n groot persen= tasie objektief staan in hul beoordeling.

6.2.4.6 <u>Hipotese 6</u>

Brink maak sy vrouepersonasies draers van sekere idees.

Vraag 19 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

78,8% dink dat die vroue in Brink se prosawerke staan vir besondere idees.

9,6% dink die vroue staan nie vir besondere idees nie.

11,5% staan neutraal t.o.v. die vraag.

Meer as 'n driekwart van die studiepopulasie dink dus wel dat Brink sy vroue draers maak van besondere idees.

6.2.4.7 <u>Hipotese 7</u>

Die gewone leser (naïewe) leser kan nie met Brink se vroue= personasies identifiseer nie as gevolg van 'n gebrek aan kennis van die biografiese outeur se filosofie oor sake soos 'religie en seks' en sy besondere siening van die vrou. Iemand met die nodige agtergrondkennis mag dié personasies dalk meer aanvaar= baar vind binne die konteks van die werk en in die lig van die eksterne konteks van waaruit die outeur sy werke aanbied. Die naïewe leser gaan die personasie sien vir wat sy werklik is (hoer) en gaan hom nie maklik vereenselwig met so 'n vrou nie.

Vrae 22, 23 en 25 is gerig op hierdie hipotese.

100% van Groep 1 vind die godsdienssiening wat die vroue het, onaanvaarbaar.

94,4% van Groep 2 vind die godsdienssiening wat die vroue het onaanvaarbaar.

5,6% van Groep 2 staan neutraal t.o.v. die vraag.

19,2% van Groep 3 vind die godsdienssiening wat die vroue het, aanvaarbaar.

76,9% van Groep 3 vind die godsdienssiening wat die vroue het, onaanvaarbaar.

3,8% van Groep 3 staan neutraal t.o.v. die vraag.

100% van Groep 4 vind die godsdienssiening wat die vroue het, onaanvaarbaar.

100% van Groep 1 kan hul nie vereenselwig met die vroue in Brink se werke nie.

16,7% van Groep 2 kan hul wel vereenselwig met die vroue in Brink se werke.

83,3% van Groep 2 kan hul nie vereenselwig met die vroue in Brink se werke nie.

30,8% van Groep 3 kan hul vereenselwig met die vroue in Brink se werke.

61,5% van Groep 3 kan hul nie vereenselwig met die vroue in Brink se werke nie.

7,7% van Groep 3 staan neutraal t.o.v. die vraag.

20,0% van Groep 4 kan hul vereenselwig met die vroue in Brink se werke.

80,0% van Groep 4 kan hul nie vereenselwig met die vroue in Brink se werke nie.

100% van Groep 1 keur die ongeoorloofde liefdesverhoudings in die werke af.

77,7% van Groep 2 keur die verhoudings goed.

5,6% van Groep 2 keur die verhoudings af.

16,7% van Groep 2 staan neutraal t.o.v. die vraag.

26,9% van Groep 3 keur die verhoudings goed.

19,2% van Groep 3 staan neutraal t.o.v. die vraag.

53,8% van Groep 3 keur die verhoudings af.

20,0% van Groep 4 keur die verhoudings goed.

60,0% van Groep 4 staan neutraal.

20,0% van Groep 4 keur die verhoudings af.

Sover dit die naïewe en minder naïewe leser (Groep 1 en 2) aanbetref, word die hipotese volgens die verwagting van die ondersoeker geverifieer. Wat die minder wetenskaplike en weten=skaplike groepe (Groepe 3 en 4) saam aanbetref, reageer hulle

soos verwag, alhoewel Groep 3 meer ekstreem gereageer het soos wat die ondersoeker verwag het Groep 4 sal reageer. In sy geheel gesien, word hierdie hipotese dus deur die data onder=steun.

6.2.4.8 <u>Hipotese 8</u>

Die naïewe leser mag Brink se werk as pornografie beskou terwyl dit deur die minder naïewe leser en die wetenskaplike leser glad nie in daardie lig beskou mag word nie.

Vraag 17 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

100% van Groep 1 beskou Brink se werk as pornografie.
66,7% van Groep 2 beskou Brink se werk as pornografie.
7,6% van Groep 3 beskou Brink se werk as pornografie.
20% van Groep 4 beskou Brink se werk as pornografie.

Die hipotese word dus gedeeltelik geverifieer, veral wat die voorspelling van die naïewe leser aanbetref. Die reaksie van Groep 4 is nie heeltemal soos voorspel nie, hoewel die grootste persentasie (80%) nogtans Brink se werke nie as pornografie beskou nie.

6.2.4.9 <u>Hipotese 9</u>

Brink se besondere hantering van die vrouepersonasies kan by die oningeligte (naïewe) leser die indruk skep dat hy maar 'n besondere lae dunk van die vrou en die huwelik het en dit lei tot opstand onder die oningeligte leserskorps.

Vraag 29 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

100% van die naïewe lesers (Groep 1) dink dat Brink 'n beson=dere lae dunk van die vrou het.

Die hipotese word dus 100% geverifieer.

6.2.4.10 Hipotese 10

Brink se prosa is meer toeganklik vir die gewone leser as werke van ander moderne prosaïste, soos Leroux.

Vraag 31 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

50% van Groep 1 het gevind dat hul Brink se werk makliker kan lees.

50% van die groep het neutraal gestaan teenoor die vraag.

66,7% van Groep 2 het gevind dat hul Brink se werk makliker kan lees.

33,3% het neutraal gestaan teenoor die vraag.

Die hipotese word dus geverifieer.

6.2.4.11 Hipotese 11

Die ongeoorloofde verhoudings en veral die swart-witverhoudings in sy betrokke prosa lok 'n spesifieke reaksie (meesal negatief) uit by veral sy naïewe leserskorps. Dit is veral die Afrikaans=sprekende Blanke wat sodanige verhoudings nie sal goedkeur nie.

Vrae 25 en 30(b) is gerig op hierdie hipotese.

76,9% van die volle toetspopulasie wat almal Afrikaanssprekend is, het gereken dat die Blanke-Afrikaanssprekende nie die vroue in Brink se prosa met hul besondere lewens=beskouing, geloof en 'ongeoorloofde' verhoudings sal goedkeur nie.

23,1% het neutraal gestaan teenoor die vraag.

100% van Groep 1 keur die liefdesverhoudings totaal af.

72,2% van Groep 2 keur die liefdesverhoudings af.

11,1% van Groep 2 staan neutraal teenoor die vraag.

16,8% van Groep 2 vind die verhoudings aanvaarbaar.

Die hipotese word dus geverifieer. Vir die interessantheid word die reaksie van die wetenskaplike leser op vraag 25 gegee:

20,0% vind die verhoudings heeltemal aanvaarbaar.

60,0% staan neutraal teenoor die vraag.

20,0% keur die verhoudings totaal af.

6.2.4.12 Hipotese 12

Brink is die mees omstrede moderne Afrikaanse, prosaïs.

Vraag 18 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

46,2% van die volle toetspopulasie reken Brink is die mees omstrede moderne Afrikaanse skrywer.

46,2% van die volle toetspopulasie reken Brink is nié die mees omstrede moderne Afrikaanse skrywer nie.

7,7% staan neutraal ten opsigte van die vraag.

Oor hierdie hipotese kan dus volgens die verwerkte data geen uitsluitsel gegee word nie.

6.2.4.13 Hipotese 13

Elisabeth en Hester in 'n Oomblik in die wind en Houd-den-Bek onderskeidelik, is vanweë hul 'ronder' vergestalting meer ekspressief as Jessica, Bea en Melanie in Kennis van die aand, Gerugte van reën en 'n Droë wit seisoen.

Vrae 26, 27, en 28 is gerig op hierdie hipotese.

21,2% van die volle toetspopulasie vind Elisabeth en Hester meer ekspressief as Jessica, Bea en Melanie.

50,0% van die volle toetspopulasie vind hul net so (nie) ekspressief.

28,8% het neutraal gestaan teenoor die vraag.

Op hierdie stadium is die hipotese nog nie geverifieer nie.

20,0% van Groep 4 vind vir Elisabeth en Hester meer ekspressief.

80,0% vind hul net so (nie) ekspressief.

Hierdie hipotese word dus nie geverifieer nie. In die teksana= lise (hoofstukke 3,4, en 5) word die hipotese egter wetenskaplik verantwoord.

6.2.4.14 Hipotese 14

Die leser mag die vrouepersonasies moontlik nie baie ekspressief vind nie.

Vraag 23 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

26,9% van die totale studiepopulasie kan hul wel vereenselwig met die personasies.

69,2% kan hul nie vereenselwig nie.

3,8% staan neutraal t.o.v. die vraag.

100% van Groep 1 kan hul nie vereenselwig met die personasies nie.

Die hipotese word dus geverifieer.

6.2.4.15 Hipotese 15

Die leser met Christelike norme mag hom moontlik nie vereensel= wig met die godsdiensbeskouing van die vrouepersonasies nie. Dit sluit ook die Christen wetenskaplike leser in.

Vraag 22 van die vraelys is gerig op hierdie hipotese.

9,6 van die totale studiepopulasie vind die godsdienssiening wat die personasies het, aanvaarbaar.

84,6% vind die godsdienssiening van die vroue nie aanvaarbaar nie.

5,8% staan neutraal t.o.v. die vraag.

Die grootste gros van die studiepopulasie vind dus nie die godsdienssiening van die personasies aanvaarbaar nie.

60,0% van Groep 4 (die wetenskaplike leser) vind die godsdiens= siening van die vroue nie aanvaarbaar nie.

Die hipotese word geverifieer.

6.2.5 Gevolgtrekkings en aanbevelings by die vraelys

Met uitsondering van een hipotese (13) is al die hipoteses deur

die ondersoeker daargestel, dus volkome of in 'n groot mate geverifieer. Die hoofhipotese (6.2.1) is ook geverifieer.

Die ondersoeker wil dít egter nie stel as die belangrikste gevolgtrekking van die ondersoek nie. Wat wel belangrik is, is die bevinding dat 'n mens die wetenskap Resepsie-estetika eers op sy voete plaas wanneer daar naas die teorie ook die praktiese ondersoek geplaas word. Die teoretikus moet hom daadwerklik tot die leser waaroor hy teoretiseer, wend. Eers dan het die Resepsie-estetika waarde.

Wat die vraelys aanbetref, lê daar nog 'n hele ondersoekveld braak. Daar kan byvoorbeeld probeer word om 'n landswye opname van die leserskorps en hul respons te maak. Verder kan ander bevolkings- en taalgroepe in die ondersoek betrek word. Dié ondersoek kon net Blanke-Afrikaanssprekendes betrek. Dan kan daar ook aandag gegee word aan reaksies van verskillende ouderdomsgroepe en geslag, byvoorbeeld. By die resultaatver=werking het die ondersoeker uitsluitlik met persentasies ge=werk. By 'n meer uitgebreide ondersoek kan korrelasies ook nagegaan word.

Hierdie ondersoek is revolusionêr in die opsig dat dit 'n voorspellingsmodel geskep het waardeur navorsers in die toekoms deur bloot vier vrae te stel, onmiddelik sy studiepopulasie kan onderskei in vier groepe (kyk tabel 2).

## 7. Sin van afronding van teksanalise met resepsie-ondersoek

Hierdie studie het bevind dat 'n resepsie-estetiese ondersoek 'n sinvolle afronding by 'n teksanalise is. Dit verifieer sekere hipoteses wat in die loop van die teksanalise deur die navorser gemaak word, op wetenskaplike wyse. Sonder hierdie ondersoek sou sodanige hipoteses bloot in die lug bly hang het.

Die navorser sou in die eerste plek nie kon bewys dat dit wel so is dat die gewone (naïewe) leser die moderne kuns en spesifiek Brink se kuns anders mag verstaan en beoordeel as die weten= skaplike leser nie.

'n Probleemarea wat opgespoor is, is die feit dat wetenskaplike lesers wat deeglik onderlê is in die moderne Afrikaanse prosa, verskil in hul opinies omtrent Brink se werke veral waar dit gaan om subjektiewe sake soos lewens- en godsdiensbeskouing. Hier kom die objektiwiteitsideaal[43] in gedrang met die resepsie= estetika wat juis baie van sy bevindings bou rondom subjektiwi= teit by die leser. Nog 'n interessante bevinding in hierdie opsig is die feit dat 20% van die wetenskaplike groep wel Brink se romans as pornografie beskou terwyl dieselfde groep dit 100% eens is dat Brink se werke literatuur is.

Dat die gewone leser Brink se romans meer toeganklik as ander moderne Afrikaanse skrywers se werke vind, is nog 'n saak wat aan die lig gekom het sowel as die feit dat Brink in hierdie studiepopulasie die mod Afrikaanse prosaïs is met die grootste leserskring. Opmerklik is dit dat daar geen uitsluitsel gegee kon word oor die vraag of Brink die mees omstrede Afrikaanse skrywer is nie.

Waar die vraelys gehandel het oor die gebiede waarop besware teen Brink se werke lê, blyk dit uit die bevinding dat die grootste persentasie van die volle studiepopulasie nié besware teen Brink

---

43) Die objektiwiteitsideaal is volgens die navorser, die volgende: Die ideale kunskritikus sal die werk objektief as kunsvoorwerp beoordeel en in die proses trag om, hoe moeilik ook al, sy eie voorkeure en vooroordele op die agtergrond te skuif.

se werke het nie. Van die besware wat daar wel was, is 'lae morele standaarde' die grootste.

Wat die vrouepersonasies aanbetref, sien meer as driekwart van die volle studiepopulasie in dat Brink sy vroue draers maak van besondere idees. Die naïewe leser kan glad nie met Brink se vrouepersonasies identifisieer nie en reken dat die outeur 'n besondere lae dunk van die vrou en die huwelik het. Die naïewe lesers keer ook die ongeoorloofde verhoudings af. Die grootste persentasie van die wetenskaplike en meer weten=skaplike groepe kan wel met hul identifiseer. Dit word toegeskryf aan die feit dat laasgenoemde twee groepe op hoogte is met die eksterne konteks van waaruit die skrywer sy werke aanbied. 'n Verdere oorsaak mag wees dat die naïewe leser die vroue as werklike mense ervaar en nie as romanpersonasies nie.

Die feit dat die vraelys nie ontwikkeling by Elisabeth in Oomblik en Hester in Houd-den-bek uitwys nie, word toegeskryf daaraan dat die lesers nie beskik het oor ondersoekerstoerusting[44] nie.

Ten slotte handhaaf die studie dié standpunt dat 'n resepsie-ondersoek nuttig aangewend kan word by 'n teksanalise om sommige van die bewerings wat die navorser in die analise maak, weten=skaplik te staaf.

---

44) Onder ondersoekerstoerusting word verstaan: doelgerigte lees, wetenskaplike lees en lees met 'n instrument deur die navorser daargestel (Kyk hoofstuk 1: 2.4.5 en 2.5.4.4).

BYLAE 1

Clichés by beskrywing van uiterlike, milieu en karaktereienskappe

1. UITERLIKE

| Teks | Personasie | Eienskap | Teksverwysings |
|---|---|---|---|
| Lobola | Marie | 1. Hare "lank en lig"<br>"deurmekaar"<br>2. Liggaamsbou "lank en slank"<br>3. Kleredrag "groot los trui" | pp. 68,77<br>p. 48<br>p. 72<br>p. 85 |
| Nooit | Gunhilde | 1. Hare "Donkerblond"<br>"Langerig tot op die skouers"<br>2. Liggaamsbou "lang mooi bene"<br>4. Oë "groot oë"<br>5. Borste "Klein borsies"<br>6. Ken "koppige ken"<br>7. Geslag "goue liefdes=heuweltjie" | p. 12<br>p. 12<br>p. 13<br>p. 23<br>p. 13<br>p. 13<br>p. 13 |
| Kennis | Jessica | 1. Hare "donkerblond, nie baie lank nie, net tot by die skouers"<br>2. Liggaamsbou "kleinerig en skraal"<br>3. Kleredrag "baie gehawende ou jeans"<br>"groot los trui"<br>"frokkiehempie"<br>4. Oë "baie groot, baie donker=bruin en sereen"<br>5. Borste "wit borsies"<br>"klein borsies"<br>6. Ken "koppige ken"<br>7. Geslag "liefdesbultjie donkergoud" | p. 281<br>p. 281<br>pp. 281,292<br>p. 313<br>p. 281<br>p. 281<br>p. 292<br>p. 270<br>p. 24<br>p. 292 |
| | Annamaria | 1. Hare "kort, swart en deur=mekaar"<br>2. Liggaamsbou "Lang donker meisie"<br>3. Kleredrag "verbleikte blou denimbaadjie en mansjeans"<br>8. Hande "nerveuse vingers met kort gebyte naels" | p. 189<br>p. 189<br>p. 189<br>p. 189 |

| Teks | Personasie | Eienskap | Teksverwysings |
|---|---|---|---|
| Kennis | Beverley | 2. Liggaamsbou "klein en blond"<br>3. Kleredrag "jeans en 'n los trui" | p. 162<br>p. 170 |
| Gerugte | Bea | 1. Hare "kort, swart en deur=mekaar"<br>3. Kleredrag "denimrok"<br>4. Oë "smeulende groot oë"<br>6. Ken "sterk ken"<br>8. Hande "kort gebyte naels"<br>"lang nerveuse ving=ers" | p. 12<br>p. 280<br>p. 12<br>p. 12<br>p. 12<br>p. 26 |
| | Elise | 1. Hare "donkerblond"<br>2. Liggaamsbou "lank"<br>9. Houding "koppige houding van die kop" | pp. 58,62<br>pp. 58,62<br>p. 58 |
| Seisoen | Melanie | 1. Hare "donker met lang hare"<br>2. Liggaamsbou "klein, skraal"<br>"petite"<br>3. Kleredrag "T-hempie"<br>4. Oë "groot en swart"<br>5. Borste "effense borste" | p. 92<br>p. 157<br>p. 92<br>p. 157<br>p. 92<br>p. 227 |
| Oomblik | Elisabeth | 1. Hare "lang donker hare"<br>2. Liggaamsbou "lang lyf, lang bene"<br>4. Oë "groot"<br>5. Borste "klein borste"<br>6. Ken "koppige ken" | p. 12<br>pp. 86,85<br>pp. 56,57<br>p. 85<br>p. 58 |
| Houd-den-Bek | Hester | 1. Hare "swart hare deur=mekaar"<br>"lang donker hare"<br>2. Liggaamsbou "skraal lyf"<br>4. Oë "groot swart oë"<br>6. Ken "koppige ken"<br>8. Hande "lang vingers en kort gebyte naels" | p. 121<br>p. 67<br>p. 120<br>pp. 83,121<br>p. 171<br>p. 121 |
| | | | |

## 2. MILIEU

| Teks | Personasie | Eienskap | Teksverwysings |
|---|---|---|---|
| Lobola | Marie | Beskrywing van deurmekaar, deurleefde, gesellige tuismilieu met register van voorwerpe "wanordelik, met los klere oor 'n stoelleuning, een skoen voor die oop klerekas, een half onder die bed, 'n paar oop tydskrifte, ongewaste skottelgoed op 'n tafeltjie in die hoek; en onverwags, 'n vuur in die kaggel..." | p. 85 |
| Ambassadeur | Nicolette | "onmoontlike wanorde," "smal ongemak=like enkelbedjie (klapperhaarmatras, uitgeslaap en vol bulte)" onopgemaak, 'n gespande tou met lasplekke "behang met twee paar kouse, 'n onderrok, 'n bra, 'n paar broekies en 'n manshemp" | pp. 84,85 |
| Gerugte | Bea | "Gesellige deurmekaar plek, ingeleef en inskiklik" met 'n kombuisie "klein en ongerieflik" en 'n "badkamer suur=derig en met 'n toiletklap wat altyd lek" | p. 272 |
| Seisoen | Melanie | Wanordelike chaos spreek uit die studeerkamer met onder meer "'n paar ou, uitgetrapte persiese matte op die vloer, 'n paar leunstoele met slapende katte, 'n ark van 'n lesse=naar met afslaankante" wat saam met "twee kleiner tafeltjies en alle ander beskikbare ruimtes, selfs die vloer," bestapel staan met "papiere en boeke... oor die vloer lê los drade van 'n platespeler en sy logge luidsprekers. Die kamer dra 'n swaar, ou reuk van pyptabak en katte en muwwigheid" | p. 101 |

## 3. KARAKTEREIENSKAPPE

| Teks | Personasie | Eienskap | Teksverwysing |
|---|---|---|---|
| Lobola | Marie | 1. Gewoontes "kaalvoet"<br>2. Siening van die liefde "Liefde... Ek dink dat dit die enigste werk=like belangrike ding in enige mens se lewe is..."<br>3. Maagdelikheid "sy ligtekopmadon=natjie" | p. 85<br><br>p. 121<br>p. 97 |

| Teks | Personasie | Eienskap | Teksverwysings |
|---|---|---|---|
| Nooit | Gunhilde | 3. 'Maagdelikheid' "Toe die aarde so jonk was soos sy nou; en so maagdelik"<br>4. Onaanraakbaarheid "Daar was heeltyd 'n soort onaanraak=baarheid omtrent haar"<br>5. Sereniteit "'n sekere sereni=teit" | p. 67<br>p. 47<br>p. 13 |
| | Daniele | 3. 'Maagdelikheid' "weerloosheid, 'n soort onskuld" | p. 78 |
| Kennis | Jessica | 1. Gewoontes "pens en pootjies"<br>2. Siening van die liefde "En tog - as ek werklik kon kies,.. om net regtig iemand lief te hê, om liefgehê te word"<br>6. Oombliksmens "Ek wens dit kon altyd nou bly" "Nou is nou"<br>7. Blootstelling "deur my bloot te stel aan die wêreld...iets van myself te kan leer ken"<br>10. Geloof "Nee. (sy glo nie). Ek wil graag. Maar partykeer dink ek geloof is soos onskuld, iets wat mens verloor"<br>13. Deurmekaar mens "die deur=mekaarste mens wat ek nog ooit gesien het" | p. 357<br>p. 287<br>p. 292<br>p. 284<br>p. 290<br>p. 365 |
| Gerugte | Bea | 2. Siening van die liefde "Party=keer beny ek ander mense. Meisies... wat trou om hulself te verdoof, om te aanvaar dat hulle dáár ander mense lewe"<br>4. Onaanraakbaarheid "'n aanslag op daardie selfstandigheid in haar"<br>7. Blootstelling "Mens kan die lewe nie ontken nie, jy kan jou vir hom nie toemaak nie"<br>8. Taalgebruik "Ag God"<br>9. Ongeërgheid betreffende eie liggaam "Naderhand het sy terug=gekom, haar wit moeselienbloes nog oopgeknoop. Ek het geweet sy sou dit nie die moeite werd ag om dit toe te knoop nie"<br>10. Geloof "Toe ... het ek besef dis net 'n verdowingsmiddel" | p. 269<br>p. 270<br>p. 267<br>p. 308<br>p. 273<br>p.286 |

| Teks | Personasie | Eienskap | Teksverwysings |
| --- | --- | --- | --- |
| Seisoen | Melanie | 1. Gewoontes "skoene uitgeskop" en "bene onder haar ingevou" | p. 102 |
| | | 3. 'Maagdelikheid' "ongeskonde, jonk, jeugdigheid, weerloos, oopheid, varsheid" | pp. 101,92 |
| | | 4. Onaanraakbaarheid "As een mens skielik so teen die rand van 'n ander beland - dink jy nie dis die gevaarlikste van alles wat met enigiemand kan gebeur nie?" | p. 95 |
| | | "Het dit werklik met my gebeur, of net met my liggaam? Mens hoef nie jou hele self op die spel te plaas nie" | p. 159 |
| | | 7. Blootstelling "Ek het gedink dit sou help om my bloot te stel. Om nie weer vas te val in tevred=enheid nie. Om my te dwing om te bly sien wat daar gebeur" | p. 106 |
| | | 11. Onbehae met gekussingde lewe "Jy kan so heerlik gekussing lewe dat jy naderhand heeltemal ophou lewe" | p.104 |
| | | 12. Soeke na die self "En nou skie=lik skok dit jou, asof jy na 'n wildvreemdeling kyk... Jy kyk na jou liggaam. Jy raak aan jouself, maar jy kan niks van jouself verstaan nie" | p. 104 |
| Oomblik | Elisabeth | 2. Siening van die liefde "Miskien sou dit makliker gewees het om besit te kon word" | p. 49 |
| | | 4. Onaanraakbaarheid "Sy kyk hom in die oë gedwing deur haar eie ou koppigheid" | p. 59 |
| | | "Hoe verskriklik om teen die rand van 'n ander mens te leef?" | p. 69 |
| | | 5. Sereniteit "Haar oë glimlag moeg maar sereen na hom" | p. 137 |
| | | 7. Blootstelling "Eerder as om jou soos 'n baken teen die pyn op te rig, moet jy jou beskikbaar stel daarvoor," | p. 164 |
| | | 8. Taalgebruik "O God, o God" | p. 11 |
| | | "Vannag, God..." | p. 17 |
| | | "ag God" | p. 34 |
| | | "Ag, Here" | p. 61 |
| | | 9. Ongeërgdheid betreffende eie liggaam "Deur die karos wat oop=hang na die vuurkant, sien hy die wit van haar winterbleek lyf..." | p. 120 |

| Teks | Personasie | Eienskap | Teksverwysing |
| --- | --- | --- | --- |
| Oomblik | Elisabeth | 10. Geloof "Dit sou makliker gewees het as mens kon glo, sou dit nie? aan God of aan die duiwel" | p. 139 |
| | | 11. Onbehae met gekussingde lewe "O, ek bly baie goed hier! ... Mens kan sterf van al die goeiigheid" | p. 28 |
| | | 12. Soeke na die self "Is dit ek? Wat maak ek hier, ek? Wie is die ek wat so lyk?" | pp. 36,37 |
| Houd-den-Bek | Elisabeth | 3. Maagdelikheid "Daar was iets maagdeliks in haar" | p. 58 |
| | | 4. Onaanraakbaarheid "Maar so 'n koppige mens was daar nog nooit" | p. 83 |
| | | 8. Taalgebruik "O Here, vandag gaan ek dood" | p. 79 |
| | | 12. Soeke na die self "Hier is ek: maar wie is ek? | p. 200 |

BYLAE 2

Die vraelys

VRAELYS OOR ANDRé P. BRINK SE ROMANS:

Kennis van die aand
'n Droë wit seisoen
Gerugte van reën
'n Oomblik in die wi
Houd-den-bek

Doel van die vraelys. Dit dien as onderdeel van navorsing vir die volgende MA-verhandeling: LITERêRE VERGESTALTING EN RESEPSIE VAN DIE VROUEPERSONASIES IN DIE BETROKKE ROMANS VAN ANDRé P. BRIN

Invul van die vraelys

1. Dit is 'n anonieme vraelys.
2. Beantwoord asb. alle vrae.
3. Daar sal drie tipes vrae gestel word. Omsirkel by elke vraag dié syfer wat u antwoord die beste verteenwoordig. Let wel: omsirkel by elke vraag net een syfer.
4. Voorbeelde van tipes vrae.

4.1 Wat is die temperatuur vandag?

Warm 1 2 3 4 5 6 7 Koud (As u dink dis warmer as normaal, omkring '3')

4.2 Wat is die temparatuur vandag?

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Warm................ | 1 |
| (b) | Taamlik warm........ | 2 |
| (c) | Redelik warm........ | (3) |
| (d) | Gemiddeld........... | 4 |
| (e) | Redelik koud........ | 5 |
| (f) | Taamlik koud........ | 6 |
| (g) | Koud................ | 7 |

4.3 Dink u dit is warm vandag?

| | |
|---|---|
| Ja | (1) |
| Nee | 2 |

Baie dankie vir u samewerking

1. Wat is u geslag? .............................. Man 1 (1)
Vrou 2

2. Tot watter taalgroep behoort u? ............ Afrikaans 1 (2)
Engels 2

3. Tot watter bevolkinsgroep behoort u? ........... Blank 1 (3)
Bruin 2

4. Hoe oud was u met u laaste verjaardag?

(a) 20 jaar of jonger ............................ 1
(b) van 21 tot 30 jaar .......................... 2
(c) van 31 tot 40 jaar .......................... 3
(d) van 41 tot 50 jaar .......................... 4 (4)
(e) van 51 tot 60 jaar .......................... 5
(f) Ouer as 60 jaar ............................. 6

5. Wat is u hoogste vlak van opleiding? (merk slegs een hokkie)

(a) Hoërskool ................................... 1
(b) Kollege-/universiteitsopleing sonder diploma/ graad ........................................ 2
(c) Kollege-/universiteitsopleiding met diploma/ graad ........................................ 3
(d) B-graad ..................................... 4
(e) Universiteitsopleiding met B-graad en diploma .... 5 (5)
(f) Honns.-graad ................................ 6
(g) Univeriteitsopleiding met Honns.-graad en diploma ...................................... 7
(h) M-graad ..................................... 8
(i) D-graad ..................................... 9

6. Indien u by vraag 5 'n sirkel het om enige van die syfers 2-9, was letterkunde een van die rigtings waarin u gespesialiseer het gedurende u opleiding?

Ja 1
Nee 2 (6)
N.v.t. 3

7. In welke mate beskou u uself as onderlê in die moderne Afrikaanse prosa? (7)

Goed 1 2 3 4 5 6 7 Swak

8. Wat is u opinie omtrent Brink as romanskrywer? (8)

Uitstekend 1 2 3 4 5 6 7 Minderwaardig

9. Dui aan watter een van die volgende werke u die beste ken?

(a) Kennis van die aand ......................... 1
(b) 'n Droë wit seisoen ......................... 2
(c) Gerugte van reën ............................ 3
(d) 'n Oomblik in die wind ...................... 4
(e) Houd-den-bek ................................ 5
(f) Ek is heeltemal vertroud met meer as een van die werke ................................... 6 (9)
(g) Ek is heeltemal vertroud met al die werke ....... 7

10. Dink u dat daar 'n besondere siening uitkom in die romans (verhale) onder bespreking, betreffende sake soos politiek, seks, godsdiens en morele standaarde?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | |
| Nee | 2 | (10 |
| Weet nie | 3 | |

11. Hoe gereeld lees u moderne Afrikaanse prosa (verhale)?

So dikwels moontlik 1 2 3 4 5 6 7 Nooit (11

12. Indien u 'n moderne prosawerk (verhaal) lees, gee u voorkeur aan

(a) 'n Roman (verhaal) van Brink.................. 1
(b) 'n roman (verhaal) van 'n ander moderne skrywer soos bv. Etienne Leroux, Karel Schoeman, Chris Barnard, e.a. .......................... 2 (12
(c) Ek lees nie moderne prosawerke(verhale) nie... 3

13. Stem u saam met die verbod wat daar reeds op party van Brink se werke was en voel u dat so 'n verbod nié opgehef behoort te word nie?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | |
| Nee | 2 | (13 |
| Weet nie | 3 | |

14. Wanneer u 'n werk van Brink lees, lees u dit

(a) volledig omdat u graag sy werke lees.......... 1
(b) gedeeltelik omdat u soek na omstrede dele oor die seksuele of godsdiens, b.v. .............. 2 (14
(c) n.a.v. 'n sensasiewekkende koerantberig....... 3
(d) of lees u nie normaalweg werke van Brink nie?. 4

15. Indien u 'n ernstige beswaar het teen die betrokke romans (verhale) van Brink, lê dit op die vlak van die

(a) politieke.................................... 1 (15
(b) seksuele..................................... 2
(c) godsdienstige................................ 3
(d) lae morele standaarde........................ 4
(e) enige ander vlak............................. 5
(f) of het u geen beswaar teen sy romans(verhale) nie?......................................... 6

16. Beskou u Brink se werke as

(a) Literatuur................................... 1
(b) Lektuur...................................... 2 (16
(c) Weet nie..................................... 3

17. Beskou u Brink se werke as pornografie?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | |
| Nee | 2 | (17 |
| Weet nie | 3 | |

18. Beskou u Brink as die mees omstrede moderne Afrikaanse skrywer?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | (18) |
| Nee | 2 | |
| Weet nie | 3 | |

19. Dink u dat die vroue in Brink se verhale staan vir besondere idees?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | |
| Nee | 2 | (19) |
| Weet nie | 3 | |

20. Wat is u siening omtrent die morele waardes wat Brink se vroue in sy verhale aanhang?

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Binne die konteks van die werk en gesien in die lig van die eksterne konteks van waaruit die skrywer sy werk aanbied, heeltemal aanvaarbaar. | 1 | |
| (b) | Gesien teen die agtergrond van ons moderne same=lewing, heeltemal aanvaarbaar.................. | 2 | (20) |
| (c) | Totaal in stryd met u lewensbeskouing en dus heeltemal onaanvaarbaar........................ | 3 | |

21. Hoe interpreteer u die vroue se Christelike gods=diensbeskouing?

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Hulle besit geen Christelike geloof nie en is totaal op hulself aangewys.................... | 1 | |
| (b) | Hulle is 'lou' Christene en sprekend van 'n moderne tendens................................ | 2 | (21) |
| (c) | Hulle is ware, voorbeeldige Christene......... | 3 | |

22. Vind u hierdie godsdienssiening wat die vroue het, aanvaarbaar?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | |
| Nee | 2 | (22) |
| Weet nie | 3 | |

23. Kan u u vereenselwig met die vroue in Brink se werke?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | |
| Nee | 2 | (23) |
| Weet nie | 3 | |

24. Reken u dat daar werklik vandag sulke vroue is?

Beslis 1 2 3 4 5 6 7 Glad nie (24)

25. In welke mate keur u die 'ongeoorloofde' liefdesverhouding(s) in die werk(e) wat u gelees het, af?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die is Heeltemal aanvaarbaar | 1 2 3 4 5 6 7 | Ek keur dit totaal af | (25) |

26. Het u 'n werk(e) uit die volgende groep X gelees: Kennis van die aand, 'n Droë wit seisoen en Gerugte van reën?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | (26 |
| Nee | 2 | |

27. Het u 'n werk uit die volgende groep Y gelees: 'n Oomblik in die wind en Houd-den-Bek?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | (27 |
| Nee | 2 | |

28. Indien u 'n werk uit groep X sowel as groep Y (hierbo) gelees het, vind u die vroue in groep Y

| | | |
|---|---|---|
| (a) meer aanvaarbaar en identifisieerbaar as dié in groep X.................................. | 1 | |
| (b) net so (on)aanvaarbaar as dié in groep X....... | 2 | (28 |
| (c) of het u nie 'n verhaal uit elk van die twee groepe gelees nie?............................ | 3 | |

29. Hoe dink u, sien Brink die vrou?

| | | |
|---|---|---|
| (a) Die uitbeelding van twee uiterstes hoer-heilige | 1 | |
| (b) Hy het 'n besondere hoë dunk van die vrou...... | 2 | (29 |
| (c) Hy het 'n besondere lae dunk van die vrou...... | 3 | |

30. Dink u dat die volgende groepe die vroue in Brink se verhale met hul besondere lewensbeskouing, geloof en 'ongeoorloofde' verhoudings sal goedkeur?

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) Engelssprekendes | Ja | 1 | |
| | Nee | 2 | (30 |
| | Weet nie | 3 | |
| (b) Blanke Afrikaanssprekendes | Ja | 1 | |
| | Nee | 2 | (31 |
| | Weet nie | 3 | |
| (c) Bruinmense | Ja | 1 | |
| | Nee | 2 | (32 |
| | Weet nie | 3 | |
| (d) Swartmense | Ja | 1 | |
| | Nee | 2 | (33 |
| | Weet nie | 3 | |

31. Vind u dat u Brink se boeke makliker kan lees en verstaan as dié van ander moderne skrywers soos Leroux, byvoorbeeld.

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | |
| Nee | 2 | (34 |
| Weet nie | 3 | |

32. Sou u sê die verhale of verhaal van Brink uit bostaande wat u die beste ken, leen hom goed tot intensiewe studie van die letterkunde

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) in die hoërskool | Ja | 1 | |
| | Nee | 2 | (35 |
| | Weet nie | 3 | |
| (b) op universiteit | Ja | 1 | |
| | Nee | 2 | (36 |
| | Weet nie | 3 | |

BYLAE 3

Resultate van die vraelys oor André P. Brink

1. 13,5% is manlik
   86,5% is vroulik

29,7% is jonger as 20 jaar
70,3% val in die groep 21 tot 30 jaar

2. 97,3% is Afrikaanssprekend
   2,7% is Engelssprekend

3. 100% behoort tot die Blanke bevolkingsgroep

4. 5,4% se hoogste vlak van opleiding is hoërskool
   81,1% het kollege/universiteitsopleiding sonder diploma/graad
   5,4% het kollege/universiteitsopleiding met diploma/graad
   5,4% het 'n B-graad
   2,7% het universiteitsopleiding met B-graad en diploma

5. 91,9% het in letterkunde gespesialiseer tydens opleiding
   2,7% het nie daarin gespesialiseer nie
   5,4% het gereken die vraag is nie op hul van toepassing nie

6. 8,1% het hulself gesien as goed onderlê in die moderne Afrikaanse prosa
   40,5% is net bo gemiddeld onderlê
   29,7% is gemiddeld
   13,5% is onder gemiddeld
   8,1% is taamlik swak onderlê

7. 10,8% sien Brink as 'n uitstekende romanskrywer
   16,2% sien hom as 'n baie goeie romanskrywer
   32,4% sien hom as bo gemiddeld
   21,6% sien hom as gemiddeld
   8,1% sien hom as onder gemiddeld
   5,4% sien hom as swak
   5,4% sien hom as minderwaardig

8. 2,7% ken <u>Kennis van die aand</u> die beste
   2,7% ken <u>'n Droë wit seisoen</u> die beste
   73,0% ken <u>Gerugte van reën</u> die beste
   2,7% ken <u>'n Oomblik in die wind</u> die beste
   5,4% ken <u>Houd-den-bek</u> die beste
   13,5% is heeltemal vertroud met meer as een van die werke

9. 100% reken dat daar 'n besondere siening uitkom in die betrokke romans betreffende sake soos politiek, seks, godsdiens en morele standaarde

10. 5,4% lees so dikwels moontlik moderne Afrikaanse prosa
   5,4% lees heel dikwels
   35,1% lees dikwels
   24,3% lees gereeld

16,2% lees nie gereeld nie

10,8% lees amper nooit moderne Afrikaanse prosa nie

11. 27,0% gee voorkeur aan 'n werk van Brink indien hul moderne Afrikaanse prosa lees

62,2% gee voorkeur aan 'n werk van 'n ander moderde prosaïs

10,8% lees nie moderne prosa nie

12. 48,6% stem saam met die verbod op sommige van Brink se werke en voel dit moes nie opgehef word nie

40,5% stem nie saam met die verbod en opheffing nie

10,8% het geen kommentaar gelewer nie

13. 51,4% lees 'n roman van Brink volledig

5,4% lees dit n.a.v. 'n sensasiewekkende koerantberig

43,2% lees nie normaalweg werke van Brink nie

14. 29,7% se beswaar teen die werke van Brink lê op politieke vla

16,2% lê op seksuele vlak

13,5% lê op godsdienstige vlak

29,7% lê op die vlak van lae morele standaarde

10,8% het geen beswaar teen sy romans nie

15. 83,8% beskou sy werke as literatuur

2,7% beskou dit as lektuur

13,5% het nie kommentaar nie

16. 21,6% beskou Brink se romans as pornografie

73,0% beskou dit nie as pornografie nie

5,4% het nie kommentaar nie

17. 43,2% beskou Brink as die mees omstrede moderne Afrikaanse skrywer

40,5% beskou hom nié as die mees omstrede nie

16,2% het nie kommentaar nie

18. 75,7% dink dat Brink se vrouepersonasies staan vir besondere idees

8,1% dink dat hul nié staan vir besondere idees nie

16,2% het nie kommentaar nie

19. 54,1% beskou die morele waardes wat sy vrouepersonasies aanhang aanvaarbaar gesien binne die konteks van die werk en gesien in die lig van die eksterne konteks van waaruit hy sy werke aanbied

16,2% beskou dit as heeltemal aanvaarbaar gesien teen die agtergrond van ons moderne samelewing

29,7% vind dit heeltemal onaanvaarbaar en in stryd met hul eie lewensbeskouing

20. 27,0% interpreteer die vroue as personasies met geen Christelike geloof nie en totaal op hulself aangewys

73,0% sien die vroue as 'lou' Christene en sprekend van 'n moderne tendens

| | | |
|---|---|---|
| 21. | 16,2% | vind die vroue se besondere godsdienssiening aanvaarbaar |
| | 81,1% | vind dit onaanvaarbaar |
| | 2,7% | het nie kommentaar nie |
| 22. | 24,3% | kan hul vereenselwig met Brink se vrouepersonasies |
| | 73,0% | kan hul nié met die vrouepersonasies vereenselwig nie |
| | 2,7% | het nie kommentaar nie |
| 23. | 89,1% | reken dat daar werklik vandag sulke vroue is soos dié in die romans van Brink |
| | 5,4% | staan neutraal |
| | 5,4% | reken dat daar nié vandag sulke vroue is nie |
| 24. | 13,5% | vind die 'ongeoorloofde liefdesverhoudings' van die vrouepersonasies aanvaarbaar |
| | 10,8% | staan neutraal |
| | 75,6% | keur die verhoudings af |
| 25. | 13,5% | van diegene wat werk(e) uit groep X (Kennis van die aand, 'n Droë wit seisoen en Gerugte van reën) sowel as groep Y ('n Oomblik in die wind en Houd-den-Bek) gelees het, vind die vroue in groep Y meer aanvaarbaar en identifiseer= baar |
| | 13,5% | vind die vroue in groep Y net so (on)aanvaarbaar |
| | 73,0% | het nie 'n verhaal uit beide groepe gelees nie |
| 26. | 73,0% | dink Brink sien die vrou as die uitbeelding van twee uiterstes: hoer-heilige |
| | 10,8% | dink Brink het 'n besondere hoë dunk van die vrou |
| | 16,2% | dink Brink het 'n besondere lae dunk van die vrou |
| 27. | 59,5% | reken dat Engelssprekendes Brink se vroue met hul besonder lewensbeskouing, geloof en 'ongeoorloofde liefdesver= houdings' sal goedkeur |
| | 18,9% | reken dat hul dit nié sal goedkeur nie |
| | 21,6% | het nie kommentaar nie |
| 28. | 91,9% | reken dat Blanke Afrikaanssprekenes Brink se vroue met hul besondere lewensbeskouing, geloof en 'ongeoorloofde liefdesverhouding' nié sal goedkeur nie |
| | 8,1% | het nie kommentaar nie |
| 29. | 40,5% | reken dat die Bruinmense wel Brink se vrouepersonasies met hul besondere lewensbeskouing, geloof en 'ongeoor= loofde liefdesverhoudings' sal goedkeur |
| | 18,9% | reken dat hul dit nié sal goedkeur nie |
| | 40,5% | het nie kommentaar nie |
| 30. | 45,9% | reken dat die Swartmense wél Brink se vrouepersonasies met hul besondere lewensbeskouing, geloof en 'ongeoor= loofde liefdesverhoudings' sal goedkeur |
| | 13,5% | reken dat hul dit nié sal goedkeur nie |
| | 40,5% | het nie kommentaar nie |

31. 45,9% vind dat hul Brink se werke makliker kan lees en verstaan as dié van ander moderne Afrikaanse skrywers soos Leroux, bv.

35,1% vind nié Brink se boeke makliker leesbaar en verstaan=baar nie

18,9% het nie kommentaar nie

32. 8,1% reken die betrokke verhaal van Brink wat hy die beste ken, leen hom goed tot intensiewe studie van die letterkunde op skool

89,2% reken die werk lewer hom nié tot intensiewe studie op skool nie

2,7% het nie kommentaar nie

33. 83,8% reken die betrokke werk van Brink wat hul die beste ken, leen hom goed tot intensiewe studie van die letterkunde op universiteit

5,4% reken die werk leen hom nie goed tot intensiewe studie op universiteit nie

10,8% het nie kommentaar nie

## BIBLIOGRAFIE


ANON.

_____1983a. Brink skryf vir die VVO. *Beeld*:11, Okt. 24.

_____1983b. Barnard, Brink nog bekender as Bothas. *Die Vaderland* :9, Okt. 14.

_____1983c. Luyt-prys na Cloete. *Potchefstroom Herald*:1,2, Apr. 12.

_____1983d. Luyt-prys toegeken. *Die Vaderland* :5, Apr. 8.

_____1983e. Eybers, Brink wen CNA-prys. *Beeld* :5, Mrt. 18.

_____1982a. SA toegankliker gemaak. *Beeld*:9, Jun. 15.

_____1982b. Brink het deernis. *Die Burger* :16, Mei 7.

_____1982c. Rondom Kennis van die aand. *Die Republikein* :6, Apr. 19.

_____1982d. Sekstonele is 'onnodig'. *Beeld*:4, Febr. 9.

_____1982e. Easing the storm. *Frontline* :8, Jan. 3.

_____1981a. Hoeveel besieling gaan van prediking uit? *Die Hervormer*:6, Jun. 30.

_____1981b. Brink: writing an action you put yourself at risk. *Daily Dispatch* :3, Jan. 10.

_____1978a. Brink loop prys mis. *Beeld* :2, Nov. 17.

_____1978b. Miles ook in weegskaal. *Rapport* :2, Nov. 5.

_____1978c. Dr. Koot pak skrywers, Akademie. *Beeld* :2, Sept. 5.

_____1978d. Gerugte van Brink slaag nie ten volle. *Die Vaderland*:8, Sept. 13.

_____1956. Dante, die beroemdste digter van Italië. (*In* Die Afrikaanse Kinderensiklopedie 3:931-932.)

BAL, MIEKE, *red.* 1979. Mensen van papier. Brugge:Van Gorcum.

BOTHA, AMANDA. 1983. Op die literêre werf. *Die Vaderland*:14, Mrt. 31.

BOTHA, ELIZE. 1980. Prosa. (*In* Cloete, T.T., *red.* Die Afrikaanse literatuur sedert sestig. Goodwood:Nasou. p.319-559).

BOOTZEN, R.R. 1980. Abnormal psychology. New York:Random House.

BRINK, A.P.

__________ 1983. Mapmakers. Writing in a stage of siege. London:Faber and Faber.

__________ 1982. Afrikaans en oorlewing. (Lesing gelewer by die Afrikaanse Skrywersgildeberaad.) *Die Vaderland*:37, Okt. 28.

__________ 1978. Oujongnooi op paraffienkis. *Rapport*:20, Aug. 27.

__________ 1976. Die Kuns is aanstootlik. *Standpunte*,29(4):17-28, Aug.

__________ 1973. Op soek na Afrika. *Standpunte*,28(8):1-9,Des.

__________ 1970. The social function of the writer. *Concept*,(2):11

__________ 1968. Tussen sestig en sewentig. *Kol*,1(1):2-5, Aug.

__________ 1967. Aspekte van die nuwe prosa. Pretoria:Academica.

__________ 1966. Voorwoord. (*In* Cervantes Saavedra, Miguel de Don Quijote de la Mancha. Vertaal deur André, P. Brink.) Kaapstad:Human & Rousseau.

__________ 1965. Die kunstenaar as rebel. *Sestiger*, 2(3):4-6, Mei.

__________ 1964a. Oor religie en seks. *Standpunte*, 18(2):33140, Des.

__________ 1964b. To a protesting lady. *Standpunte*, 20(1):61-62, Des.

__________ 1962. Gedagtes oor 'eksperimentele' romankuns. *Tydskrif vir letterkunde*, 12(3):44-56, Sept.

BRUWER, JOHAN. 1979. Brink takel in Seisoen polisie af. *Rapport*:7, Sept. 30.

BRUWER, P.J.S. 1981. Bydraes tot modelontwikkeling ten einde gerekenariseerde stelsels se werkverrigting te evalueer. Potchefstroom (Ongepubliseerde D.Sc.-proefskrif - PU vir CHO.)

CAUTE, DAVID. 1981. Jean-Paul Sartre: Preface to What is literature? (translated by Bernard Frechtman.) 3rd ed. Bristol: J.W. Arrowsmith.

CLOETE, T.T. 1979. Kern van Brink se Droë Seisoen goed. *Rapport*:15, Des. 2.

COETZEE, L. 1978. Gerugte van reën maak 'n impak op leser. *Die Transvaler*:7, Sept. 10.

DE BEUS, MARIJKE. 1979. Karakterisering: een model voor de beschrijving van romanpersonasies. (*In* Bal, Mieke, *red.* Mensen van papier. Brugge:Van Gorcum.

DEGENAAR, J.J.
______________ 1966. Die wêreld van Albert Camus. Johannesburg:Afrikaanse Pers- Boekhandel.

______________ 1962. Eksistensie en gestalte. Johannesburg: Simondium-uitgewers.

DIXON, W.J. & BROWN, M.B. 1981. BMD P-81, Biomedical Computer Programs P-Series. Berkeley, Los Angeles:University of Calif. Press.

GOUWS, L.A., LOUW, D.A., MEYER, W.F. & PLUG, C. 1979. Psigologie-woordeboek, Johannesburg:McGraw-Hill.

JANSEN, HERMAN. 1982. Brink se vrae oor kennis. *Rapport*:15, Apr. 18.

JAUSS, HANS ROBERT. 1978. Literatuurgeschiedenis als een provocatie voor de literatuurwetenschap (1967) 'fragment'. (*In* Marijke Buursink, Karel Hupperetz, Edmund Licher, Koos de Roo & Walter Schönau, *reds*. De wetenschap van het lezen. Amsterdam:Van Gorcum, Assen. p.1-28.)

JOHL, RONEL.
______________ 1979. Herkenbaarheid van die werklikheid opsigtelik gemanipuleer. *Die Volksblad*:6, Sept. 19.

______________ 1978. Brink moet ophou om lesers te onderskat. *Die Volksblad*:5, Nov. 1.

KANNEMEYER, J.C. 1982. Dié slawe boei - al klink hulle soms na filosowe. *Rapport*:16, Apr. 18.

KAUFMANN, WALTER. 1971. Existentialism. (*In* Colliers Encyclo=pedia, 9:500-501.)

LEROUX, ETIENNE.
______________ 1980. Daardie brief was ook aan my gerig. (*In* Kannemeyer, J.C., *red*. Tussengebied. Johannesburg: Perskor. p. 59-60.)

______________ 1968. Daardie brief was ook aan my gerig. *Kol*, 1(2):2-6, Sept. - Okt.

LETOIT, ANDRÉ. 1983. Ek, Onsself, Die Hele Spul (die eerste literêre essay deur 'n proefbuisbaba ooit). *Tydskrif vir letter=kunde*, 21(1):91-96, Febr.

LEWIS, VALERIE. 1966. André Brink on sex. *Standpunte*, 20(1): 59-60, Okt.

LICHER, E. 1981. Lezers en hun gedicht (*In* Segers, R.T., *red*. Lezen en laten lezen. Den Haag:Martinus Nijhoff. p.179-204.)

LINDENBERG, ANITA.
______________ 1982. André P. Brink. (*In* Nienaber, P.J. *red*. Perspektief en profiel. Johannesburg:Perskor. p.675-698.)

______________ 1979. Droë wit seisoen begin van 'n bloeityd. *Die Vaderland*:33, Okt. 25.

LINDENBERG, ERNST. 1978. A.P. Brink tot veel meer in staat. *Beeld*:8, Sept. 18.

MALAN, CHARLES.

____________ 1983. Goeie gewilde prosa: 'n terrein= beskrywing. *Tydskrif vir letterkunde*, 21(3):14-25, Aug.

____________ 1978. Misterié van die alchemis. Pretoria: Academica.

MANDELSTAM, EMILY. 1982. Brink:despair. *Daily Dispatch*: 3, Jul. 31.

MARQUARD, JEAN. 1980. Indrukwekkende Brink-roman. *Beeld*: 8, Jul. 28.

MEIJSING, M. 1981. Verder lezen of niet? Een ondersoek naar de werking van eerste hoofdstukken. (*In* Segers, R.T., *red.* Lezen en laten lezen. Den Haag: Martinus Nijhoff. p. 134-153.)

MILLER, G.A. 1956. The Magical Number Seven, plus or minus two: ome limits on our capability for Processing Information. *The Psychological Review*, 63(2):81-97, March.

MüLLER, H.C.T.

____________ 1982. Houd-den-bek stel verwagtings teleur. *Die Transvaler*:7, Mei 24.

____________ 1979. Verfynde bullebakkery óók by Brink. *Beeld*:8, Sept. 11.

ODENDAAL, FRIKKIE. 1982. Brink bitter en bly oor Kennis. *Die Vaderland*:4, Apr. 16.

OLIVIER, GERRIT. 1975. 'n Eerste verkenning van enkele aspekte van André P. Brink se kritiese werksaamhede. *Tydskrif vir letterkunde*, 13(4):66-82, Nov.

ROGERS, ROBERT. 1982. Amazing reader in the labyrinth of literature. *Poetics today*, 3(2):31-46.

ROMEIN-VERSCHOOR, ANNIE. 1975. Over taal en seks, seksisme en emancipatie. *De Gids* 138(1/2):3-29.

ROODT, P.H. & BRINK, ANDRé P. 1977. Meningswisseling. *Standpunte*, 30(4):72-77, Aug.

SARTRE, JEAN-Paul. 1948. Existentialism and humanism. London: Methuen.

SEGERS, R.T. 1980. Het Lezen van literatuur. Baarn: Ambo.

SEGERS, R.T. 1978. Reseptie-esthethika: grondslagen, teorie en toepassing. Amsterdam:Huisaandriegrachten.

SEYFFERT, M.C.A. 1970. Die vrouekarakters in die 'eksperi= mentele'verhalende prosa van André, P. Brink. Potchefstroom. (Verhandeling - PU vir CHO.)

SLABBER, COENIE.
________________ 1983. Twis oor *Standpunte* baas. *Rapport*:2, Okt. 9.

________________ 1982. André Brink op kortlys vir Nobelprys. *Rapport*:5, Okt. 24.

SMITH, BARTHO. 1968. André Brink tussen sestig en sewentig. *Kol*, 1(1):5-8, Aug.

SMUTS, J.P.
___________ 1979. Skrywerskap by kruispad. *Die Volksblad*:11, Okt. 3.

___________ 1975. Karakterisering in die Afrikaanse prosa. Kaapstad:HAUM.

STEENBERG. D.H.
_______________ 1984. Romanteks en Bybelteks in'Houd-den-bek'. (*In*:Viljoen, H, *red*. In teen die groot vergeet. Potchefstroom, PU vir CHO-Wetenskaplike bydraes:124-133.)

_______________ 1983a. Die Khoikhoin-mite in'Houd-den-bek'. (Ongepubliseerde artikel)

_______________ 1983b. Die manipulerende rol van die implisiete outeur met verwysing na'Houd-den-bek'. SAVAL Kongresreferate III:55-78.

_______________ 1981. Literatuur en kulturele konteks. *Literator* 2(2):12-24, Jun.

_______________ 1977. 'Die wilde loot'se wortels lê ver, lê ver. *Klasgids* 12(1):5-17, Mei.

_______________ 1975. Sestigerproblematiek. Potchefstroom: PU vir CHO.

SWART, A.S. 1982. Waar gaan dit eindig? *Die Transvaler* :8, Apr. 23.

TOTSIENS, JANNIE, *pseud*. 1981. Afrikaner is skynheilig. *Hoofstad*:6, Febr. 3.

VAN DEN BERG, H. 1981. De verteller als strateeg: persuasieve processen in het korte verhaal. (*In* Segers, R.T., *red*. Lezen en laten lesen. Den Haag:Martinus Nijhoff. p.154-172.)

VAN DER ELST, J. 1975. Karakters en karakterisering in enkele Nederlandse romans. (Ongepubliseerde D. Phil-proefskrif- Universiteit van Natal.)

VAN WYK, PIERRE.

_______________ 1983. Wessel se prosa stuur Perskor in 'n storm. *Rapport*:24, Okt. 9.

_______________ 1982. André P. Brink boet vir sy plesier. *Rapport*:15, Aug. 15.

VILJOEN, G. VAN N., 1974. 'Kennis van die aand'. Het ons so 'n boek nodig? *Die taalgenoot* 42(7):9-11, Jun.

WEIDEMAN, GEORGE. 1982. Het 'Kennis van die aand' in 1982 nog iets te sê? *Rapport* : 42, Sept. 2.

LITERêRE TEKSTE

BRINK, ANDRé P.

_______________ 1982. Houd-den-bek. Emmarentia:Taurus.

_______________ 1982. Kennis van die aand. 2de uitg. Kaapstad: Human & Rousseau.

_______________ 1982. 'n Droë wit seisoen. 5de uitg. Emmarentia: Taurus.

_______________ 1980. 'n Oomblik in die wind. 4de uitg. Johannesburg: AD.Donker/Uitgewer

_______________ 1979. Lobola vir die lewe. 6de uitg. Kaapstad: Human & Rousseau.

_______________ 1978. Gerugte van reën. Kaapstad:Human& Rousseau.

_______________ 1972. Miskien nooit. 2de uitg. Kaapstad:Human& Rousseau.

_______________ 1964. Die ambassadeur. Kaapstand:Human& Rousseau.